

'n Onderzoek na die ontwikkeling van *Die Matie*
studentekoerant se regulering en selfregulering sedert 1995.

Jacolette Kloppers

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
van Magister in Joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch.




Studieleier

Prof. Lizette Rabe, Departement Joernalistiek, Stellenbosch

Maart 2009

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening: 

Datum: 20 Februarie 2009

Bedankings

Met liefde en dankbaarheid word hierdie tesis opgedra aan Jearelle Wolhuter, Frank Olivier, Michael Hatton, Waldimar Pelser, Danie Smit, Carina du Toit, Adriaan Basson en Johan van Tiddens.

Die Matie se geskiedenis is ten dele ook óns geskiedenis. Dit sou nie geboekstaaf kon word sonder julle inspirasie, vriendskap en veral die gedeelde nostalgie van ons onderskeie termyne op die hoofredaksie nie.

Baie dankie ook aan die volgende dierbare vriende en familielede vir eindelose geduld en ondersteuning: Louis Botha, Nicolaas du Plessis, Laetitia Sullivan, Amanda Wood, Jaco en Christelle Human, Corné van Niekerk, Marcel Augustyn, Alta Wagener, my ouers (Fransie en Johan Kloppers) en studieleier (prof. Lizette Rabe).

Mag die fakkel van vryheid en geregtigheid vir ewig brand.

Inhoudsopgawe

Opsomming	iv
Abstract	v
Afkortings / Verklarings	vi
1. Inleiding	1
1.1 Agtergrond: Regulering en selfregulering in Suid-Afrika	1
1.2 Regulering en selfregulering: Die media en apartheid	3
1.3 Regulering en selfregulering: 1994	4
1.4 Probleemstelling: Regulering en selfregulering by <i>Die Matie</i>	7
1.4.1 Beskrywing van <i>Die Matie</i> in grondwette en reglemente	9
1.4.2 Gevolgtrekking.....	12
1.5 Sentrale begrippe	13
1.5.1 Studentekoerante	13
1.5.1.1 Die doel van studentekoerante	14
1.5.1.2 Omskrywing: <i>Die Matie</i> studentekoerant.....	15
1.5.2 Regulering	15
1.5.3 Selfregulering.....	17
1.6 <i>Die Matie</i> en regulering en selfregulering.....	18
1.7 Opsomming	19
2. Teorie	20
2.1 Inleiding	20
2.2. Navorsings- en subvrae	20
2.2.1 Doelwitte	21
2.3 Teoretiese uitgangspunte.....	21
2.3.1 Algemeen.....	21
2.3.2 Teorie in hierdie studie	22
2.3.3 Kritiek teen die teorie van sosiale verantwoordelikheid	26
2.4 Opsomming	27
3. Metode	28
3.1 Metodes in hierdie studie	29
3.1.1 Historiese navorsing	29
3.1.2 Mikrogeskiedenis	30
3.2 Benadering	31
3.3 Bronne.....	32
3.3.1 Primêre bronne	33
3.3.2 Sekondêre bronne	34
3.3.3 Onderhoude.....	35

3.4 Opsomming	36
4. Literatuurstudie	37
4.1. Inleiding	37
4.2. <i>Die Matie</i> as onderwerp van navorsing	41
4.2.1. <i>Die Matie</i> in nie-akademiese verwysings.....	42
4.2.2. <i>Die Matie</i> in akademiese verwysings.....	44
4.3. Opsomming	45
5. Oorsig: <i>Die Matie</i> se doel, ontstaan en geskiedenis.....	46
5.1. Sensuur op kampus	52
5.2. Opsomming	55
6. Ontstaan en toepassing van <i>Die Matie</i> se gedragskode	56
6.1 Inleiding	56
6.2 <i>Die Matie</i> se etiese kodes	56
6.3 Aanloop tot die skryf van die gedragskode	57
6.4 Inhoud van die gedragskode	62
6.5 Persvryheid volgens die Butler-verslag	64
6.6 Opsomming	65
7. Die werking van die mediaraad	66
7.1 Samestelling van die mediaraad	66
7.2 Klagteprosedure, verhoor en sanksies	67
7.3 Eerste sitting; wysiging van prosedure	68
7.4. Opsomming	70
8. Ontwikkelinge en verwickelinge sedert 2001	71
8.1. Nuwe bepalings in die studenteunie-grondwet.....	71
8.2. Die ontstaan en werking van die Finansiële Oorsigkomitee.....	73
8.2.1 Inleiding	73
8.2.2 Finansiële probleme en onafhanklikheid	73
8.2.3 Moontlike herposisionering van <i>Die Matie</i>	77
8.2.4 Stigting van die Finansiële Oorsigkomitee.....	79
8.3. Nuwe verwikkeling – skuif van die subsidie	82
8.4. Opsomming	83
9. Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings	84
9.1 Uitkomste van navorsingsvrae	84
9.2 Gevolgtrekkings.....	85
9.3 Aanbevelings.....	87
9.4 Slot-opmerkings	89
10. Verwysings.....	91

Addendum A99
Addendum B101
Addendum C103

Opsomming

Die ontwikkeling van die regulering en selfregulering van *Die Matie*, die Universiteit van Stellenbosch (US) se amptelike studentekoerant, is in hierdie studie ondersoek. Die volledige gedragskode waaraan *Die Matie* sedert 1995 onderworpe is en wat deur die US-raad goedgekeur is, het ontstaan ná verskeie botsings met universiteitsowerhede in 'n tyd wat Suid-Afrika na 'n nuwe politieke bestel oorgegaan en die regering meer verdraagsaam teenoor die pers begin raak het. Die ontstaan en ontwikkeling van *Die Matie* se gedragskode, die werkinge van die Mediaraad, die ontstaan en ontwikkeling van *Die Matie* se Finansiële Oorsigkomitee, en verwickelinge in terme van die subsidie wat *Die Matie* jaarliks vanaf die US ontvang, is dus bestudeer binne die konteks van die regulering en selfregulering van die Suid-Afrikaanse koerantwese in die algemeen.

Die studie is binne die teoretiese raamwerk van die normatiewe mediateorie gedoen omdat dié teorie op die ideale rol fokus wat die media in 'n samelewing behoort te vertolk. Die normatiewe mediateorie bied ook 'n basis vanaf waar die media se verantwoordelikheid en die media se gehalte gemeet en beheer kan word. Daar is veral op die teorie van sosiale verantwoordelikheid gefokus wat een van die vier oorspronklike persteorieë is en waarvan regulering en selfregulering 'n deel vorm.

Die metodologie wat gevolg is, was dié van historiese navorsing, 'n kwalitatiewe metode. Die metode is verder verfyn deur die benadering van mikrogeskiedenis te gebruik wat eerstens intensiewe historiese ontleding van 'n klein gebied behels en tweedens die navorser se persoonlike ervaring van die onderwerp erken.

Die studie het eerstens tot die gevolgtrekking gekom dat *Die Matie* selfregulering toepas deur middel van die gedragskode, die Mediaraad en die Finansiële Oorsigkomitee. Tweedens het die redaksie die vryheid om as 't ware te publiseer wat hulle nodig ag en om so krities en omstrede te wees as wat hulle meen nodig is, solank as wat hulle hou by die riglyne wat onder meer deur die gedragskode neergelê is. Daar is bevind dat *Die Matie* se posisie tans beskerm is en dat die universiteitsowerhede en die Studenteraad nie lukrake besluite oor die voortbestaan van die koerant kan neem nie.

Abstract

The development of the regulation and self-regulation of *Die Matie*, official student newspaper of the University of Stellenbosch (US), were researched in this study. *Die Matie* is subjected to a complete code of conduct since 1995, which has been approved by the US council. This code developed after several conflicts with university authorities in a period in which South Africa changed into a new political system and when government became more tolerant towards the press. The origin and development of *Die Matie's* code of conduct, the operations of the Media Council, the origin and development of the *Die Matie's* Financial Advisory Committee, and developments in terms of the subsidy *Die Matie* receives from the US on an annual basis, are therefore studied with in the context of the regulation and self-regulation of the South African press in general.

The theoretical framework with in which this study was done is the normative media theory because this theory focuses on the ideal role the media should fulfil in society. The normative media theory also offers a basis from which the media's responsibility and the quality of the media can be tested and controlled. The study has focused especially on the theory of social responsibility, which is one of the four original press theories and of which regulation and self-regulation forms a part.

The methodology which has been used is that of historical research, a qualitative methode. This methode was refined even further more by using the approach of microhistory which, firstly, entails the analysing of a small area, and secondly acknowledges the researcher's personal experience of the subject.

The study came to the conclusion that *Die Matie* firstly enforces self-regulation via its code of conduct, the Media Council and the Financial Advisory Committee. Secondly the editorial team has the freedom to publish whatever they would like to publish and to be as critical and controversial as they find necessary as long as they obey the regulations of the code of conduct. The study also finds that *Die Matie's* position is currently protected and that the university authorities and the Student Representative Council can not take any random decisions about the existence of the newspaper.

Afkortings / Verklarings

ANS	Afrikaanse Nasionale Studentebond
HK	Huiskomitee
HK-lid	Lid van die Huiskomitee
Matie	Algemene benaming vir 'n student van die Universiteit van Stellenbosch
Monstervergadering	Algemene massavergadering wat deur alle lede van die studenteunie bygewoon mag word, maar waarby slegs stemgeregtigdes mag stem (Eerstejaarstudente was in sommige omstandighede nie toegelaat om te stem nie)
Prim	Primarius of primaria van 'n koshuis/privaatwyk
Primkomitee	Komitee bestaande uit primariusse en primarii van koshuise/privaatwyke
SR	Studenteraad
SR-lid	Studenteraadslid
SR-voorsitter	Studenteraadsvoorsitter
Studenteunie	Alle ingeskrewe studente aan die universiteit vorm die studenteunie
US	Universiteit van Stellenbosch
US-raad	Raad van die Universiteit van Stellenbosch

1. Inleiding

Die regulering en selfregulering van *Die Matie*, die Universiteit van Stellenbosch (US) se amptelike studentekoerant wat vir die eerste keer op 1 Augustus 1941 verskyn het, word in hierdie studie ondersoek. Die amptelike gedragskode waaraan *Die Matie* sedert 1995 onderworpe is en wat deur die US-raad goedgekeur is, het ontstaan ná verskeie botsings met universiteitsowerhede in 'n tyd wat Suid-Afrika na 'n nuwe politieke bestel oorgegaan en die regering meer verdraagsaam teenoor die pers begin raak het. *Die Matie*, soos enige ander media (Steenveld, 2004:110), word nie in isolasie bedryf nie en daarom kan *Die Matie* ook nie in isolasie bestudeer word nie. Om die rationale vir hierdie studie te verstaan, is dit dus nodig om die regulering en selfregulering van die Suid-Afrikaanse koerantwese in die algemeen binne 'n bepaalde politieke konteks te bestudeer.

1.1 Agtergrond: Regulering en selfregulering in Suid-Afrika

Die Suid-Afrikaanse media is sedert 1994 vry van amptelike regulering sover dit wetgewing aangaan wat die media beperk¹, aangesien die Handves van Menseregte persvryheid en vryheid van spraak waarborg (SA Grondwet, 1996). Onder die vorige bedeling, voor die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika, was die media onderworpe aan “wette wat persvryheid [ge]kniehalter [het]” en “wat die regering gepromulgeer het om die pers in toom te hou” (Perswette onder loep, 1994:6).

Een ontwikkeling wat sedert 1994 in die mediabedryf plaasgevind het, in samehang met demokratisering, is die skuif van wetlike beperkings na 'n proses van selfregulering (Wasserman & De Beer, 2005:37). Volgens Wasserman en De Beer is die talle etiese perskodes wat sedert 1994 tot stand gekom het, 'n gevolg van die demokratisering van Suid-Afrika (2005:40).

'n Voorbeeld van só 'n etiese kode is dié van die Suid-Afrikaanse Persombudsman waarin etiese beginsels, eerder as die wet, as riglyn gebruik word om 'n oordeel te vel oor redaksionele besluite (Wasserman & De Beer, 2005:41).

Suid-Afrika het vir die eerste keer in 1997, met die oorgang na 'n nuwe, demokratiese politieke bestel, 'n amptelike persombudsman gekry wat deur die koerantbedryf gefinansier word en wat 'n “uitgebreide mediagedragskode toepas” (Publiek, 1997:7). Die persombudsman is aangestel omdat, luidens 'n verklaring deur die ombudsman se kantoor, soos aangehaal in *Die Burger* (Publiek, 1997:7),

¹ Daar is nog sekere wetgewing uit die apartheid-era op die Suid-Afrikaanse wetboek, soos Seksie 205 van die Strafproseswet, maar vir die doeleindes van hierdie studie is dit nie ter sake nie.

“vorige beheerliggame oor die media (soos die Suid-Afrikaanse Persraad, die Suid-Afrikaanse Mediaraad en die Persraad van Suid-Afrika) dikwels in omstredenheid gehul was [aangesien] sommige [dit beskou het as] regeringswaghonde oor die media, terwyl ander dit as vegters vir die behoud van persvryheid onder ’n verdrukkende regime beskou het”.

Die Burger het in ’n hoofartikel (Die Persraad, 1993:10) geskryf “koerante was nog altyd teen statutêre beheer gekant; hulle verkies ’n vrywillige, onafhanklike dissiplinêre benadering”.

Die aanstelling van die persombudsman het gevloei uit die nuwe Persraad wat in 1993 tot stand gekom en die ou Suid-Afrikaanse Mediaraad vervang het (Linington, 1993:10). Die koerantbedryf het self die Persraad gestig, aangesien “gerugte oor ’n statutêre mediakommissie [soos afgedwing deur die regering] die ronde gedoen het” en die media gevrees het “demokratiese beheer van die media eintlik maar totalitêre beheer beteken” (Die Persraad, 1993:10).

Die nuwe Persraad van Suid-Afrika was, volgens Linington (1994:8), “’n vrywillige selfregulerende liggaam, gesamentlik gestig deur die eienaars en redakteurs van die gedrukte media” met die lidmaatskap wat “eweredig verdeel [is] tussen pers- en openbare verteenwoordigers”. Met die aanstelling van Ed Linington as Suid-Afrika se eerste ombudsman het die Persraad in November 1996 “eenparig op ’n spesiale vergadering besluit om te ontbind sodat dit deur ’n ombudsman vervang kan word” (Einde van Persraad, 1996:2).

In Augustus 2007 het “Suid-Afrika se drukmedia ’n nuwe bedeling betree” (Claassen, 2007:17) toe Joe Thloloe ná tien jaar vir Linington as ombudsman vervang het. Volgens Claassen het “Thloloe se aanstelling terselfdertyd die inwerkingstelling van ’n nuwe struktuur van aanspreeklikheid in die drukmedia teweeg [gebring]”.

Met die nuwe struktuur word die ombudsman deur ’n Suid-Afrikaanse Persraad bygestaan wat bestaan uit “ses lede wat die media verteenwoordig en vyf lede wat die publiek verteenwoordig” (Claassen, 2007:17). Claassen, toe *Die Burger* se interne ombudsman, noem die nuwe Persraad in ’n rubriek in dié koerant “’n nuwe stelsel van selfregulering” (Claassen, 2007:23).

Linington het in sy laaste jaarverslag (vir die tydperk 1 Januarie 2006 tot 31 Julie 2007) as persombudsman geskryf die selfregulering van die pers is algemeen in demokrasieë regoor die wêreld (Linington, 2007). Volgens hom vloei selfregulering logies vanuit die persvryheid wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet gewaarborg word. Koerante verbind hulself vrywillig daartoe om ’n perskode te eerbiedig en om hulle te hou by besluite wat deur ’n persraad of ombudspersoon geneem word (Linington, 2007).

Wasserman en De Beer (2005:41) voer aan die media se fokus op selfregulering sedert 1994 is eerstens ’n erkenning van sy sosiale verantwoordelikheid, en tweedens dui dit op ’n neiging na

groter professionaliteit. Die vrywillige onderskrywing van byvoorbeeld die persombudsman se etiese kode kan gesien word as proaktiewe optrede teen moontlike nuwe vorms van beheer deur die regering (Wasserman & De Beer, 2005:41). Dit dui op die besef dat die individuele joernalis daarvoor verantwoordelik is om (etiese) standaarde hoog te hou en die rol van die media in die demokrasie jaloers te bewaak ter wille van die professie (Berger, soos aangehaal in Wasserman en De Beer, 2005:41).

1.2 Regulering en selfregulering: Die media en apartheid

Die Suid-Afrikaanse mediaraad het tydens die apartheidjare die Suid-Afrikaanse media gereguleer (Grondwet, 1983). Sensuur is op verskeie maniere toegepas (Louw, 1993:210). Joernaliste is tronk toe gestuur, koerante is toegemaak of gekonfiskeer en beperkings het gegeld op wat gepubliseer mag word. Tydens die noodtoestand, wat van 1985 tot 1990 geduur het (Jackson, 1993:128), het 'n totale nuusverbod gegeld en beriggewing oor aanhoudings, polisieoptrede tydens onluste, boikots, martelings, stakings en wegbly- en protes-aksies was verbied (Louw, 1993:211). Advertensies wat gevra het dat die ANC ontban moet word en foto's van oproerigheid en polisie-optrede is ook verbied (Jackson, 1993:130,136). Koerante was aan bande gelê deur meer as 'n honderd wette en reguleringsmaatreëls wat bepaal het wat wettig gepubliseer mag word en wat nie (Ochs, 1986:13; Diederichs & De Beer, 1998:105).

Die media se reg om 'n publikasie te stig en te bedryf, redaksionele onafhanklikheid en die reg tot toegang was ernstig belemmer (Jackson, 1993:130-136). *Vrye Weekblad*, 'n Afrikaanse, "alternatiewe", progressiewe anti-apartheidskoerant wat tussen 1988 en 1994 uitgegee is, was byvoorbeeld byna nie as 'n nuusblad geregistreer nie (dit wil sê verbied om te publiseer) omdat "voorlopige oordeel daarop [gedui het] dat *Vrye Weekblad* moontlik onder andere as middel gebruik sal word om die sienswyses van onwettige organisasies soos in die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1982, bedoel, uit te druk" (Du Preez, 2005:9). *Vrye Weekblad* is wel op die ou end geregistreer nadat die redakteur, Max du Preez, 'n besoek aan die destydse minister van justisie, Kobie Coetsee, gebring het, maar in plaas van die standaardfooi van R10 000, moes *Vrye Weekblad* R30 000 betaal om wettig te mag verskyn (Du Preez, 2005:10).

"Maar nog was dit het einde niet: Omdat die minister *Vrye Weekblad* se registrasie teruggehou het, is die eerste drie uitgawes daarsonder uitgegee. En daarvoor word [hulle] aangekla, skuldig bevind en 'n boete opgelê" (Du Preez, 2005:10).

"Blackout regulations", soos die reguleringswette genoem was, kan inderdaad vertaal word as "verduisteringsvoorskrifte", soos wat een woordeboek dit aangee (*Pharos Groot Woordeboek*,

1997:791), aangesien die media tydens die apartheidjare belet is om die werklikhede te verkondig.

Boeke soos *Total Onslaught – The South African Press under attack* (Hachten & Giffard, 1984), *Editors under fire* (Tyson, 1993), *Breaking story – The South African Press* (Jackson, 1993), en *Pale Native – Memories of a renegade reporter* (Du Preez, 2003) beskryf in besonderhede die onderdrukking waaronder die media tydens apartheid moes funksioneer. Oudpres. F.W. de Klerk het tydens sy toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990 die noodtoestand-bepelings op die media opgehef (Louw, 1993:211). In die begin jare negentig het sekere wette egter nog gegeld, soos dat koerante nog toegemaak kon word en joernaliste tronk toe kon gaan indien hulle nie hul vertroulike bronne identifiseer nie (Louw, 1993:211).

1.3 Regulering en selfregulering: 1994

In die oorgangsjare tussen die ou en die nuwe bedeling, vanaf 1990 tot 1996, is die media bevry van sekere wetgewing wat vir die media onder apartheid gegeld het (hoewel ander omstrede wetgewing steeds op die Suid-Afrikaanse wetboek gestaan het, byvoorbeeld dat joernaliste voor 'n hof gedaag kon word om hul bronne bekend te maak) (Diederichs & De Beer, 1998:104,105).

Die eerste demokratiese verkiesing is in 1994 gehou, wetgewing wat apartheid afgedwing het, is geskrap en mediaregulering soos tydens die noodtoestand is afgeskaf (Diederichs & De Beer, 1998:85). 'n Nuwe Grondwet vir Suid-Afrika is ook in 1996 aanvaar waarin persvryheid en vryheid van spraak gewaarborg word (SA Grondwet, 1996; Diederichs & De Beer, 1998:104).

Ná 1994 funksioneer die onafhanklike persombudsman in samewerking met sowel die Handves van Menseregte om vryheid te verseker (The media, 2007/2008:119) as die nuwe Suid-Afrikaanse Persraad wat reeds in 1.1 (Agtergrond: Regulering en selfregulering) bespreek is.

Die landskap van mediabeheer en -besit (in terme van watter maatskappye en rassegroepe koerante besit en uitgee) het ook sedert 1994 veranderinge in Suid-Afrika begin toon. Die swart konsortium New Africa Investment Limited het onder meer tot stand gekom en tradisionele, wit mediamaatskappye het aandele in swart koerante, soos die *Sowetan* en *City Press*, aan swart maatskappye verkoop (Diederichs & De Beer, 1998:100,101). In 1995 het Moegsien Williams die eerste swart persoon geword om as redakteur by 'n "wit" koerant (*Pretoria News*) aangestel te word (Barratt, 2006:4).

Ton Vosloo, in dié stadium besturende direkteur van Naspers, word aangehaal waar hy in 1989 gesê het mede-landsburgers, wat voorheen van die sakewêreld uitgesluit was, moet toenemend in Naspers se aktiwiteite betrek word sodat Naspers homself kan herposisioneer in die breër konteks van Suid-Afrika (Diederichs & De Beer, 1998:100-101).

Nóg 'n voorbeeld van transformasie in die mediabedryf was die eenwording van en samewerking tussen organisasies waaraan joernaliste in die ou bedeling behoort het (Barratt, 2006:8).

Joernaliste is tydens apartheid volgens ras en ideologie verdeel (Wasserman & De Beer, 2005:42) in hoofsaaklik twee groepe, naamlik die Black Editors' Forum en die Conference of Editors. Die Suid-Afrikaanse Redakteursforum (Sanef) het egter in Oktober 1996 tydens die Eenheidskonferensie tot stand gekom (Barratt, 2006:2; Nuwe medialiggaam, 1996:2). Vandag kan alle redakteurs en senior joernaliste in Suid-Afrika, ongeag ras, aan een forum behoort wat hom vir mediadiversiteit beywer (Barratt, 2006:1; Nuwe medialiggaam, 1996:2).

Die transformasie in die media sedert die verkiesing in 1994, soos hierbo beskryf, is 'n produk van die kulturele en politieke veranderinge in die land wat deurentyd bygedra het tot die voortdurende sosiale veranderinge in Suid-Afrika (Steenveld, 2004:94). Die media word nie in 'n vakuum bedryf nie, maar maak 'n deel uit van verskeie kragte in die samelewing, soos politiek, ideologie, kultuur en ekonomie wat saam en teen mekaar werk (Steenveld, 2004:110). Steenveld voer aan dat hoewel die media dus ekonomies en ideologies onafhanklik mag wees, die media ook binne 'n demokratiese bestel onderworpe is aan sosiale en politieke kragte wat hulle magte kan beperk (Steenveld, 2004:110).

Ook in ander omgewings, soos universiteitskampusse, dus ook die US-kampus, het kulturele en politieke veranderinge en transformasie vanaf 1990 plaasgevind. Die US se SR het in 1990 'n mosie aanvaar waarin "regeringsinisiatiewe, [soos] die wettiging van die ANC en die SAKP en die vrylating van mnr. Nelson Mandela" gesteun is en waarin die afskaffing van die groepsgebiedewet bepleit is (Oop gebiede, 1990:3).

In 1991 is Erika Venter as die eerste vroulike voorsitter van die SR verkies (Vrou eerste keer, 1991:9). *Die Matie* het op 5 September 1991 in 'n hoofartikel hieroor geskryf die "SR is hierdie jaar so 'n klein bietjie anders as in die verlede", want "daar is nou vir die eerste keer in die geskiedenis 'n vroulike voorsitter asook twee bruin studente" op die SR (Maak seker SR bly getrou, 1991:8).

In 1998 is die SR se eerste bruin voorsitter, Wynoma Michaels, verkies (Pienaar, 1998:9).

In 1993 is 'n bruin student, Samantha Allbright, vir die eerste keer verkies tot voorsitter van die primkomitee (Rassisme-gerugte, 1993:7).

Die totstandkoming van die US se Institusionele Forum in 1999 is ook as 'n "waterskeiding" en "die begin van 'n nuwe era" gesien, aangesien dit die "eerste liggaam aan die universiteit [was] waar studente, die bestuur van die universiteit en die personeel op gelyke voet [kon] gesels" (Wiggett, 1999:2).

Die Matie se situasie het dus saam met dié van ander koerante, en die media in die algemeen, in Suid-Afrika verander.

Dit is algemeen bekend dat die US en die Nasionale Party (NP) tydens die apartheidsjare sterk verbintenisse gehad het. Oudpres. P.W. Botha was byvoorbeeld die kanselier van die US terwyl hy tegelyktydig ook die staatshoof van Suid-Afrika was (Kempen, 1995:52). Botha het die amp van kanselier in 1984 oorgeneem by die destydse eerste minister, mnr. John Vorster, en dit tot en met 1987 beklee (Ries & Dommissie, 1990:67). In die boek *Leierstryd* vermeld Ries en Dommissie 'n voorbeeld van waar Botha by universiteitsake ingemeng het weens politieke verskille (1990:67):

“[B]edenkings [het] in Matie-geledere [toegeneem] of 'n politikus dié akademiese amp moet beklee nadat pres. Botha in 1985 die paspoorte laat intrek het van agt Matie-studente wat 'n besoek aan die ANC in die buiteland wou bring.”

Twee van bogenoemde studente wie se paspoorte teruggetrek is, was 'n “vorige redakteur van *Die Matie*, Anton Steenkamp, en die redakteur in daardie stadium, Eric le Grange” (Kempen, 1995:52).

Met Republiekwording in 1961², sowel as in 1966, toe “honderd jaar van hoër onderwys op Stellenbosch herdenk is”, is die US 'n “volksuniversiteit” genoem wat die “blanke” en die “behoudende Afrikaner” se saak op 'n “volksgebonde” manier moes bevorder (Thom, 1966:553,554). 'n Spesiale uitgawe van *Die Matie* wat op 25 Mei 1961 ter viering van republiekwording verskyn het, het daarop klem gelê dat US-studente en -personeel sentraal gestaan het binne die verwesenliking van die “republikeinse ideaal” aangesien “[t]wee van die grootste figure uit Suid-Afrika se verlede en lewenslange kampvegters vir die verkryging van die republiek”, naamlik die oud-premiers J.G. Strijdom en D.F. Malan, oud-studente van die US is³ en omdat die “geagte kanselier, sy edele dr. T.E. Dönges, nog steeds op die voorpunt van die stryd” was (Republiekfees, 1961:1).

In 1979, tydens Stellenbosch se 300^{ste} bestaansviering, het prof. Mike de Vries, in dié stadium rektor, “dit duidelik gestel dat Stellenbosch 'n blanke Afrikaanse universiteit sal bly” (Woonplek en dans, 1979:1). In 1985, in 'n onderhoud met *Die Matie*, het De Vries gesê Afrikaans sal die US se voertaal bly omdat “dit deel [is] van ons geskiedenis in Suid-Afrika” en ook dat dit die US se verantwoordelikheid is “om die Afrikaanssprekende en die Afrikaner te lei, en om leiding aan hierdie deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te gee” (Stellenbosch moet bou, 1985:10).

Universiteitsgeboue is ook na vooraanstaande apartheidsleiers soos D.F. Malan, H.F. Verwoerd en B.J. Vorster (Kriel, 1990:8) vernoem wat self ook aan die US gestudeer het (Kempen, 1995:50).

² 'n Spesiale uitgawe van *Die Matie* het op 25 Mei 1961 verskyn ter viering van die Unie van Suid-Afrika wat op 31 Mei 1961 die Republiek van Suid-Afrika geword het.

³ Die teks wat aangehaal is, kom uit 'n onderskrif (saam met 'n alleenstaande foto) op bl. 3 van die spesiale uitgawe van *Die Matie*.

Aangesien *Die Matie* in hierdie⁴ tydperk krities teenoor die apartheidsregering gestaan het (Kempen, 1995:51,52), het dit die koerant noodwendig met universiteitsowerhede laat bots (Gerber, 1990:2). Corinne Oosthuizen, *Die Matie* se eerste vroulike redakteur (Rabbets, 1983:15), is in 1984 deur die rektor uit haar pos as redakteur onthef nadat sy haar in 'n hoofartikel in *Die Matie* ernstig uitgespreek het teen die aanstelling van 'n politieke partyleier, mnr. P.W. Botha, as kanselier van die US (Albrecht, 1984:1; 'Free press row', 1984:1). "Wanneer 'n universiteit die leier van 'n politieke party as kanselier het, word die beeld van die universiteit aan die beleid van die betrokke party gekoppel," het sy geskryf (Albrecht, 1984:1).

Enkele dae later, nadat die SR 'n aanbeveling by die rektor gemaak het, is Oosthuizen se skorsing opgehef ná 'n stortvloed openbare kritiek ('*Die Matie* editor', 1984:4; '*Matie* editor reinstated', 1984:21; Albrecht, 1984:5).

In die tagtigerjare het *Die Matie* "liberale standpunte" ingeneem oor personeellede⁵ wat glo lid was van die "geheime" Afrikaner-Broederbond, die "sogenaamde militarisering van kampus", die "probleme waarmee anderskleurige studente op kampus te doene het", en mnr. John Vorster se betrokkenheid by die Inligtingskandaal (Maties verdeeld, 1983:3; Albrecht, 1983:5). Hiéror het *Die Vaderland* as volg berig (Maties verdeeld, 1983:3):

"Die gevoel dat die blad te veel verleentheid vir die universiteitsowerheid skep, loop sterk op die Matie-kampus, want die universiteitsraad is in 'n posisie waar hy hom byvoorbeeld nie van regeringsbeleid kan losmaak nie."

1.4 Probleemstelling: Regulering en selfregulering by *Die Matie*

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking oor regulering en selfregulering binne 'n spesifieke politieke konteks, kan die sentrale probleemstelling in hierdie studie soos volg geformuleer word: Hoe het regulering en selfregulering sedert 1995 by *Die Matie*, studentekoerant van die Universiteit van Stellenbosch, ontwikkel?

Die omskrywing en doelstelling van *Die Matie* is volgens deel 3 van die studenteraad (SR) se mediareglement, soos op 29 Augustus 2002⁶, as volg:

⁴ Kempen haal Frits Gaum, redakteur in 1965, aan waar hy in 'n hoofartikel gesê het dat "*Die Matie* deurentyd 'n Christelike, 'n behoudende en 'n regse standpunt ingeneem het" (Kempen, 1995:51) en dus was *Die Matie* byvoorbeeld in daardie jaar nie krities teenoor die apartheidsregering nie.

⁵ Prof. Andreas van Wyk, rektor vanaf 1991 tot 2001, was "na bewering 'n prominente lid" van die Afrikaner Broederbond (Kenny & Meiring, 1992:4).

⁶ Die 2002-mediareglement is die mees onlangse gedateerde weergawe van die mediareglement wat opgespoor kon word. Die navorser het ook kopieë van die mediareglement wat in inhoud dieselfde is as die 2002-mediareglement, maar waarop geen datum verskyn nie. Dit is dus nie duidelik op watter datum die

“Dit is ’n tweeweklikse studentekoerant, uitgegee onder beskerming van die studenteraad. Die blad is die mondstuk van die studenteunie en publiseer inligting in belang van die lede van die studenteunie” (Mediareglement, 2002:5).

Hierdie ondersoek begin in 1995 aangesien *Die Matie* se omvattendste meganisme van selfregulering, naamlik die Gedragskode vir *Die Matie* (Die volledige gedragskode, 1995), in daardie jaar deur die US-raad aanvaar en geïmplementeer is. Die gedragskode kan beskou word as ’n waterskeiding in terme van hoe en deur wie gesag oor *Die Matie* uitgeoefen kan word en aan watter reëls en regulasies *Die Matie* onderhewig is. Nie net sou dit as etiese kode vir *Die Matie* dien nie, maar dit sou ook die prosedure omskryf vir indien die SR, ’n lid van die studenteunie of die universiteitsbestuur ’n klag teen *Die Matie* sou wou lê (Die volledige gedragskode, 1995).

Die afleiding kan gemaak word dat, indien ’n potensiële situasie kon ontstaan waarin die universiteitsowerhede ’n klagte teen *Die Matie* wou lê, *Die Matie* en die owerhede waarskynlik met mekaar gebots het.

Inderdaad is daar verskeie voorbeelde van sodanige botsings. So vroeg as in Mei 1942, minder as ’n jaar ná die stigting van die koerant, is ’n “belaglike mosie” op ’n monstervergadering⁷ aangeneem “waardeur aanbeveel word dat die senaat *Die Matie* in die ban doen omdat *Die Matie* twis en tweedrag saai as hy sy oortuigings na vore bring” (Stryd tot oorwinning, 1945:1).

Nog ’n voorbeeld van só ’n botsing is ’n voorval in 1957 toe *Die Matie* dit gewaag het om teen die SR kritiek uit te spreek in die artikel “Die haastige hond...” wat op Donderdag 19 April verskyn het. Die redakteur, mnr. J.R. Olivier, is voor die SR gedaag (Bruwer, 1996:7).

In 1983 is ’n mosie van sensuur teen *Die Matie*, asook ’n mosie van wantroue in die senior redaksie, op ’n monstervergadering ingedien deur die SR en primkomitee, maar ’n “oorweldigende meerderheid Maties” het teen die voorstel gestem dat die redakteur, Jacques Joubert, uit sy pos onthef moes word of dat *Die Matie* opgeskort moes word (Maties verdeeld, 1983:3; Albrecht, 1983:5; Lake, 1983:9; Albrecht, 1983:1).

Die Matie het ook in 1985 ’n monstervergadering “beveg” nadat *Die Matie* in ’n mosie daarvan beskuldig is dat “sy beriggewing nie die beeld van die universiteit [dien] nie”, dat *Die Matie* “ten alle koste probeer om die unieke karakter van koshuise en kampus af te breek” en dat *Die Matie* die “universiteit se naam maksimum skade [wou aandoen]” (*Die Matie* beveg, 1985:1). In die mosie is versoek dat *Die Matie* opgeskort word totdat die samestelling van die redaksie aangepas is “sodat

mediareglement oorspronklik geskep is, en watter verskillende weergawes daar dalk in die verlede bestaan het nie.

⁷ ’n Massavergadering.

elke koshuis ten minste een redaksielid [het] wat deur die HK aangestel word” (*Die Matie* beveg, 1985:1).

Die Matie het, in dieselfde uitgawe, in ’n hoofartikel op die voorblad geskryf dat, “sou ’n mosie teen *Die Matie* aanvaar word, dit as ’n teken dat die Stellenbosse studente bang is vir ’n koerant wat dinge oopvlek, geïnterpreteer [sou] kon word” (Monster nie regte optrede, 1985:1). Die uitslag van die monstervergadering was egter met 666 stemme teenoor 399 ten gunste van *Die Matie*, hoewel die voorsteller van die mosie, Tielman Roos, gesê het “’n studentekoerant kan nie op persvryheid roem nie, aangesien hy ’n verantwoordelikheid het teenoor die studenteunie wat hom indirek finansier” (Mosie verwerp, 1985:1).

In 1987 was daar weer ’n konfrontasie tussen *Die Matie* se redaksie en die SR. Uit ’n berig blyk dit dat

“die SR met ses stemme teen vyf besluit [het] dat die publikasiekomitee van die SR berigte oor politieke aangeleenthede in die studentekoerant *Die Matie* op versoek kan afkeur en sensureer voordat dit geplaas word” (Los diskriminasie, 1987:3).

In die konteks van bogenoemde, en ook indien ’n gevolgtrekking uit die aanhef van *Die Matie* se gedragskode gemaak kan word, is dit duidelik dit is moeilik vir *Die Matie* om geheel en al onafhanklik van die universiteitsowerheid te wees⁸ (Die volledige gedragskode, 1995).

Eerstens is *Die Matie* aanvanklik as ’n mondstuk van die SR gesien en toe as ’n publikasie wat onder die beskerming van die SR uitgegee word – sien afdeling 1.4.1 vir die volledige uiteensetting.

Tweedens ontvang *Die Matie* jaarliks ’n subsidie vanaf die universiteit (Grondwet, 2006:7) wat deur die SR “bepaal [word] nadat ’n begroting deur *Die Matie* ingedien is” (Notule, eerste vergadering, 6 Maart 2003). Sedert die 2003/2004-termyn het *Die Matie* jaarliks ’n subsidie van R80 000 van die SR gekry (Ehlers, 2007). Die subsidie “maak ongeveer 40% van *Die Matie* se inkomste uit” (Basson & Van Tiddens, 2001).

1.4.1 Beskrywing van *Die Matie* in grondwette en reglemente

Verskillende beskrywings van *Die Matie* word in verskillende weergawes van die studenteunie-grondwet asook in verskillende weergawes van die SR-reglemente aangetref. Die grootste verskil

⁸ Uittreksel uit die aanhef van *Die Matie* se amptelike gedragskode: “Hierdie gedragskode erken dat die universiteit uiteindelik regtens en finansiële verantwoordelik is vir wat in *Die Matie* verskyn en alhoewel die raad so min moontlik inbreuk wil maak op redaksionele onafhanklikheid, is die raad regtens verplig om die finansiële belange en die goeie naam van die Universiteit van Stellenbosch te beskerm.”

is dat die naam van die artikel in die studenteunie-grondwet waaronder *Die Matie* en sy werksaamhede beskryf word, soms die woorde “Onder beskerming van die SR” bevat en soms nie.

Die Matie is vanaf Oktober 1947⁹ (Kempen, 1995:50) tot in die laat tagtigerjare deur die SR uitgegee en die koerant is toe as ’n mondstuk van die SR gesien (Reglement, 1986:86). Tot en met 1987 het die woorde “Onder beskerming van die Studenteraad” net onder die mashoof verskyn (Kempen, 1995:50). Sedert 6 Augustus 1987¹⁰ verskyn die woorde “Selfstandige mondstuk van Stellenbosse studente” onder die mashoof. Sedert 2 September 1998 verskyn die woorde “Onafhanklike studentekoerant van die Universiteit van Stellenbosch sedert 1941” onder die mashoof.

In ’n hoofartikel in *Die Matie* op 3 September 1971, aan die einde van daardie betrokke termyn, word *Die Matie* se verhouding ten op sigte van die SR as volg verduidelik (Die einde, 1971:6):

“*Die Matie* is ’n onafhanklike studentekoerant in die sin dat dit niemand se opinie behalwe sy eie hoof weer te gee nie. Alhoewel die koerant onder die beskerming van die SR uitgegee word, wil dit nie sê dat SR-beleid sonder meer nagepraat is nie.”

Ongeveer tien jaar later en min of meer in die tyd wat *Die Matie* sy veertigste bestaansjaar gevier het, het die redakteur, Coenraad Pieterse, in ’n onderhoud in *Die Matie* hom soos volg oor die koerant se situasie uitgelaat (Oosthuizen, 1981:10):

“*Die Matie* verskyn onder beskerming van die SR. Eerstens is die koerant verplig om op versoek van die SR publikasies te maak. Nogtans mag *Die Matie* nie ’n laat-maar-vaar houding aanneem indien die SR na die mening van die gemeenskap nie sy rol vervul nie.”

In ’n SR-dokument wat deur 1989/1990 se SR-lid vir media onderteken is, “’n Verslag oor die optrede van die Mediakomitee t.o.v. probleme aangaande *Die Matie*”, word dit gestel dat “*Die Matie* onder beskerming van die SR uitgegee word en daarom as die mondstuk van die Stellenbosse studente bekend staan” (Grobelaar, 1989:3).

⁹ *Die Matie* is sedert sy ontstaan in 1941 tot en met 1947 as mondstuk van die Afrikaanse Nasionale Studentebond uitgegee en die woorde wat toe onder die mashoof verskyn het, was “Orgaan van die ANS-tak” (Kempen, 1995:50).

¹⁰ Ou kopieë van *Die Matie* is nagegaan om te sien watter woorde wanneer onder die mashoof verskyn het en wanneer dit gewisig is.

In die Grondwet van die Studenteunie, soos aangeneem op 30 Augustus 1995, word *Die Matie* nie meer beskryf as 'n publikasie wat onder beskerming van die SR uitgegee word nie, hoewel daar slegs genoem word dat die SR verantwoordelik is vir die publikasie van onder meer *Die Matie* (Grondwet, 1995). In dié weergawe van die studenteunie-grondwet is *Die Matie* beskryf onder Artikel 14: Media.

Die navorser kon ondanks deeglike navorsing geen weergawes opspoor van grondwette of reglemente tussen 1989 en 1995 wat presies kan aandui hoe en wanneer die beskrywing “Onder beskerming van die SR” weggelaat of bygevoeg is en hoekom nie.

Die Matie word ook in die Grondwet van die Studenteunie wat op 26 Augustus 1997 aangeneem is, beskryf onder Artikel 14: Media en subartikel 1 stel dit dat die SR verantwoordelik is vir die publikasie van *Die Matie* (Grondwet, 1997:7).

Weergawes van die grondwet vanaf 1998 tot 2000 kon ook nie opgespoor word nie.

In die Grondwet van die Studenteunie, gedateer Mei 2001, word *Die Matie* weer omskryf in 'n artikel met die opskrif “Studentemedia onder die beskerming van die SR” (Grondwet, Mei 2001:11) In 'n sub-artikel word dit gestel dat die publikasie van *Die Matie* “onder die beskerming van die SR [plaasvind]” (Grondwet, Mei 2001:11). Anders as in die 1995-grondwet, word *Die Matie* se “redaksionele onafhanklikheid” egter in die grondwet van Mei 2001 in 'n subartikel erken.

Die Grondwet van die Studenteunie is in 2001 omvattend hersien en 'n nuwe weergawe het op 1 September 2001 in werking getree (Smit, 2001:7). In dié weergawe van die grondwet word *Die Matie* onder Artikel 13: Studentemedia beskryf. In 'n sub-artikel word dit steeds gestel dat die publikasie van *Die Matie* “onder die beskerming van die SR [plaasvind]”, maar die redaksionele onafhanklikheid word ook erken (Grondwet, September 2001:5).

In die Grondwet van die Studenteunie wat op 1 September 2002 in werking getree het, word *Die Matie* op presies dieselfde manier beskryf as in die Grondwet van September 2001. Dieselfde geld die Grondwette van die Studenteunie wat onderskeidelik op 16 Mei 2005 en 26 Junie 2006 gewysig is.

Dit is dus duidelik dat die woorde “Onder beskerming van die SR” in die benaming van die artikel waarvoor *Die Matie* in die Grondwet van die Studenteunie beskryf word, sedert September 2001 weggeval het. Die grondwet beskryf *Die Matie* egter glad nie as 'n mondstuk van die studenteunie nie, maar in die mediareglement, gedateer 29 Augustus 2002, word *Die Matie* nog duidelik só omskryf. Volgens hierdie navorser se institusionele geheue¹¹ asook 'n mondelinge bevestiging deur Kobus Ehlers, SR-voorsitter in 2007, is die mediareglement nog nie sedert 2002 met die Grondwet van die Studenteunie belyn nie.

¹¹ Die navorser was vir die 2000/2001-termyn redakteur van *Die Matie*.

Die Matie het egter op 5 Augustus 1998 berig dat die SR “[n]á ’n vertraging van byna ’n jaar [...] die nuwe mediareglement goedgekeur” het (Wiggett, 1998:3). Volgens dié berig word die “redaksionele vryheid van *Die Matie* nou ook in sy reglement bevestig” (Wiggett, 1998:3). Oor bepalinge oor *Die Matie* se inhoud in die “nuwe” reglement word as volg berig:

“Die vereiste waarvolgens *Die Matie* ‘verpligte nuusdekking’ aan SR-bedrywighede moet gee en alle materiaal wat deur die SR voorgelê word moet publiseer, is geskrap” (Wiggett, 1998:3).

Dié 1998-reglement kon eweneens nie opgespoor word nie en dus kan geen spesifieke ooreenkomste en verskille bestudeer word nie.

’n Mens kan egter wel die 2002-mediareglement probeer vergelyk met wat berig is oor die 1998-mediareglement. In só ’n vergelyking is dit problematies dat *Die Matie* “uiteindelik heeltemal onafhanklik [is] in terme van die nuwe [1998-] reglement” (Wiggett, 1998:3), maar in die 2002-mediareglement word dit gestel dat die hoofredakteur “volle verantwoordelikheid” oor die redaksionele inhoud het, maar “daarvoor alleen teenoor die SR verantwoordelik” is (Mediareglement, 2002). In dieselfde reglement word dit egter gestel dat *Die Matie* onderhewig is aan sy gedragskode.

Die vraag kan nou gevra word of *Die Matie*, volgens die 2002-mediareglement, gelyktydig aan die SR verantwoordelik en ook aan sy gedragskode onderhewig kan wees.

Indien die nuutste verwikkeling rondom *Die Matie*, naamlik ’n nuwe befondsingsmodel vir dié studentekoerant, wat in afdeling 8.3 van hierdie studie bespreek word (dat *Die Matie* se subsidie sedert Augustus 2007 nie meer via die SR uitbetaal word nie, maar direk deur die Afdeling Studentesake oorbetaal word), is sowel die mediareglement van 2002 as die Grondwet van die Studenteunie soos op 26 Junie 2006 verouderd en weerspreek die twee dokumente mekaar as ’t ware.

1.4.2 Gevolgtrekking

Uit die bostaande is dit dus duidelik dat *Die Matie* aan die een kant afhanklik is van die universiteit vir hulpbronne (die subsidie) en infrastruktuur (*Die Matie* se kantoor word in ’n universiteitsgebou, die Langenhoven Studentesentrum, gehuisves).

Aan die ander kant moet die koerant ’n waghondfunksie vervul en teenoor homself verantwoordbaar bly, soos blyk uit die volgende redaksionele kommentaar in *Die Matie* wat in 2000 geskryf is na aanleiding van die mediaraad se eerste sitting:

“Die grense waarbinne *Die Matie* volgens sy gedragskode moet funksioneer, wentel hoofsaaklik om die plig tot verantwoordelike beriggewing. Hier word twee belangrike waardes dikwels teen mekaar opgeweeg – ons verantwoordelikheid om nie die goeie naam van die universiteit ’n onreg aan te doen nie, en aan die ander kant na die beste van ons vermoë waghond vir [die] kampus te speel. Wat ons in dié proses beklemtoon, is dat ons joernalistieke beginsels onderskryf. Ja, dié vryheid gaan met ’n verantwoordelikheid saam, en daaraan moet elke dag geskaaf word” (Verantwoordelikheid, 2000:6).

Dié situasie waarin *Die Matie* sigself bevind het tussen die trekkrigte van die SR en US-owerheid aan die een kant wat gemeen het hulle het ’n sekere reg tot *Die Matie* se inhoud, en *Die Matie* en sy redaksie se verbintenis tot vryheid van spraak en sy waghondfunksie aan die ander kant, het gevolglik genoodsaak dat selfregulering by *Die Matie* ingestel word om só sy geloofwaardigheid en dus voortbestaan te help verseker (Ellis, 1995:12).

Terselfdertyd het waardes soos vryheid (ook persvryheid), gelykheid en openheid in die Nuwe Suid-Afrika belangrik geword (SA Grondwet, 1996). Hoewel persvryheid in die Suid-Afrikaanse Grondwet verskans word, en dit dus ook betrekking het op studentemedia, bly die onafhanklikheid van Suid-Afrikaanse studentekoerante van hul onderskeie owerhede, steeds problematies (Bouwer, 2004:40).

1.5 Sentrale begrippe

Die sentrale begrippe in die probleemstelling word kortliks bespreek:

1.5.1 Studentekoerante

Dieselfde definisies wat vir professionele koerante geld, geld ook vir studentekoerante aangesien alle koerante volgens De Beer (1982:6) aan sekere kenmerke moet voldoen ten einde op die naam koerant aanspraak te maak. Dié kenmerke is universaliteit, openbaarheid, periodisiteit en aktualiteit (De Beer, 1982:8). Hoewel verskeie veranderlikes in die definisie van koerante voorkom (onder meer geografiese standplaas, die soort papier waarop koerante gedruk word, verskyningsfrekwensie en niskoerante soos sakepublikasies versus koerante vir die algemene publiek), volgens Picard en Brody (1997:7,8), het alle koerante sekere universele eienskappe, naamlik dat die publikasie nuus moet bevat, deur middel van ’n drukpers geproduseer moet word, gereeld moet verskyn en aan die algemene publiek beskikbaar moet wees (Picard & Brody,

1997:8). Koerante is deur Bradley (1965) beskryf as 'n "versameling inligting en vermaak wat op goedkoop papier gedruk is" en daaglik, weeklik, tweeweeklik of maandeliks kan verskyn.

'n Onderskeid kan volgens De Beer (1982:7) ook getref word tussen "gehalte- en populêre koerante", en "opinie- en informatiewe koerante". Hy meen "studentekoerante moet daarna streef om gehaltekoerante te wees en nie blote skinderblaadjies nie" (1982:7) en ook dat studentekoerante daarna behoort te streef om informatiewe koerante te wees wat probeer om "sover moontlik kommentaar en inligting [te] skei" (1982:7).

In die boek *Joernalistiek vandag* (1982:12) stel Ton Vosloo, die huidige voorsitter van Naspers, studentekoerante ook gelyk aan ander koerante:

"Die redakteur van vandag is 'n organisasie-man. Dit geld vir die redakteur op elke vlak: skoolpublikasies, studentepublikasies (al is by hulle minder geld op die spel) of meer gevorderde produkte. Almal is onderworpe aan die kostegreep en die knellings van die samelewing: wette, sensuur, politieke omstandighede, invloed van drukgroepe. Tot die geringste publikasie het 'n skoolhoof of studentedekaan wat oor die inhoud waak."

In dieselfde boek, in 'n hoofstuk wat spesifiek oor studentekoerante handel, beskryf Gerber, De Wet en Coetzee studentekoerante as koerante wat nuus verskaf "wat die betrokke universiteit en sy studente raak" met die "hoofbron van nuus die universiteit self en sy studente" (1982:179).

1.5.1.1 Die doel van studentekoerante

Studentekoerante is in die eerste plek op kampus teenwoordig nie net om 'n leerervaring te bied nie, maar om as 'n openbare platform en uitlaatklep te dien vir studente se menings en perspektiewe (Oettinger, 1995:80; 'The challenges,' 2004:1). Studentekoerante het terselfertyd 'n opvoedingsrol, is 'n manier om die kampusgemeenskap ingelig te hou, en dit vorm deel van die instansie (die universiteit) se openbare beeld ('The challenges,' 2004:1).

In die Poynter Instituut se handleiding, *A free and responsible student press*, word 'n lys funksies van studentekoerante gelys buiten vir die feit dat dit as 'n inligtings- en nuusbron dien (Dardenne, 1996:3,7,8).

Studentekoerante

- bied 'n multi-dissiplinêre opvoedingsgeleentheid aan studente (byvoorbeeld joernalistiekpraktyk, skryfvaardighede, inligtingsinsameling, die bestuur van geld, tyd en spasie, besluitneming, leierskap, verkope, menseverhoudings en etiek);
- dien as katalisator vir vryheid, gelykheid en demokrasie;

- bevorder lees;
- bevorder deelname en betrokkenheid;
- help studente om massamedia te verstaan;
- verskaf 'n platform vir diversiteit;
- interpreteer en deel die kampuskultuur en -waardes; en
- moedig debat- en gespreksvoering aan, sowel as die uitruil van idees.

1.5.1.2 Omskrywing: *Die Matie* studentekoerant

Die omskrywing en doelstelling van *Die Matie* is volgens deel 3 van die SR se mediareglement (2002:5) as volg:

“[*Die Matie*] is 'n tweeweeklikse studentekoerant, uitgegee onder beskerming van die studenteraad. Die blad is die mondstuk van die studenteunie en publiseer inligting in belang van die lewe van die studenteunie.”

Die Matie word as volg op sy amptelike inligtingstuk beskryf:

“*Die Matie* hou studente [...] ingelig en krities oor wat op kampus aangaan. As enigste onafhanklike studentekoerant verskyn *Die Matie* elke twee weke, met afdelings wat nuus, studentelewe, sport, aktuele kwessies, kuns en vermaak, en nuus van ander kampusse dek. Die redaksie, bestaande net uit studente, sien die hele produksieproses self deur – van foto's en berigte tot advertensies, bladuitleg en verspreiding” (Inligtingstuk, 2007).

In *Die Matie* se gedragskode word dit gestel dat “*Die Matie* dieselfde persvryheid [geniet] as die pers in die algemeen” (Die volledige gedragskode, 1995), en dus sou 'n mens hieruit kon aflei dat *Die Matie* as 'n koerant beskou is met die doel en eienskappe van die “pers in die algemeen”.

1.5.2 Regulering

Die media kan deur sekere maatreëls of wette geregleer en beheer word om, soos Franklin dit stel, moontlike skadelike aktiwiteite (beriggewing) te voorkom. Die regulering van die media en tot watter mate dit toegepas word, verskil egter van konteks tot konteks, soos wat byvoorbeeld 'n spesifieke land se wette of die mate waartoe 'n demokrasie ontwikkel is, verskil (Franklin, 2005:231).

Regulering kan struktureel van aard wees (om die verskeidenheid en hoeveelheid media te reguleer en ook deur wie dit besit of uitgegee word) of die inhoud kan gereguleer word om só aan bepaalde etiese standaarde te voldoen (Franklin, 2005:231).

Tydens die vorige regime was daar in Suid-Afrika, naas selfregulering, volgens Van Rooyen (1987:4) nog twee soorte beheer: Eerstens beheer wat deur kriminele wette toegepas is en deur 'n hof afgedwing is en tweedens administratiewe beheer wat deur 'n komitee soos die destydse Publikasieraad afgedwing is en by magte was om publikasies te verban of pre-sensuur toe te pas. Voorbeelde hiervan is onder 1.2 genoem.

Franklin stel dit ook dat die beginsel van persvryheid wat algemeen as 'n demokratiese reg aanvaar word, regerings lugtig daarvoor maak om die regulering van koerante en tydskrifte af te dwing (2005:240).

In Suid-Afrika word die uitsaaimedia deur die Wet op Elektroniese Kommunikasie gereguleer wat op sy beurt weer deur die Onafhanklike Uitsaaioowerheid van Suid-Afrika toegepas word. Volgens die Wet op Elektroniese Kommunikasie van 2005, soos gepubliseer in die *Staatskoerant* van 18 April 2006, is die doel van dié wet as volg (2006:3):

“Om konvergensie in die uitsaai-, uitsaai-seinverspreiding- en telekommunikasiesektore te bevorder en om die regsraamwerk vir konvergensie van hierdie sektore te voorsien; om opnuut voorsiening te maak vir die regulering van elektroniese kommunikasiedienste, elektroniese kommunikasienetwerkdienste en uitsaaidienste; om voorsiening te maak vir die toestaan van nuwe lisensies en nuwe maatskaplike verpligtinge; om voorsiening te maak vir die beheer van die radiofrekwensiespektrum; om voorsiening te maak vir die voortbestaan van die Universele Diensagentskap en die Universele Diensfonds; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.”

Koerant-eienaars word ook deur dié wet gereguleer deurdat “kruismediabeheer” sekere beperkings op hulle plaas volgens artikel 66, naamlik (2006:83):

“Geen persoon wat 'n koerant beheer, mag finansiële beheer van 'n kommersiële uitsaaidienslisensie in sowel die televisie-uitsaaidiens as klankuitsaaidiens verkry of behou nie; en g]een persoon wat in 'n posisie is om 'n koerant te beheer, mag in 'n posisie wees om beheer oor 'n kommersiële uitsaaidienslisensie uit te oefen nie, hetsy in die televisie-uitsaaidiens of klankuitsaaidiens, in 'n gebied waar die koerant 'n gemiddelde ABC-sirkulasiedekking van twintig (20%) persent van die totale koerantleserskap in die gebied

het, indien die lisensiegebied van die kommersiële uitsaaidienslisensie wesenlik oorvleuel met genoemde sirkulasiegebied van die koerant.”

1.5.3 Selfregulering

In plaas daarvan dat die regering of 'n beherende maatskappy of instansie (byvoorbeeld die US in *Die Matie* se geval) die media reguleer en voorskryf deur middel van wette of sanksies, pas joernaliste hul eie selfregulering toe wanneer hulle erken dat hulle werk aan sekere etiese standaarde moet voldoen (Franklin, 2005:240). Selfregulering vind dus plaas wanneer joernaliste en redakteurs 'n bepaalde gedrags- of etiese kode volg (sien ook 1.1 in hierdie hoofstuk). Só 'n etiese kode, gewoonlik deur die publikasie self opgestel, is gegrond op morele beginsels en bevat voorskrifte oor hoe inligting ingesamel behoort te word, watter soort inligting gebruik kan word, hoe besluit moet word wat gepubliseer moet word en wat nie, en hoe daar teenoor klagtes gereageer moet word (Franklin, 2005:74).

Etiese kodes bied ook beskerming aan die publiek aangesien dit riglyne bied oor wanneer inligting in die openbare belang is en wanneer 'n persoon se privaatheid beskerm moet word, byvoorbeeld in die geval van bekendmaking al dan nie van verkragtingslagoffers se name (Franklin, 2005:74). Indien die publiek meen 'n publikasie het sy etiese kode oortree, kan hulle óf klagtes indien by 'n publikasie se eie ombudspersoon of by 'n oorkoepelende organisasie wat deur die bedryf in gestand gehou en gefinansier word (Franklin, 2005:240). In *Die Matie* se geval is dit sy Mediaraad soos dit omskryf word in *Die Matie* se amptelike gedragskode; vir alle druknuusmedia-produkte in Suid-Afrika is dit die Persraad met Joe Thloloe as persombudsman wat toesien dat die Suid-Afrikaanse Perskode nagekom word, en vir byvoorbeeld *Die Burger* se lesers is dit dié koerant se interne ombudsman, Hendrik Coetzee¹².

Volgens Franklin is van die voordele van selfregulering dat (2005:240):

- dit help om staatsinmenging te keer;
- die publiek teen byna geen koste 'n klagte kan indien (teenoor byvoorbeeld 'n hofszaak);
- nuwe etiese reëls maklik in plek gestel kan word soos omstandighede verander; en
- omdat die perskodes deur die bedryf self opgestel word, behoort dit meer gesag by joernaliste af te dwing as wat regeringswette sou.

¹² *Die Burger* publiseer elke dag op bl. 2 in die hoofkoerant die kontakbesonderhede van sowel die interne ombudsman as die nasionale persombudsman wat onder die Persraad ressorteer. Lesers word genooi om die interne ombudsman te kontak “oor die regstelling van foute” en oor “voorstelle en kommentaar oor die koerant se inhoud”. Indien lesers meen die koerant “voldoen nie aan die vereistes van die Perskode nie”, kan hulle die persombudsman kontak. Die Suid-Afrikaanse Perskode verbind *Die Burger* “om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, asook akkuraat, regverdig en gebalanseerd is”. Sedert die begin van 2008 publiseer *Die Matie* ook die persombudsman se kontakbesonderhede op sy hoofartikelblad asook dat hy die Suid-Afrikaanse Perskode onderskryf.

Die een manier waarop joernaliste egter ten beste selfregulerend kan wees, volgens Franklin (2005:241), is deur middel van hul gewete en integriteit.

Volgens Bingham (2007: 87-89) het selfregulering twee uitvloeisels:

- (a) interne ombudspersone en
- (b) publikasies wat komitees aanwys om interne gedragskodes op te stel.

Christians (1989:35) vra egter watter persoon of instelling by koerante seker maak dat die selfregulerende meganismes, soos interne persombudspersone en etiese kodes, wel toegepas word en wat koerante kan doen om meer doeltreffend te wees in hul selfregulering. Hy sê egter 'n etiese kode is 'n "sigbare, institusionele" teken dat 'n koerant sy eie beperkinge ernstig opneem (1989:36).

In 'n demokratiese land behoort die media die ruimte gegun te word om as 'n waghond op te tree, en daarom word daar in baie demokrasieë geglo dat selfregulering die beste manier is om die vryheid van die media te verseker, aangesien regulering deur enige ander liggaam, byvoorbeeld die regering, die media se rol as waghond kan beperk (Barratt, 2008a:136). Dus, volgens Barratt, verkies die media om eerder teenoor mekaar as waghonde op te tree, en dit word gedoen deur etiese kodes en selfregulerende liggame waarby ook regsgeleerdes en lede van die publiek betrek word.

In 'n nuwe gids vir redakteurs wat deur Sanef uitgegee word, *The extraordinary editor*, word drie maniere genoem waarop lesers griewe teenoor koerante kan lug (Barratt, 2008a:136):

- 'n Klage kan direk aan die redakteur of interne ombudspersoon gerig word.
- 'n Klage kan gratis ingedien word by die Suid-Afrikaanse persombudsman.
- 'n Hofsaak kan aanhangig gemaak word, hoewel dit tydrowend en duur kan wees.

Barratt maak die punt dat medialeiers en redakteurs selfregulering kan bevorder indien koerante hul lesers bewus maak van klagteprosedures en selfregulerende liggame asook oor die besluite wat in terme van klagtes geneem word (2008:136). Volgens Barratt berus die sukses van selfregulering by die ondersteuning van die media.

1.6 Die *Matie* en regulering en selfregulering

Die Matie se amptelike gedragskode kan tegelyk gesien word as sowel regulering as selfregulering.

Die universiteit reguleer *Die Matie* via die gedragskode in sowel die aanhef ("[a]lhoewel die Raad so min moontlik inbreuk wil maak op redaksionele onafhanklikheid, is die Raad regtens verplig om

die finansiële belange en die goeie naam van die Universiteit van Stellenbosch te beskerm”¹³) as in bepaling 1.8. (“Alhoewel *Die Matie* die reg om onafhanklike en regmatige kritiek te publiseer, kan uitoefen, moet *Die Matie* die goeie naam van die Universiteit behoorlik in ag neem en, in die besonder, nie opsetlik en kwaadwillig poog om die goeie naam van die Universiteit te beskadig nie.”¹⁴)

Die Matie reguleer homself inhoudelik via die gedragskode soos onder meer uiteengesit in bepaling 1.2 van die gedragskode¹⁵:

“Ten uitvoering van paragraaf 1.1, streef *Die Matie* daarna om nuus op ’n ewewigtige, akkurate, eerlike en objektiewe wyse te rapporteer.

Die Matie moet, in soverre as wat dit moontlik is, alle kante van ’n saak rapporteer

- (a) met gebalanseerde aanbieding
- (b) sonder bevooroordeeldheid
- (c) sonder verdraaiing van die beskikbare feite deur opsetlike beklemtoning of weglating.

In die hantering van omstrede onderwerpe sal *Die Matie* elke moontlike poging aanwend om alle kante van die saak te stel, indien nie gelyktydig nie, dan tog in latere uitgawes.”

1.7 Opsomming

Hoofstuk 1 het ’n oorsig gegee oor *Die Matie* se situasie in terme van regulering en selfregulering in die konteks van die regulering en selfregulering van die Suid-Afrikaanse media in die breë, en kortliks gestel hoe dit inskakel by die politieke veranderinge in Suid-Afrika sedert 1990. In die lig van teenstrydighede in grondwette en reglemente wat in terme van *Die Matie* uitgewys is, en ook omdat die regulering van *Die Matie*, sowel as dié van ander Suid-Afrikaanse studentekoerante *per se*, nog nooit voorheen ondersoek is nie, bied hoofstuk een die rationale oor waarom hierdie studie noodsaaklik is. In die volgende hoofstuk word gepoog om ’n teoretiese raamwerk te vind waarbinne die problematiek van regulering en selfregulering, spesifiek dié van *Die Matie*, bestudeer kan word.

¹³ Aanhaling uit die volledige gedragskode vir *Die Matie*, Universiteit van Stellenbosch (1995).

¹⁴ Aanhaling uit die volledige gedragskode vir *Die Matie*, Universiteit van Stellenbosch (1995).

¹⁵ Aanhaling uit die volledige gedragskode vir *Die Matie*, Universiteit van Stellenbosch (1995).

2. Teorie

2.1 Inleiding

Die doel van hierdie studie is om te bepaal hoe *Die Matie* studentekoerant gereguleer word en hoe dit verander en ontwikkel het sedert ingryping deur die US-raad wat sedert 1995 *Die Matie* se gedragskode afdwing. Soos in hoofstuk een gesien kon word, kan die regulering van die media nie losgemaak word van politieke en kulturele kontekste nie, maar is dit juis dit wat bepaal hoe die media gereguleer word. Om dus te bepaal hoe *Die Matie* se regulering ontwikkel het, is dit nodig om *Die Matie* se geskiedenis te verstaan: Hoe die koerant ontstaan het, wat die doel van die koerant was, wat die verhouding van die koerant tot die universiteitsowerhede was en is, en watter vorme van regulering daar dalk bestaan het in die tyd voordat *Die Matie* aan die gedragskode onderwerp was.

Hoewel hierdie studie nie *per se* 'n optekening van *Die Matie* se geskiedenis is nie – in die sin dat daar byvoorbeeld nie chronologies gekyk word na *Die Matie* se politieke en kulturele rol en invloed, hoe die inhoud en taalgebruik sedert sy ontstaan verander het, en watter hoogtepunte en laagtepunte die koerant in sy 67 bestaansjare beleef het nie – vind geskiedskrywing wel plaas in terme van *Die Matie* se regulering omdat die ontwikkeling daarvan oor 'n tydperk bestudeer word.

Soos Fourie (2007:54) uitwys, is die ontwikkeling van die media 'n ingewikkelde proses wat gerugsteun word deur verskeie eksterne en interne faktore oor verloop van 'n sekere tydperk. Om 'n groter begrip van die verlede te hê as net 'n reeks opeengestapelde gebeure, volgens Fourie, is dit nodig om enige gegewe in terme van 'n teorie te verduidelik.

2.2. Navorsings- en subvrae

Om die problematiek rondom *Die Matie* se regulering en selfregulering van binne 'n spesifieke teoretiese raamwerk te kan bestudeer, is dit belangrik om eerstens die kern-navorsingsvraag, of moontlik -vrae, en moontlike subvrae te formuleer.

Die kernnavorsingsvrae kan soos volg geformuleer word:

1. Hoe pas *Die Matie* studentekoerant selfregulering toe deur middel van sy gedragskode, die mediaraad en die Finansiële Oorsigkomitee, en hoe het dit ontwikkel sedert die demokratisering van Suid-Afrika?
2. Hoe word *Die Matie* deur universiteitsowerhede gereguleer?

Dié vrae kan in 'n aantal subvrae onderverdeel word:

- Geniet *Die Matie* volgens die beleid van die Universiteit van Stellenbosch persvryheid?
- Word die onafhanklikheid van *Die Matie* in die beleidsdokumente van die SR of die universiteit erken?
- Kan die universiteitsowerhede of die SR redaksielede afdank of skors indien hulle nie tevrede is met *Die Matie* se beleid of inhoud nie?
- Kan die universiteitsowerhede of die SR die koerant se jaarlikse subsidie om die een of ander rede verminder of weier? Kan die SR of die universiteitsowerhede *Die Matie* se voortbestaan bedreig indien hulle ontevrede is met die inhoud?

2.2.1 Doelwitte

Die doelwitte van die studie is om vas te stel of

[a] *Die Matie* sigself reguleer deur byvoorbeeld sy gedragskode, die mediaraad en die Finansiële Oorsigkomitee, en

[b] hoe *Die Matie* deur universiteitsowerhede gereguleer word in terme van subsidie, dissiplinêre aksie en die beskrywing van die koerant as afhanklik of onafhanklik in beleidsdokumente.

2.3 Teoretiese uitgangspunte

2.3.1 Algemeen

Vervolgens word gepoog om die problematiek binne 'n sekere teoretiese raamwerk te fundeer sodat die fenomeen van regulering en selfregulering moontlik beter verstaan kan word.

Die wetenskaplike waarde van teorie volgens Wood (soos aangehaal in Fourie, 2007:103) is dat dit 'n manier aandui waarop 'n verskynsel beskryf, geïnterpreteer, verstaan, geëvalueer of voorspel kan word. Dit bied ook 'n oorsig oor die ontwikkeling van 'n bepaalde dissipline in verhouding tot ander dissiplines, asook moontlike toekomstige ontwikkelings. Volgens Wood (soos aangehaal in Fourie, 2007:104) is teorie ook 'n menslike weergawe van 'n verskynsel. Die toepassing van 'n teorie kan dus verskeie gevolgtrekkings hê oor hoe iets werk, wat dit veroorsaak en hoe dit kan verander. Dus is die toepassing van teorie subjektief en sou verskillende uitkomstes met verskillende teorieë bereik kon word.

Die doel van teorie is om te beskryf, te verduidelik, te verstaan, en om aanbevelings te maak (Fourie, 2007:104). In hierdie studie moet dus eerstens beskryf word hoe *Die Matie* gereguleer word en verduidelik word hoekom *Die Matie* op hierdie betrokke manier gereguleer word. Hierdie

beskrywing en verduideliking moet dan gebruik word om tot 'n begrip te kom oor hoekom *Die Matie* nie op 'n ander manier gereguleer word nie en waarom hierdie regulering aangepas of verander kan of behoort te word. Laastens moet daar op basis van hierdie begrip of begrippe, wat vanuit 'n sekere teoretiese raamwerk of raamwerke geformuleer is, aanbevelings gemaak kan word oor hoe hierdie regulering verbeter en vernuwe kan word.

2.3.2 Teorie in hierdie studie

Die normatiewe mediateorie word in hierdie studie gebruik omdat dié teorie volgens Fourie fokus op die ideale rol wat die media in 'n samelewing behoort te vertolk, en omdat die normatiewe mediateorie 'n basis bied van waar die media se verantwoordelikheid en gehalte gemeet en beheer kan word (Fourie, 2007:178, 191). Volgens Fourie is 'n land se mediabeleid oor die algemeen op die normatiewe mediateorie gebaseer omdat hierdie teorie die media bemagtig om sy rol op 'n beheerde en verantwoordelike manier te vertolk.

Normatiewe teorieë fokus hoofsaaklik op die beperkings en vryhede wat die media in bepaalde situasies het en hoe dit die media se funksionering in die samelewing beïnvloed (Fourie, 2007:191). Dít vorm die basis vir die vier oorspronklike persteorieë soos beskryf in die boek *Four Theories of the Press* (Siebert, Peterson & Schramm, 1956) op grond waarvan die persvryheid en vryheid van spraak in 'n land gemeet kan word. Die vier teorieë is

- die outoritêre teorie,
- die Libertynse teorie,
- die teorie van sosiale verantwoordelikheid en
- die Sowjet-totalitêre teorie.

Uit dié vier teorieë is twee op *Die Matie* van toepassing, naamlik (in 'n mindere mate) die eerste, die outoritêre teorie, en (in die grootste mate) die derde, die teorie van sosiale verantwoordelikheid.

Die twee teorieë wat nie van toepassing is op *Die Matie* nie, naamlik die tweede en die laaste, word vervolgens eers bespreek deur te kyk waarom dit nie op dié studentekoerant toegepas kan word nie, voordat dié teorieë wat wel op *Die Matie* toegepas kan word, behandel word.

Volgens die Libertynse teorie het die media in 'n demokratiese vryemarkstelsel vry geraak van beheer en invloed deur die regering, sensuur was nie meer aanvaarbaar nie en kritiek teenoor die regering was nie meer strafbaar deur die regering nie (Fourie, 2007:193; Retief, 2002; Ochs, 1986:6). Volgens die Libertynse teorie is mense rasonele wesens wat self tussen goed en kwaad, en valsheid en waarheid, kan onderskei en dus hoef die regering nie die onderskeid vir die publiek te maak nie (Fourie, 2007:192).

McQuail (soos aangehaal in Fourie, 2007:193) identifiseer die volgende eienskappe van die Libertynse teorie:

- Die media moet vry wees van enige eksterne sensuur
- Die publisering en verspreiding van 'n publikasie moet toeganklik en moontlik wees vir enige groep of individu sonder 'n permit of lisensie
- Redaksionele aanvalle op die regering of politieke partye moet nie strafbaar wees nie
- Die media moet vry voel om enigiets na goeddunke te publiseer
- Geen beperkings moet op die vloei van inligting geplaas word nie.

Dié Libertynse teorie kan egter nie op *Die Matie* van toepassing wees nie weens die volgende bepaling in die koerant se gedragskode wat *Die Matie* se afhanklikheid aan die US beklemtoon:

“Hierdie gedragskode erken egter dat die Universiteit uiteindelik regtens en finansiëel verantwoordelik is vir wat in *Die Matie* verskyn en alhoewel die Raad so min moontlik inbreuk wil maak op redaksionele onafhanklikheid, is die Raad regtens verplig om die finansiële belange en die goeie naam van die Universiteit van Stellenbosch te beskerm” (Die volledige gedragskode, 1995).

Die laaste teorie, naamlik die Sowjet-totalitêre teorie, is ook nie van toepassing op *Die Matie* nie, aangesien hierdie teorie slegs relevant is in 'n spesifieke konteks. Volgens die Soviet-totalitêre teorie is die hoofdoel van die media om by te dra tot die volhoubaarheid en sukses van die Soviet-stelsel (Severin & Tankard, 1992:285). Die totalitêre teorie behels dat die media geheel en al deur die staat beheer word en dat die media 'n instrument van die staat is om te help om die regime uit te bou (Ochs, 1986:6).

McQuail en Roelofse (soos aangehaal in Fourie, 2007:197) identifiseer die volgende eienskappe van die Soviet-totalitêre teorie:

- Die media moet optree in belang van die werkende klas en moet ook deur die werkende klas beheer word;
- Die media mag nie in privaat besit wees nie;
- Die media moet 'n positiewe rol speel in die vorming van konformistiese waardes en gedrag;
- Die media moet reageer op die behoeftes en begeertes van hul leserspubliek; en
- Die samelewing het die reg om sensuur te gebruik om die publikasie van enige, volgens hulle, toepaslike materiaal te voorkom of te straf.

Buiten dat die Soviet-totalitêre teorie nie in Suid-Afrika van toepassing is nie, word geen van bogenoemde vereistes aan *Die Matie* in sy gedragskode gestel nie.

Vervolgens word bespreek waarom die outoritêre teorie, maar veral en spesifiek die teorie van sosiale verantwoordelikheid, die doeleindes van hierdie studie op *Die Matie* toegepas kan word.

Binne die outoritêre teorie, die oudste persteorie, is die doel van die pers om regerende magte te ondersteun en te bevorder. Volgens Retief was die waarheid “’n produk van ’n paar wyse manne in magtige posisies” (2001:11). Die waarheid het vanaf diegene in mag afgewentel na die algemene publiek. “Kritiek was ‘toelaatbaar’, maar slegs as dit van binne die magte gekom het en die lojaliteit van die pers teenoor die regering nie bevraagteken is nie” (2001:12). Binne die outoritêre teorie is daar beperkte inmenging vanaf die staat, beheer word nie so gestruktureerd uitgeoefen soos binne die totalitêre teorie nie, en joernaliste en redakteurs het wel ’n invloed in die beleid wat gemaak word (Ochs, 1986:6,7), hoewel die regering se beleid verkondig moes word (Fourie, 2007:192).

Met die stigting van *Die Matie* in 1941 het die outoritêre teorie gegeld, aangesien die oorspronklike doel van die koerant was om sy stigtersorganisasie, die Afrikaanse Nasionale Studentebond, se politiek en beleidstandpunte te verkondig (Severin & Tankard, 1992:285). Op die voorblad van die eerste uitgawe op Vrydag 1 Augustus 1941 word aangekondig “die ANS-tak van die Universiteit van Stellenbosch bied [hiermee] die eerste uitgawe van sy studenteweekblad in die vorm van ’n koerant, *Die Matie*”.

Die volgende boodskappe wat op die voorblad van die eerste uitgawe verskyn het, dui ook aan wat die oorspronklike doel van *Die Matie* was:

“Van die kanselier van ons universiteit: Solank as die ANS die hart van ons volk suiwer vertolk en ’n boodskap het vir ons studerende jeug, solank sal hy ook gesond en kragtig voortlewe, en solank sal hy ook ’n orgaan nodig hê om sy boodskap te dra. Mag [*Die Matie*] help om te handhaaf, te bou en te lei” (Studentekoerant, 1941:1).

“Van ons rektor: Die bedoeling is om sake waarby die ANS belang het onder die aandag van die studentepubliek te bring, en die geleentheid wat aangebied word om gedagtes, voor en teen, te wissel, is hartelik te verwelkom” (Studentekoerant, 1941:1).

Die studie steun egter die swaarste op die teorie van sosiale verantwoordelikheid. Die teorie het onder meer ontwikkel uit gedragskodes vir die media en die werk van die Hutchins-kommissie (Severin & Tankard, 1992:289). Die pers moenie net inlig, vermaak en wins maak nie, maar ’n forum wees om almal te verteenwoordig en almal die ruimte gee om hul mening te lug. Die teorie van sosiale verantwoordelikheid veronderstel ’n diens wat aan die publiek gelewer word (Ochs, 1986:7).

Die eienskappe van die teorie van sosiale verantwoordelikheid is, volgens McQuail (soos aangehaal in Fourie, 2007:194):

- Die media ondersteun demokratiese beginsels;
- Die media moet 'n platform skep vir verskillende standpunte;
- Die onafhanklikheid van die media moet beklemtoon word in verhouding met sy verantwoordelikheid teenoor die samelewing; en
- Die media moet aan sekere standaarde voldoen.

Indien die media nie dié sosiale verantwoordelikheid nakom nie, moet een of ander instelling toesien dat hy dit wel doen (Severin & Tankard, 1992:289). Van dié instellings is die gemeenskap, verbruikersgedrag en professionele etiek. Die Hutchins-kommissie, volgens Retief, het onder meer bevind die pers moet 'n verteenwoordigende beeld van die samelewing weergee, verskillende ras- en kulturele groepe mag nie gestereotipeer word nie en die pers moet dien as forum vir die uitruil van kommentaar en kritiek.

“Dit is moontlik, het die kommissie gesê, as die pers meer verantwoordelik is, joernaliste beter opgelei word, en die pers homself effektief reguleer. Openbare diens impliseer professionele standaarde vir joernaliste” (Retief; 2001).

Die teorie van sosiale verantwoordelikheid bied twee oplossings waarvolgens vryheid van spraak versoen kan word met sosiale verantwoordelikheid, naamlik

[1] regulerende liggame soos die Suid-Afrikaanse Persombudsman wat onafhanklik van die regering staan, maar gedeeltelik deur die media self beheer word, en

[2] professionele liggame soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (Sanef) wat deur die media self daargestel word en wat ten doel het om gebalanseerde nuusaanbieding te verseker.

Een van die belangrikste onderdele van dié teorie is dus regulering en selfregulering en omdat regulering by *Die Matie* plaasvind, kan die teorie van sosiale verantwoordelikheid as teoretiese raamwerk vir hierdie studie gebruik word.

Ander teorieë is ook van toepassing. Volgens McQuail (2000:186) is een van die vier modelle van die normatiewe mediateorie die professionele model. In dié teorie pluk die pers die vrugte van hul stryd om vryheid en demokrasie in die verlede. Terselfdertyd is die pers “steeds die beste vrywaarders van die belange van die publiek, aangesien hulle belangrikste onderneming die dien is van die publiek se behoefte aan inligting en kommentaar en om 'n platform daar te stel vir die uitdrukking van diverse idees” (2000:186).

McQuail sê die professionele en institusionele onafhanklikheid van joernalistiek is die beste waarborg van 'n doeltreffende wagbond oor dié in magsposisies. Dié teorie kan dus ook 'n rede

bied waarom die pers sigself moet reguleer – dit kan die pers onafhanklik hou en hom só optimaal laat funksioneer.

Selfregulering staan sentraal in die studie. *Die Matie* se vernaamste meganismes van selfregulering is sy gedragkode en die mediaraad wat klagtes in terme van die gedragkode hanteer.

Wilson sê in *Understanding journalism* (1996:10) “enige liggaam wat waarlik ’n reguleerder is, moet ’n werklike gesag hê oor die aktiwiteite wat hy reguleer”.

Volgens McQuail (2000:234) bestaan die volgende soorte mediabeheer:

- Die beskerming van die belangrikste belange van die staat en openbare orde, ingesluit die voorkoming van openbare skade;
- Die beskerming van individue se regte en belange;
- Die inagneming van die media se behoefte om ’n stabiele en ondersteunende werksomgewing te hê;
- Die bevordering van vryheid en ander kulturele waardes;
- Die daarstel van standaarde oor infrastruktuur;
- Die nakom van internasionale verpligtings, insluitend menseregte; en
- Die aanmoediging van media-verantwoordbaarheid.

McQuail (2000:235) onderskei ook tussen die volgende vorms van mediabeheer:

- Formeel, ekstern: Wetstoepassing en beheer via die howe en openbare regulerende instellings
- Informeel, ekstern: Markkragte, die openbare mening en kritiek
- Formeel, intern: Bestuur, selfregulering deur die bedryf of maatskappy, organisasie-kultuur
- Informeel, intern: Professionaliteit, etiese- en gedragkodes.

Die beheer van die media kom dus neer op die beheer van inhoud hetsy vir politieke, kulturele of morele redes, of die beheer van infrastruktuur hetsy vir tegniese of ekonomiese redes (McQuail, 2005:43).

2.3.3 Kritiek teen die teorie van sosiale verantwoordelikheid

McQuail (2007:99) se kritiek teen die onvoorwaardelike toepassing van die teorie van sosiale verantwoordelikheid is dat selfregulering op ’n vrywillige basis plaasvind en dat die media etiese kodes na goeddunke kan toepas. Volgens hom kom die media nie altyd hul beloftes na nie, en is

professionele liggame nie altyd sterk genoeg om hul lede in toom te hou nie. Volgens hom kan die media ook die beginsel van sosiale verantwoordelikheid misbruik deur dit eerder vir selfbeskerming aan te wend as om opreg die publiek in ag te neem.

Om hierdie teorie suksesvol toe te pas, volgens McQuail (2007:99), moet die meganismes van regulering en selfregulering self persvryheid waarborg, die skade wat die media aanrig moet op een of ander manier beperk word, en laastens moet die verantwoordelikheid van die media teenoor die samelewing positiewe gevolge vir albei partye hê.

In *Die Matie* se geval moet daar dus nie net gekyk word in watter mate die koerant onderwerp word aan regulering en selfregulering nie, maar daar moet ook gekyk word in watter mate McQuail se kritiek geregverdig is en of daar in *Die Matie* se geval dieselfde skuiwergate gevind kan word in die manier waarop die koerant aan onder meer sy gedragskode onderwerp word.

2.4 Opsomming

In hierdie hoofstuk is eerstens kernnavorsingsvrae asook subvrae vir die studie geformuleer, tweedens is 'n teoretiese raamwerk bespreek waarbinne die fenomeen van regulering en selfregulering moontlik beter verstaan kan word, en derdens is daar kennis geneem van kritiek teen die onvoorwaardelike toepassing van die teorie van sosiale verantwoordelikheid. In die volgende hoofstuk word die metode, benadering asook die bronne vir die studie bespreek.

3. Metode

Twee navorsingsmetodes kan in die geval van mediastudies gebruik word, naamlik die kwantitatiewe metode en die kwalitatiewe metode. Kwantitatiewe navorsing word in die empiriese, statistiese aanslag gebruik en kwalitatiewe navorsing in die geval van die historiese, kritiese aanslag (Van Vuuren, Maree & De Beer, 1998:393). Hoewel die debat volgens dié drie skrywers voortduur oor watter een van hierdie metodes die mees wetenskaplike en objektiewe is, voer kwalitatiewe navorsers aan dat sekere data nie gekwantifiseer kan word nie en dat sodanige inligting, vanuit byvoorbeeld gesprekke, briewe, dagboeke en outobiografieë, steeds 'n groot bydrae kan lewer om ingewikkelde vraagstukke verstaanbaar te maak en te kontekstualiseer (Van Vuuren, Maree & De Beer, 1998:393).

Kwalitatiewe navorsing kan onder meer aan die volgende vyf kenmerke onderskei word (Wimmer & Dominick, 1997:84):

- Die kwalitatiewe navorser is 'n integrale deel van die data. Sonder die aktiewe deelname van die navorser bestaan die data nie.
- Die navorsingsontwerp ontwikkel tydens die navorsing en kan tydens die proses aangepas of verander word.
- Die kwalitatiewe navorser probeer om die normale verloop van gebeure vas te vang sonder om vreemde veranderlikes te probeer beheer.
- By die insameling en meet van data, is die navorser die instrument. Geen ander individu kan die navorser vervang nie.
- Teorieë ontwikkel as deel van die navorsingsproses en soos data versamel word.

Die eindresultaat van hierdie kwalitatiewe navorsingsbenadering is onder meer om 'n oorsig te kan gee van die regulering van *Die Matie* oor 'n sekere tydperk, wat dus sal lei tot 'n poging om die “normale verloop van gebeure vas te vang” en dit te evalueer soos dit regtig gebeur het.

De Beer (1998:415) sê “kontekstualisering word gebruik om alle karaktereienskappe van die onderwerp na vore te bring deur die identifisering van 'n spesifieke konteks”. Betekenis word vasgestel binne die konteks waarin die gedrag plaasvind. In die ondersoek na die ontwikkeling van *Die Matie* se regulering is konteks van groot belang aangesien die soort en hoeveelheid regulering afhang van die tydsgees, kampuspolitiek, die oortuigings van die owerhede, ensovoorts.

Regulering is byvoorbeeld in 1941 anders gehanteer as regulering in 2007, aangesien *Die Matie* in 1941 as 'n mondstuk van die ANS gesien is (Kempen, 1995:50), maar in 2008 as onafhanklik beskou word (Die volledige gedragskode, 1995).

Dit moet ook uit die staanspoor gemeld word dat die navorser in hierdie studie nie los staan van die data nie, maar inderdaad 'n deelnemer in die skeppingsproses van sommige van die data was deur haar rol as redakteur van *Die Matie* in 2000/2001. Die inligting word egter deur ander bronne, soos amptelike dokumente van die SR en universiteitsbestuur en berigging in *Die Burger*, geverifieer en getrianguleer sodat die dataversameling nie onder verdenking staan nie. Soos in afdeling 3.1.2 bespreek word, is hierdie studie onder meer 'n "gedetailleerde rekonstruksie van 'n gebeurtenis" (Szijártó, 2002:212), maar omdat 'n "gedetailleerde mikrohistoriese rekonstruksie nie die volledige verlede kan reflekteer nie", moet daar gefokus word op kontekstualisering en persoonlike belewenis.

Die navorser se binne-kennis en eerstehandse ervaring van *Die Matie* is dus in hierdie geval 'n aanwys vir die studie aangesien die nodige kontekstualisering en persoonlike belewenis só gebied kan word. Juis as gevolg van die persoonlike betrokkenheid dra die navorser kennis van dokumente wat nie amptelik beskikbaar sou wees nie, maar slegs in persoonlike versamelings gevind kon word, asook van verlore dokumente waarvoor gekompenseer moes word. Omdat die navorser respek het vir *Die Matie* as instelling en dus graag reg wou laat geskied aan 'n studie oor *Die Matie*, is moeite gedoen om objektief te bly en om soveel as moontlik amptelike bronne te gebruik om persoonlike bronne te verifieer.

3.1 Metodes in hierdie studie

3.1.1 Historiese navorsing

Historiese navorsing, 'n kwalitatiewe metode, word in hierdie studie gebruik.

Volgens Mouton (2001:170) is historiese navorsing "'n poging om die verlede en die chronologie van gebeure te rekonstrueer". Hoofsaaklik tekstuele data word gebruik om op 'n vertellende manier die verlede te beskryf en so akkuraat moontlik te rekonstrueer. 'n Verskeidenheid dokumente word as bronne gebruik en dit sluit persoonlike en openbare rekords in. Die sterk punt van historiese navorsing is dat die verlede deur vertellende tegnieke uitgebeeld kan word en dat die fokus val op die proses en verandering (Mouton, 2001:171). Historiese navorsing bied die geleentheid om die verlede te interpreteer en om te sien hoe idees ontwikkel het (Berger, 1998:112). Nadele en moontlike probleme van historiese navorsing sluit in die subjektiwiteit van die navorser, data wat verlore, onbeskikbaar of onvoldoende is, die egtheid van dokumente, die keuse van dokumente en die akkuraatheid van die interpretasie (Berger, 1998:112; Mouton, 2001:171).

Soos in afdeling 3.2 en ook in die res van die studie gesien kan word, is 'n verskeidenheid persoonlike en openbare rekords in die studie gebruik. Die probleem van dokumente wat verlore of onbeskikbaar was, sowel as die probleem dat die egtheid van sekere dokumente bevraagteken kan word, het wel tydens die navorsing voorgekom en word hier verreken. Voorbeelde hiervan is

gevalle waarin verskillende weergawes van die SR-reglemente, studenteunie-grondwette en etiese kodes van *Die Matie* nie opgespoor kon word nie asook ongedateerde dokumente waarvan die oorsprong nie bevestig kon word nie.

3.1.2 Mikrogeskiedenis

Nie net word historiese navorsing gebruik nie, maar veral die benadering van mikrogeskiedenis word gebruik. Sover gevind kon word, is mikrohistoriese navorsing nog nooit in die veld van mediageskiedenis gebruik in 'n reeds gepubliseerde bron nie. 'n Soektog deur Marleen van Wyk, vakbibliotekaris in die J.S. Gericke-biblioteek, het geen resultate opgelewer nie. Sy het die volgende bronne in haar soektog gebruik: Academic Search Premier van EBSCOhost; Proquest Social Science Journals; Sociological Abstracts; Science Citation Index; History Resource Centre; JSTOR en Google Scholar. Die enigste ander mikrohistoriese navorsing in terme van die joernalistiek waarvan die navorser kennis dra, is 'n (tans nog ongepubliseerde¹⁶) artikel deur Gillian Turner en Lizette Rabe, naamlik "A microhistorical record of 'micromedia': a community media journalist and her medium".

Mikrogeskiedenis is die "intensiewe historiese ontleding van 'n klein gebied" (Szijártó, 2002:209) en volgens hom kan 'n stuk navorsing slegs mikrogeskiedenis genoem word indien die navorser mikro-ontleding gebruik het om vrae op sy antwoorde te kry. In hierdie studie oor *Die Matie* is verskillende weergawes van die studenteunie-grondwet byvoorbeeld ontleed om te sien in watter mate die verandering van letterlik 'n paar woorde in 'n bepaling die regulering van die koerant kon beïnvloed al dan nie.

Szijártó meld vervolgens 'n paar eienskappe van mikrogeskiedenis in sy artikel "Four arguments for microhistory" (2002:209). Volgens hom is mikrogeskiedenis realisties, dit openbaar persoonlike ervaring (die navorser was self vir vier jaar lank by *Die Matie* betrokke; hierdie persoonlike betrokkenheid kan dus ook binne die metodologie van mikrogeskiedenis verreken word) en "klein [gedetailleerde] feite" word direk vanuit die bronne onttrek. Hoe meer daar op "klein feite" gesteun word, hoe groter is die gevoel van werklikheid wat oorgedra word en hoe duideliker is die geskiedenis wat weergegee word. Hy stel dit dat historici 'n poging behoort aan te wend om die geskiedenis te rekonstrueer in elke moontlike konteks. In *Die Matie* se geval sou drie kontekste onder meer wees dié van die redaksie en redakteur, dié van die SR en dié van die universiteitsbestuur. Volgens Szijártó kan 'n balans gehandhaaf word deur so goed as moontlik te kontekstualiseer en om die verskillende vertakings van die studieonderwerp te beklemtoon.

Szijártó stel dit dat 'n "baie gedetailleerde rekonstruksie van 'n gebeurtenis die apotesis is van die werklikheid" (2002:212). 'n Beperking wat 'n mens in gedagte moet hou, is dat 'n "baie

¹⁶ Die artikel verskyn in 'n eersvolgende 2008-uitgawe van die kommunikasiekundejoernaal *Communitas*.

gedetailleerde mikrohistoriese rekonstruksie nie die volledige verlede kan reflekteer nie” en daarom moet daar gefokus word op kontekstualisering en persoonlike belewenis.

In die artikel “What is microhistory?” het Sigurdur Magnusson (2006) gesê dat buiten vir die “fokus op klein eenhede” het “amper alle gevalle waarmee mikrohistorici te doen kry een ding in gemeen – hulle het almal die aandag getrek van die owerhede en dus hul argivale teenwoordigheid bevestig”. Dít is heeltemal waar in die geval van *Die Matie* aangesien die studie eerstens gereeld verwys na botsings met die SR en die universiteitsbestuur en omdat die “owerheid” deurentyd teenoor *Die Matie* gestel word as ’n instelling wat *Die Matie* wou reguleer. Tweedens steun die studie sterk op dokumente en bronne uit die argiewe van die SR, die US, *Die Matie* en die navorser se persoonlike versameling.

Mikrogeskiedenis kan volgens Gregory (1999:102) nog verder verfyn word tot “sistematiese mikrogeskiedenis”, soos hy as volg aandui:

“This approach entails the painstaking reconstruction of individual and familial social relationships in a necessarily restricted geographical setting, based on sufficiently dense archival sources such as notarial records, parish registers and wills. Systematic microhistorians strive first and foremost to reconstruct the social *relationship* themselves as the basis for explaining historical change.”

Bogenoemde benadering is ook relevant tot hierdie studie aangesien die verhouding tussen *Die Matie* en die SR en tussen *Die Matie* en die universiteitsowerhede onderliggend lê aan die manier waarop die koerant gereguleer word al dan nie.

3.2 Benadering

Die volgende benadering is in hierdie studie gebruik:

- ’n Vooraf- en literatuurstudie is gedoen.
- Die agtergrond en konteks van die probleemstelling is geskets.
- Data vanaf die primêre en sekondêre bronne is versamel.
- Die data wat opgespoor kon word, is gesif.
- Die data (dokumente) is chronologies gerangskik waarna die geskiedenis gerekonstrueer is.
- Gapings en ontbrekende dele in die data is geïdentifiseer en maniere is gevind om hierdie data aan te vul.
- Die data is geïnterpreteer.

- Ten slotte word gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

3.3 Bronne

Die navorser was self vir vier jaar lank (1998 – 2001) 'n redaksielid van *Die Matie*, onder meer as assistent-redakteur en redakteur. In dié vier jaar het die mediaraad in 2000 vir die eerste keer 'n sitting gehad (Mediaraad sit gou, 2000:4) en is die bepaling in die studenteunie-grondwet geskryf dat die bedrag van die subsidie wat aan *Die Matie* toegeken word, nie minder mag wees as 'n vorige jaar nie (Grondwet, 2002:6).

Die navorser het 'n persoonlike versameling dokumente oor *Die Matie* en danksy kontak met gewese en huidige redaksielede is verskeie bronne tot die navorser se beskikking. Vanweë noue betrokkenheid by *Die Matie* se bestuur en 'n kennis van die werkinge van die SR, is die probleemstellings in die studie 'n bekende terrein vir die navorser.

Om objektiviteit en afstand te behou, berus die studie egter nie op die navorser se geheue of eie dokumente nie. Die primêre en sekondêre bronne (wat in 3.2.1 en 3.2.2 bespreek word) vorm die rugsteun van die studie en amptelike dokumente word gebruik om alle inligting te verifieer.

Deur dus van 'n verskeidenheid van dokumente gebruik te maak, gaan die problematiek rondom die sentrale navorsingsvraag, naamlik die ontwikkeling van *Die Matie* se regulering en selfregulering, bestudeer word.

Sedert 1996 (voor en na *Die Matie* se gedagskode in werking gestel is) word die koerant anders gereguleer as byvoorbeeld in die tagtigerjare toe Suid-Afrika 'n noodtoestand beleef het en die media streng deur die staat gereguleer is (Klopper, 1987:50). Dus sal 'n proses en verandering uitgewys kan word.

Die belangrikste bronne, soos in 3.2.1 en 3.2.3 bespreek word, is tekstuele data. Alle inligting oor *Die Matie* se regulering oor die afgelope ongeveer tien jaar is chronologies gerangskik. Die doel was om só te sien presies hoe die koerant in verskillende kontekste gereguleer is en hoe die geskiedenis stap vir stap ontvou het.

Om die probleem van subjektiviteit uit te skakel, word bronne van alle moontlike rolspelers (byvoorbeeld *Die Matie*, die SR en die US-raad) gebruik en nie net *Die Matie* se eie dokumente nie. Soveel as moontlik amptelike dokumente wat opgespoor kon word, is gebruik en berigte uit *Die Burger* word onder meer gebruik om gebeure te verifieer en feite waar moontlik te trianguleer.

Feitlik deurgaans word van die tweebronreël gebruik gemaak om seker te maak inligting kan geverifieer word om sodoende moontlike korrupte data uit te skakel. Sover moontlik word albei kante van 'n saak ook gestel – beriggewing in *Die Matie* word byvoorbeeld geverifieer met notules van die US-raad.

3.3.1 Primêre bronne

Die primêre bronne kom uit *Die Matie* se kantoor, die SR-kantoor en -argief, die US se argief en die navorser en ander oud-redakteurs se persoonlike versamelings.

Die volgende primêre bronne is beskikbaar:

- Die volledige gedragskode van *Die Matie* (Die volledige gedragskode, 1995).
- Jaarverslae van SR-lede wat in die SR-kantoor opgespoor kon word (Rademeyer, 2002; De Jager, 2004).
- Verskillende weergawes van SR-reglemente.
- Verskillende weergawes van die Grondwet van die Studenteunie.
- Agendas en notules van sowel *Die Matie* as die SR.
- Dokumente oor die werk van die Finansiële Oorsigkomitee, asook agendas en notules.
- Skriftelike kommunikasie tussen *Die Matie*, die SR en universiteitsowerhede.
- Interne kommunikasie tussen redaksielede van *Die Matie*.
- Dokumente ter staving van die raad en rektorat van die US se werk in terme van *Die Matie* en veral oor die skryf en implementering van die amptelike gedragskode.

Al die relevante dokumente oor die Butler-komitee wat in die argief van die US-raad opgespoor kon word, is geraadpleeg.

Die Butler-komitee, onder leiding van prof. D.W. Butler, destyds verbode aan die Departement Handelsreg aan die US, het *Die Matie* ondersoek met die doel om 'n gedragskode op stel asook meganismes indien klagtes teen die koerant ingedien moet word (Raadsnotule, 1995). Die universiteitsraad het onder meer gevra 'n gedragskode vir *Die Matie* moet geskryf word (Raadsnotule, 1995) en het dit ook goedgekeur. Die "gedragskode gee uitvoering aan die volle ondersteuning van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch" (Die volledige gedragskode, 1995).

Oor die Butler-komitee berig *Die Matie* op 7 Maart 1996 as volg:

"Verskeie insidente rondom vryheid van die pers op Stellenbosch het oor die jare 'n staande debat geskep oor hoe hierdie vraagstuk aangespreek kan word. Uiteindelik het die wenslikheid van 'n afdwingbare gedrags- of etiese kode vir *Die Matie* duidelik geword en is die sg. Butler-komitee in die lewe geroep om met 'n onderhandelde voorstel vir so 'n kode vorendag te kom" (Die volledige gedragskode, 1995).

3.3.2 Sekondêre bronne

Die twee vernaamste (sekondêre) bronne van inligting oor *Die Matie* is *Die Matie* self en die Afrikaanse dagblad *Die Burger* in die Wes-Kaap. (Die Afrikaanse dagblad *Beeld* in Gauteng het ook talle van die berigte gebruik wat deur *Die Burger* geskryf is.)

Die Universiteit van Stellenbosch is 'n groot en bekende universiteit en vorm histories en polities 'n belangrike deel van Suid-Afrika se geskiedenis (De Klerk, 1995 & Mandela, 1996)¹⁷. *Die Matie* het nie onverbode gestaan teenoor die politieke situasie in Suid-Afrika nie en *Die Matie* het, volgens Kempen, 'n invloed in die politiek gehad (1995:50). Hy skryf “die politiek van *Die Matie* het telkens die politiek van wit Suid-Afrika geword”. Hy voer aan dat as die “magdom leiers wat op feitelik elke terrein van die Suid-Afrikaanse samelewing hul merk gelaat het [...] hul politieke menings op Stellenbosch gevorm [het], dan het *Die Matie* 'n groot aandeel daarin gehad”. Dit is dus as gevolg hiervan dat daar gereeld nie net oor die US nie, maar ook oor *Die Matie* in die hoofstroompers berig is. Nie net *Die Burger* en *Beeld* het oor *Die Matie* berig nie, maar volgens die soekresultate op Sabinet ook die *Vaderland*, *Vrye Weekblad*, *The Argus*, *The Cape Times*, *The Citizen*, *Rapport* en die *Rand Daily Mail*.

Minstens 45 nuusberigte wat tussen 1983 en 2001 in *Die Burger* oor *Die Matie* verskyn het, is deur middel van sowel *Die Burger* se elektroniese argief via die koerant se webblad as Sabinet se aanlyndiens opgespoor. Die soekwoord wat gebruik is, was “*Die Matie* studentekoerant”.

Vervolgens 'n lys van nuusberigte oor *Die Matie* wat in *Die Burger* verskyn het en wat spesifiek fokus op een of ander aspek van (finansiële of inhoudelike) inmenging deur die SR of universiteitsbestuur. Die meeste van hierdie berigte het verskyn net voor of net ná *Die Matie* se gedragskode in 1995 in werking gestel is.

- Vonke spat, 1990:4
- Naakfoto in Matie, 1994:2
- Breytenbach, 1995:9
- Regstappe volg, 1995:9
- SR kap US, 1995:10
- Thiel, 1996:4
- US stuit *Die Matie*, 1996:1
- Thiel, 1996:3

¹⁷ “Hierdie Universiteit het dwarsdeur ons land se geskiedenis 'n baie belangrike rol gespeel in die ontwikkelingsgang van Suid-Afrika.” – Toespraak deur adjunkpresident F.W. de Klerk, openbare vergadering, Universiteit van Stellenbosch, 31 Julie 1995. & “Hierdie inrigting het diep spore getrap in die veel-bewoë geskiedenis van ons land.” – Toespraak deur president Nelson Mandela by die geleentheid ter ontvangs van 'n ere-graad van die Universiteit van Stellenbosch, 25 Oktober 1996.

Die Matie skryf self ook gereeld in nuusberigte, rubrieke en hoofartikels oor die koerant se rol, geskiedenis, bedryfsake, verhouding met owerhede, geskille met die SR en persvryheid. 'n Paar voorbeelde (wat elders in die studie bespreek word) is:

- US het vrye pers nodig, 1990:8
- Wiggett, 1998:3
- Raad beslis, 2000:1
- Mediaraad sit gou, 2000:4
- Basson, 2000:3
- *Die Matie* gedragskode gewysig, 2001:2
- Kloppers, 2001:1
- Du Toit, 2001:8

Kopieë van *Die Matie* is sedert die eerste uitgawe in die J.S. Gericke-biblioteek beskikbaar. Alle uitgawes sedert 1997 is ook op *Die Matie* se elektroniese argief op die koerant se webblad beskikbaar.

3.3.3 Onderhoude

Twee onderhoude is gevoer om inligting vir afdeling 8.3 in te samel, aangesien geen dokumente beskikbaar was waaruit die inligting verkry kon word nie. Die eerste onderhoud is op 5 Oktober 2007 met Kobus Ehlers, SR-ondervoorsitter in 2005/2006 en SR-voorsitter in 2006/2007, gevoer en notas van die onderhoud is by die navorser beskikbaar. Die tweede onderhoud, ter staving van die inligting wat in die eerste onderhoud bekom is, is op 10 Oktober 2007 met Robert Kotzé, die US se waarnemende studentedekaan in 2007, gevoer en notas van die onderhoud is by die navorser beskikbaar.

Fourie erken onderhoudvoering as 'n metode om data vir navorsing te bekom, maar hy wys daarop dat navorsers bewus moet wees van vooroordele aan die kant van sowel die onderhoudvoerder as die persoon met wie die onderhoud gevoer word (2001:106). Fourie tref ook 'n onderskeid tussen verskillende soorte onderhoude, byvoorbeeld gestruktureerde telefoononderhoude en onderhoude met fokusgroepe (2001:105). Om gehalte te verseker, moet navorsers volgens Fourie onder meer aantekeninge maak tydens onderhoude en ook rekord hou van die datums waarop die onderhoude gevoer is (2001:107).

In die geval van hierdie studie is persoonlike onderhoude gevoer op grond van vrae wat vooraf uitgewerk is. Tydens die onderhoude is ook opvolgvrae gevra na aanleiding van Ehlers en Kotzé se antwoorde. Die onderhoude het slegs gehandel oor die onderwerp wat in afdeling 8.3 behandel word.

Die doel van die studie asook die onderhoude is vooraf aan Ehlers en Kotzé verduidelik en ook dat die inligting wat tydens die onderhoude bekom word, slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik gaan word. Die navorser het rekord gehou van die datums waarop die onderhoude gevoer is en aantekeninge wat tydens die onderhoude geneem is, is beskikbaar.

3.4 Opsomming

In hierdie hoofstuk is die metode en benadering bespreek waarvolgens die studie uitgevoer is, die navorser se persoonlike betrokkenheid by sowel *Die Matie* studentekoerant as die skep van sommige van die bronne is verklaar, en die primêre en sekondêre bronne wat tydens die studie gebruik is, is gelys en bespreek. In die volgende hoofstuk word 'n literatuuroorsig gebied en vorige navorsing oor *Die Matie* bespreek.

4. Literatuurstudie

4.1. Inleiding

Regulatoriese aspekte rakende *Die Matie* is nog glad nie voorheen ondersoek nie en dus ook nie hoe dit sedert die eerste demokratiese verkiesing in 1994 ontwikkel het nie.

Akademiese navorsing, en veral wat regulatoriese aspekte betref, oor studentemedia in Suid-Afrika is skraps, soos blyk uit 'n omvattende soektog op die Lexis-Nexus-soekenjin en alle ander elektroniese databasisse wat op die US se aanlynbiblioteek beskikbaar is. SA-e-Publications en Sabinet se aanlynweergawe is via die US se biblioteeknetwerk gebruik om plaaslike bronne te soek. Google Scholar is ook gebruik. Die enigste akademiese artikel oor studentekoerante in Suid-Afrika wat opgespoor kon word, is Anna-Retha Bouwer se artikel "Freedom of the student press in South Africa" wat in 2004 in *Ecquid Novi* verskyn het (25-42).

Bouwer bespreek die doel van studentekoerante, sensuur deur 'n etiese of gedragskode, sensuur deur die universiteitsowerhede of die SR, befondsing, verspreiding, beheerliggame (soos *Die Matie* se Finansiële Oorsigkomitee), dissiplinêre optrede teen redaksieledes en die verbranding of diefstal van kopieë van die studentekoerante. Bouwer het haar argumente belig met voorbeelde uit *Die Matie*, *Perdeby* (studentekoerant van die Universiteit van Pretoria) en *Heraut* (studentekoerant van die destydse Randse Afrikaanse Universiteit).

Sy het byvoorbeeld die dilemma by *Die Perdeby* (studentekoerant van die Universiteit van Pretoria) bespreek waar die universiteitsowerhede 'n bestuurder vir die koerant aangestel het:

"Authorities at the University of Pretoria expected of the employee in this position to take full charge of the newspaper, as well as assuming responsibility for the content. This situation could probably raise a few ethical questions about the students' press freedom rights at this institution, especially since the newspaper was still called the official student newspaper" (2004:32).

Volgens Bouwer is die persvryheid van Suid-Afrikaanse studentekoerante nog nie ondersoek in die mate waarin Amerikaanse studentekoerante al ondersoek is nie, aangesien persvryheid in die ontwikkelde wêreld al veel langer 'n grondwetlike reg is as in Suid-Afrika (Bouwer, 2004:25).

'n Soektog op sowel Sabinet (SA Media) as Media24 se elektroniese argiewe (wat die argiewe van die koerante *Beeld*, *Die Burger*, *Volksblad*, *Rapport* en *City Press* insluit), lewer resultate in die vorm van koerantberigte oor Suid-Afrikaanse studentekoerante. Oor die regulering van studentekoerante *per se* is geen berigte gevind nie. Sommige van die berigte handel egter wel oor

botsings tussen die studentekoerante en die owerhede, en voorvalle waarin die koerante betrokke was, onder meer die verbranding en diefstal van kopieë.

Die verhouding van studentemedia tot hul eie kampusowerhede is egter al veral in Amerika ondersoek. Die volledige stel elektroniese databasisse in die US se J.S. Gericke-biblioteek is gebruik. 'n Soektog deur Marleen van Wyk, 'n vakbibliotekaris in dié biblioteek, het geen verdere resultate opgelewer toe sy “studentekoerante en regulering” as soekterme gebruik het nie. Sy het die volgende bronne in haar soektog gebruik: Academic Search Premier van EBSCOhost; Proquest Social Science Journals; Sociological Abstracts; Science Citation Index; History Resource Centre; JSTOR en Google Scholar. Die Metalib-soekenjin wat soektogte oor etlike databasisse (Academic Search Premier (EBSCO); ERIC (EBSCO); Sociological Abstracts; Arts & Humanities Citation Index; Business Source Premier; ProQuest Education Journals en Linguistics and Language) en Google Scholar is ook gebruik.

Die volgende soekterme is gebruik: “student newspaper”, “campus newspaper”, “student media”, “censorship”, “regulation”, “code of conduct” en “ethical code”.

Voorbeelde van relevante artikels wat opgespoor is, is “Censorship and the student press” deur Lauren Oettinger (1995), “A free and responsible student press” deur Robert Dardenne (1996), “The challenges facing student media – and their advisers” (*National On-Campus report*, 2004), “Paying the piper” deur Jane Kirtley (2005) en “Stop the student press: Editorial cartooning on college campuses” deur Shawn Healy (2007).

Hoewel vryheid van spraak en vryheid van die pers fundamentele beginsels is waarin Amerikaners glo, het Oettinger in haar artikel geskryf Amerikaanse skool- en studentekoerante word ten spyte hiervan toenemend gesensor. Voorbeelde wat sy noem, is dat skool- en universiteitsowerhede sowel as ander studenteliggame probeer het om redakteurs te ontslaan, om artikels voor publikasie goed te keur, redaksielede se toegang tot hul kantore versper het, koerante se verspreiding belemmer het, koerante gesteel en verbrand het, en omstandighede geskep het waarin die redakteurs nie anders kon as om te bedank nie (1995:3).

Dié pogings tot sensuur het veral sedert 1988 toegeneem ná die opspraakwekkende hofsaak *Hazelwood School District versus Kuhlmeier* waarin die Amerikaanse hooggeregshof bevind het hoërskool-owerhede kan skoolkoerante sensureer sou hulle (die skole) meen die koerante se inhoud is ontwrigtend ten opsigte van die skool se opvoedkundige doelstellings (1995:3), en sou die skoolkoerant nie 'n “openbare forum” wees nie (1995:5). In die geval van die skoolkoerant van East Hazelwood High School het die hof bevind die koerant kan gesensureer word omdat die finale gesag oor die koerant, ook wat inhoud betref, by die adviseur gelê het (1995:5). 'n Skoolkoerant word volgens hierdie artikel as 'n “openbare forum” beskou indien die skoliere volgens die een of ander beleid beheer het oor die koerant (1995:5). Die Hazelwood-uitspraak sou van toepassing

wees in gevalle waar 'n skool die skoolkoerant borg en waar die skoolkoerant 'n deel uitmaak van die skool se leerplan (1995:5).

Hoewel dié uitspraak op hoërskole in Amerika gemik was, het Oettinger geskryf dit het wel 'n invloed op die vryheid van studentekoerante gehad en groot onsekerheid onder studentekoerantredaksies veroorsaak (1995:4). Sy het ook in haar artikel verwys na gevalle waar universiteitskoerante met die studenterrade gebots het omdat hulle hulle aan weerskante van die politieke spektrum bevind het (1995:6) en universiteitsowerhede wat nie opgetree het toe koerante gesteel is nie, omdat geen universiteitswet daardeur gebreek is nie (1995:10).

Een van die belangrikste punte wat Oettinger maak, vir die doel van hierdie studie, is dat studente in vakrigtings soos politieke wetenskap leer van vryheid van spraak en demokrasie, maar dit nie in hul werk by studentekoerante toegepas kry nie (1995:3). Volgens haar geniet die hoofstroommedia vryheid van spraak en ander regte soos dit deur die grondwet gewaarborg word, maar diegene wat ná universiteit binne die eerste hoofstroommedia moet gaan werk, is dit tydens hul studiejare ontnem, en dus verval hulle in 'n situasie waarin hulle sensuur aanvaar omdat dit al is waaraan hulle gewoond is (1995:16). Sonder dieselfde vryhede en regte as professionele joernaliste, het Oettinger geskryf, kan studentejoernaliste nie die rol vertolk wat hulle veronderstel is om te vertolk nie, aangesien hulle net soos professionele joernaliste kritiese waghonde moet wees (1995:16).

Die Poynter Instituut het 'n handleiding, *A free and responsible student press*, geskryf deur Robert Dardenne (1996), uitgegee waarin die rol van Amerikaanse skool- en studentekoerante oor die verloop van 'n paar jaar bekyk is asook hoe sulke koerante bestuur behoort te word ten einde die meeste persvryheid vir dié koerante te verseker. Aangesien studentekoerante en die vryheid van spraak wat daardeur vergestalt word, 'n belangrike deel van die opvoedkundige stelsel vorm en 'n waardevolle hulpbron is vir die gemeenskap waarbinne dit uitgegee word, behoort hierdie koerante volgens Dardenne beskerm en gekoester te word (1996:54). Hy het egter geskryf dié vryheid is nie altyd eerbiedig nie en dat administrateurs streng kontrole uitgeoefen het, wat ingesluit het goedkeuring wat vooraf oor inhoud gegee moes word, sekere artikels wat gesensuur is en andersins wettige inhoud wat verbied is (1996:54).

Dardenne het ook in sy handleiding verwys na *Law of the Student Press*, die regshandboek van die Amerikaanse Student Press Law Center wat in Washington gesetel is. Volgens hom moedig *Law of the Student Press* studentekoerante aan om

- 1) hulself nie te sensuur net omdat hulle verwag administrateurs gaan hulle sensuur nie,
- 2) teen enige sensuur te appelleer en
- 3) openbare drukgroepe (insluitend die plaaslike media) moet gebruik om hulle te ondersteun in hul strewe na vryheid van spraak (1996:55,56).

Die Student Press Law Center moedig studente en skoliere selfs aan om alternatiewe of ondergrondse publikasies te begin wat nie deur die opvoedkundige instelling gesubsidieer word nie as dit sal help om hul vryheid van spraak te verbeter (1996:56).

Vervolgens het Dardenne die situasie van studentekoerante soos volg opgesom (1996:56):

“Much of what is written about students’ press and expression rights describe a school environment of conflict and controversy. Not all school systems operate that way, nor should they. As a rule, the student press shares and furthers the educational goals of the school. While the press and other elements of the school may have an adversarial relationship at times, their common goals make all situations learning experiences. And those experiences should be encouraged, not stifled. Each member of the school community, from the least to most powerful, can help ensure that rights of expression, including press freedom, work to educate, inform, and include all students.”

In die artikel “The challenges facing student media – and their advisers” word ’n onderskeid getref tussen privaat en openbare kolleges en universiteite in Amerika, asook die verskillende regte wat studente aan daardie instellings het (2004:1). By openbare instellings het studente die reg om self die inhoud van hul publikasies te bepaal, maar by privaat instellings geld algemene grondwetlike regte soos vryheid van spraak nie noodwendig nie. Die artikel verwys ook na die algemene voorkoms van publikasierade aan wie die redaksies moet rapporteer en dat sulke rade gewoonlik só saamgestel word dat die meeste lede uit studente bestaan wat ’n verskeidenheid van kampusorganisasies verteenwoordig. In een geval wat genoem word, word die publikasieraad se lede deur die studenteraad verkies.

Die situasie tussen studentekoerante en die universiteitsowerhede word as volg opgesom (‘The challenges,’ 2004:1):

“Because collegiate student publications fill several roles – simultaneously being an educational tool, an outlet of student expression, a way of keeping the campus informed, and a part of the institution’s public face – it is not surprising that they are the source of student-administrator tension. [...] One of the issues we face all the time is attempts by various groups – administrators, special interest groups, or student groups – to control the content of student media. Because newspapers are more common and because newspapers are more widely distributed, they tend to come under fire the most.”

Naas die Hazelwood-hofsaak beperk nóg 'n Amerikaanse hofsaak, *Hosty versus Carter* in Junie 2005, veral Amerikaanse studentekoerante wat direk deur openbare universiteite gefinansier word (Healy, 2007:267; Kirtley, 2005¹⁸). In dié saak is bevind 'n studentedekaan van die Governors State University, Patricia Carter, het nie persvryheid ondermyn nie deur na bewering die drukkersmaatskappy te verbied om die betrokke studentekoerant, *Innovater*, wat sedert 1971 bestaan en deur studentegelde gefinansier word, sonder haar toestemming te druk en voordat sy nie die koerant afgeteken het nie (Healy, 2007:267; Kirtley, 2005). Drie studente het Carter vir \$1.15 miljoen gedagvaar, maar die hof het bevind die koerant word onder die vaandel van die universiteit uitgegee en dus is “redelike regulering” toelaatbaar (Healy, 2007:267; Kirtley, 2005).

Waar die Hazelwood-saak nie spesifiek op Amerikaanse universiteitskoerante van toepassing was nie, het die Hosty-saak dié situasie verander en is ruimte daardeur geskep om wel ook universiteitskoerante se persvryheid te beperk (Healy, 2007:267). Die vraag wat volgens die uitspraak gevra moet word, is wanneer 'n gesubsidieerde publikasie 'n openbare forum is of nie, want dit sal bepaal in watter mate die Hazelwood- en Hosty-uitsprake toegepas kan word (Kirtley, 2005).

Ten slotte het Kirtley in 'n artikel in die *American Journalism Review*, “Paying the Piper”, geskryf universiteitstudente, stemgeregtigde burgers en moontlike toekomstige leiers, behoort die vryheid te hê om owerhede te bevraagteken, uit te daag en te kritiseer. Sy het ook geskryf die owerhede staan onder geen verpligting om die media te befonds nie, maar indien hulle dit wel doen, moet diegene wat die finansiële hulp aanvaar, bereid wees om die hoë prys te betaal – en dit is die verlies aan onafhanklikheid (Kirtley, 2005).

4.2. Die Matie as onderwerp van navorsing

Akademiese navorsing oor *Die Matie* as onderwerp is uiters skaars en oor spesifiek die koerant se mediabeheer en selfregulering is daar, sover gevind kon word, weinig in 'n akademiese konteks geskryf.

Een belangrike artikel wat relevant is tot hierdie studie oor *Die Matie*, is Bouwer se artikel (2004, 25-42).

Bouwer gee 'n oorsig oor persvryheid van studentemedia in Suid-Afrika, waaronder *Die Matie*. Die rol van studentemedia binne die studentegemeenskap word bespreek, asook die verantwoordelikhede van die (studente)pers en verskillende vorme van sensuur. Naas 'n verwysing na *Die Matie* se Finansiële Oorsigkomitee wat as 'n regulerende liggaam gesien word (2004:35), skryf Bouwer oor twee gevalle waar die universiteitsowerhede by bedryfsake ingemeng het.

¹⁸ Hierdie artikel is op die webblad van die *American Journalism Review* gevind en geen bladsynommers is beskikbaar nie.

Die eerste verwysing is soos volg:

“In 1994, however, the University of Stellenbosch imposed a ‘suspended sentence’ on the editorial team of *Die Matie* after an unedited full-frontal photo of naked men was published in one issue. [...] The suspended sentence involved the withdrawal of further funding by the university, hanging the publication of a written apology in a ‘prominent position on the front page’ of the next issue” (2004:33).

Bouwer verwys dan na nog ’n geval waar inmenging ter sprake was:

“In 1996 *Die Matie* was closed by university administration because of alleged cash flow problems (*Die Burger*, 1996:1). The editor at the time, Ms Liza Albrecht, hinted that the authorities had a hidden agenda for their action” (2004:33).

Oor *Die Matie* se ontstaan en geskiedenis is daar reeds minstens drie keer geskryf.

Eerstens word daar in hoofstuk 16 van die boek *Stellenbosch 1866 – 1966: Honderd jaar hoër onderwys*, saamgestel deur H.B. Thom, “Studentelewe – die jongste tydperk” na *Die Matie* verwys (1966:377-380). Tweedens het J.D. Froneman (1995) ook verskeie verwysings na *Die Matie* gemaak in sy doktorstesis *Die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur Stellenbosse studente, 1902-1948*. Derdens het Willem Kempen, *Die Matie* se redakteur in 1993/1994¹⁹, ’n oorsig oor *Die Matie* se geskiedenis tot en met 1995 gegee in ’n artikel in die *Stellenbosch Joernalistieke Insig*, ’n jaarlikse publikasie van die US se Departement Joernalistiek wat van 1995 tot 1998 verskyn het.

4.2.1. *Die Matie* in nie-akademiese verwysings

Die hoofstuk in *Stellenbosch 1866 – 1966: Honderd jaar hoër onderwys* gee ’n oorsig oor studentepublikasies aan die Universiteit van Stellenbosch in die genoemde jare, waaronder *Die Matie*. Die ontstaan, politieke affiliasie, gebeure rakende die eerste verskyning, oud-redaksielede, intekengeld, rubrieke en die verhouding met *Die Student* word onder meer bespreek.

¹⁹ Willem Kempen was redakteur in 1994 toe *Die Matie* kondome saam met hul eerstejaarsuitgawe versprei het. In dieselfde uitgawe het ’n foto van naakte mansstudente verskyn wat deur die J.S. Gericke-biblioteek hardloop. Sowel die naakfoto as die kondome het heftige kritiek ontlok, ook vanaf die US-bestuur en die SR.

Oor die posisie van *Die Matie* met sy stigting in 1941 word gesê die “ANS [Afrikaanse Nasionale Studentebond] was die ‘vertolker van ’n gedagtestroming’ en *Die Matie* sou hom by die werksaamhede van hierdie vereniging bepaal” (Booyens, 1966:377).

Die ANS is as die “mees ondernemende vereniging” (Booyens, 1966:377) in Matieland gesien.

“*Die Matie*, wat homself aangekondig het as ’n ‘forum’ vir die uitwisseling van studentemenings, was vanuit die staanspoor lewenskragtig en militant. Toe juis in hierdie tyd die kritieke stryd tussen die Ossewa-Brandwag en die Herenigde Nasionale Party die studentegemoedere in beroering bring, probeer *Die Matie* aanvanklik neutraal bly, maar kom tog onder verdenking van pro-OB gesind te wees” (Booyens, 1966:378).

Ná ’n monstervergadering waarop daar “aangedring is [dat] die blad in die ban gedoen word”, bly *Die Matie* voortbestaan, hoewel nou as “die uitgesproke mondstuk van die ANS” (Booyens: 1966:378).

In 1946 het *Die Matie* van die toneel af verdwyn ná hy nie kompetisie met die Nasionale Jeugbond se blad, *Werda*, kon volhou nie (Booyens, 1966:379). In Oktober 1947 het *Die Matie* weer verskyn nadat “die studenteraad besluit het om ’n eie koerant op te rig”. Die “nuwe” *Die Matie* “sou die mondstuk van die studenteunie wees” (Booyens, 1966:379).

Die eerste vyftig jaar van *Die Matie* se geskiedenis word behandel in die artikel “*Die Matie*: Dink rewolusionêr, leef gevaarlik”. Kempen skryf (1995:50):

“Hoewel die koerant tot in 1987 die woorde ‘Onder beskerming van die Studenteraad’ op sy mashoof gedra het, was dit van meet af onafhanklik van die SR, en het nooit geskroom om hom te kritiseer nie”.

Die rektor en die SR was by magte om redaksielede af te dank of te skors. Kempen noem twee voorbeelde. Oor die eerste geval skryf hy (1995:52):

“In 1984 kritiseer die redakteur van dié jaar, Corinne Oosthuizen, die aanstelling van P.W. Botha as kanselier van die US as ‘te partypolities’. Die rektor, Mike de Vries, dank haar as redakteur af daarvoor, maar sy word kort daarna weer in haar amp herstel nadat ’n landwyse polemiekie oor De Vries se optrede uitgebreek het”.

Oor die tweede geval skryf hy (1995:52):

“Toe Tina du Toit, skrywer van ‘Perspektiewe en Dinge’ in [...] April 1990 sê ‘die SR het nie knaters nie’, dank die SR haar summier af.”

Du Toit het ’n klag by die studentehof ingedien om haar afdanking ter syde te stel en die mosie teen haar ongeldig te laat verklaar (Sole, 1990:3; Naudé, 1990:7; Maties bots, 1990:13), maar haar appèl het misluk (Matie-joernalis, 1990:8) en dus is sy, anders as in die geval van Oosthuizen, nie weer by *Die Matie* heraangestel ná haar aanvanklike afdanking nie.

4.2.2. *Die Matie* in akademiese verwysings

Die Matie word etlike kere genoem in Froneman se doktorstesis oor Afrikanernasionalisme onder Stellenbosse studente van 1902 tot 1948 . Eerstens verwys Froneman na onderwerpe waarvoor *Die Matie* geskryf het, tweedens meld hy wat *Die Matie* se politieke benadering was en derdens noem hy enkele gevalle waarin pogings aangewend is om *Die Matie* in sy beginjare te verbied.

Vervolgens voorbeelde van die onderwerpe waarvoor *Die Matie* volgens Froneman geskryf het vanaf 1941 tot 1948:

- Die verdeeldheid van studente oor klerereëls, byvoorbeeld dat vrouestudente sykouse moes dra en mansstudente pakke tydens Sondagaandetes (1995:211).
- “*Die Matie* (21 Maart 1947) het stellig verklaar dat die studente kerkbewus was en ‘ons kerk... ’n sieraad in ons studentelewe (is)’” (1995:211).
- Die verbod op ontgroening deur die universiteitsowerhede en die negatiewe publisiteit wat die universiteit gekry het wanneer ontgroening steeds voortgegaan het (1995:213).
- “*Die Matie* (28 April 1944) het in ’n hoofartikel gewag gemaak van die ‘algemene gees van losbandigheid en onverstaanbare onverantwoordelikheid’ wat by ‘bykans alle studentebyeenkomste’ aan die orde van die dag was” (1995:213).
- Die groei in studentegetalle en die tekort aan verblyf (1995:214).
- “*Die Matie* (31 Maart 1944) het prontuit na die negatiewe invloed van die ‘vergiftigende bioskoopkultuur’ verwys wat denasionaliserende invloede, waaronder die Amerikaanse kapitalisme, aan Afrikanerstudente voorgehou het as navolgingswaardig” (1995:215).
- Die “hartlike samewerking” tussen die Afrikaanse Nasionale Studentebond en die Ossewa-Brandwag (1995:228).

Die Matie het in 1941 begin verskyn as “’n inisiatief van die ANS en [het] later die mondstuk van die hele studenteunie geword” (Froneman, 1995:272).

Die koerant se sogenaamde “polemiese styl” (Froneman, 1995:231) het egter sy “OB-simpatie verrai” en in 1942 het ’n “monstervergadering die universiteitsenaat selfs versoek om *Die Matie* te verbied (Froneman, 1995:272).

“Die sneller vir dié poging was *Die Matie* se weiering om apologie aan te teken oor ’n aanvegbare artikel in die uitgawe van 24 April 1942 waarin ’n refleksie op dr. D.F. Malan, leier van die HNP en kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, gewerp sou gewees het (Möller²⁰, 1994). Die SR het die volgende versoek aan *Die Matie* se redakteur gestel: Dat afgesien word van die benaming *Stellenbosche* (sic) *Studentekoerant*; dat ’n apologie oor die artikel gepubliseer word; en dat die blad hom verbind om af te sien van die aanwakker van tweedrag onder studente” (Froneman, 1995:231).

Die Matie het geweier om aan dié versoek te voldoen en ná ingryping het die senaat *Die Matie* verplig om “apologie aan te teken, maar hy kon voortgaan met publikasie” (Froneman, 1995:232):

“*Die Matie* self het hul reg om voort te gaan met publikasie as ’n oorwinning vir reg en rede bestempel. In kenmerkende styl het die blad in ’n hoofartikel verklaar: ‘*Die Matie* het publisiteit gekry en ’n roem verwerf soos geen studentebled in Suid-Afrika nog ooit geniet het nie” (19 Junie 1942).

4.3. Opsomming

Soos uit die literatuurstudie blyk, bestaan daar feitlik geen akademiese bronne oor *Die Matie* nie, en is *Die Matie*, en ook die koerant se regulering en selfregulering, sedert 1995 nog glad nie op enige manier ondersoek nie. Die doel van hierdie studie is om daardie leemte te vul.

²⁰ Tappies Möller, SR-voorsitter in 1942.

5. Oorsig: *Die Matie* se doel, ontstaan en geskiedenis

Die eerste uitgawe van *Die Matie* het, met W.A. Joubert as redakteur, op Vrydag 1 Augustus 1941 op Stellenbosch verskyn as 'n koerant wat "hom beywer [het] vir die standpunte van die ANS", soms ook op "militante wyse" (Kempen, 1995:50; Booyens, 1966:377). In die hoofartikel in die eerste uitgawe is geskryf dat "[v]ir die eerste keer in die geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch daar hiermee in ons studenteunie 'n weekblad [ontstaan] wat gaan dien as ons eie koerant" (Ons poging, 1941:2). Die woorde "Stellenbosse studentekoerant. Orgaan van die ANS-tak" het onder die mashoof verskyn.

Die "taak wat *Die Matie* vir homself gestel het" was as volg (Ons poging, 1941:2):

"As hy daarin gaan slaag om die medewerking van 'n groot leserskring te verkry; as hy hierdeur gaan bydra tot 'n groter belangstelling in die werksaamhede van ons medestudente, tussen die verskillende vertakkinge van ons studentelewe; as hy gaan dien as die forum waar ons gedagtes gaan wissel oor sake van belang om leiding te kry en te gee in die rigting van die Afrikaner-idee, wat die Idee van Stellenbosch en van die ANS is, dan het die uitgewers met hierdie nuwe publikasie hul baie spesifieke doelstellings bereik. Dan sal hierdie poging 'n sukses gewees het."

Op Vrydag 31 Julie 1942 het 'n uitgawe verskyn waarin *Die Matie* se eerste verjaarsdag gevier is. Volgens die hoofartikel in daardie uitgawe, "Die standpunt van ons jeug" (1942:2), sou dit "in die nuwe jaar nog steeds die beleid van *Die Matie* wees om die idees van die rewolusie van die 20^{ste} eeu te propageer," naamlik 'n republiek wat "gegrondves [is] op die Christelik-Nasionale beginsels van ons voorvaders wat in die Kruger- en Steyn-republieke tot volle ontplooiing gekom het, en ons gaan tevrede wees met niks minder nie". Die hoofredakteur in daardie uitgawe is aangegee as die "ANS-takleier".

Oor die doel van *Die Matie* is as volg in die genoemde hoofartikel geskryf (1942:2):

"Die plaaslike ANS-tak het 'n tweërlei doel met die uitgee van 'n weekblad gehad, naamlik om 'n orgaan daar te stel vir die verspreiding van universiteitsnuus en vir die propagering van die Afrikaner-idee. Afgesien van die nuusaspek was dit dus van die begin die beleid van *Die Matie* om positiewe leiding te gee ten op sigte van die verwesenliking van ons Afrikaner-ideale. As sulks het *Die Matie* nog steeds die standpunt van ons jeug vertolk."

Met *Die Matie* se vierde verjaarsdag in 1945 word hulde gebring “aan die eerste verskyning van hierdie kragtige vertolker van die Boeregees in die studenteunie” (’n Terugblik, 1945:2):

“Met vreugde kyk *Die Matie* terug op ’n suksesvolle bestaan en met vertroue gaan hy verder met die gedagte om die Boerevolk te dien en Afrikaner-ideale suiwer te propageer. Hierin lê sy diens ook aan die Alma Mater wat uit die Afrikaner se worstelstryd gebore is. Baie mosies en boikots het hy (*Die Matie*) weerstaan, hom ingeburger en die liefling van elke student geword” (’n Terugblik, 1945:2).

Die Matie het egter oor verloop van jare nie noodwendig “die liefling van elke student” gebly nie.

“’n Monstervergadering het in 1942 daarop aangedring dat die blad in die ban gedoen word, ‘aangesien dit ’n gees van tweedrag onder die studente saai’. Deur bemiddeling van die rektor bly *Die Matie* voortbestaan, maar word nou die uitgesproke mondstuk van die ANS wat op ondubbelsinnige wyse die vervanging van die partystelsel deur die leierskapbeginsel bepleit. *Die Matie* [...] gaan voort met die propagering van sy beleid, maar word in ’n wye studentekring koel ontvang. In 1946 laat die studentetak van die Nasionale Jeugbond sy eie koerant, *Werda*, as teenvoeter van *Die Matie* verskyn. In die verbete stryd wat nou volg, kan nie één van die twee dit volhou nie en albei verdwyn van die toneel” (Booyens, 1966:378,379).

Die studenteraad het egter in 1947 besluit om *Die Matie* weer te laat verskyn, maar dié keer onder hulle beskerming, en ook het hulle besluit om *Die Matie* gratis aan die hele studenteunie te versprei wat vir ’n “wye algemene leserspubliek gesorg [het] en die blad inderdaad tot mondstuk en klankbord van die studentemening gemaak [het]” (Booyens, 1966:378,379).

Eers weer in 1983, op 14 Maart, is ’n SR-mosie teen *Die Matie* ingedien met die doel om die koerant op te skort as gevolg van *Die Matie* se “onvermoë om hoegenaamd ewewigtig verslag te doen, nuusdekking te gee en te rapporteer oor die breë spektrum van studente-aktiwiteite” (Kempen, 1995:52). Senior studente was glo ongelukkig oor ’n lys name wat gepubliseer is van personelede wat lid van die Afrikaner Broederbond sou wees, dekking aan “die probleme waarmee anderskleurige studente op die kampus te doene het”, te min dekking aan nuus vanuit koshuise en die US se administratiewe afdelings, en *Die Matie* se uitsprake dat doop “onchristelik en onmenslik” is (Albrecht, 1983:5; Maties verdeeld, 1983:3; Albrecht, 1983:1).

'n Monstervergadering is uitgeroep om op 'n openbare forum oor *Die Matie* se toekoms te besin en om die destydse redakteur, Jacques Joubert, uit sy pos te ontslaan (Albrecht, 1983:5). In reaksie hierop het nege oud-redakteurs van *Die Matie* in 'n verklaring gesê sou die “mosie van sensuur” op die monstervergadering aanvaar word, sou “die blad se status as onafhanklike en kritiese studentekoerant aangetas word” (Aikôna, 1983:3). Hulle het ook gesê “pogings om *Die Matie* te muilband of dienstig te maak aan 'n bepaalde denkstroom, sou indruis teen die tradisie wat in bykans 40 jaar opgebou was” (Aikôna, 1983:3). 'n “Oorweldigende meerderheid Maties” het egter teen die mosie gestem en Joubert is “skouerhoog uit die saal gedra” (Albrecht, 1983:1).

In 1984 is *Die Matie* se eerste vroueredakteur, Corinne Oosthuizen, deur die rektor, prof. Mike de Vries, afgedank omdat sy oudpres. P.W. Botha se aanstelling as kanselier van die US in 'n hoofartikel gekritiseer het en gesê het dit is jammer hy is “so 'n polities-betrokke figuur” (Albrecht; 1984:1; ‘Matie free press’, 1984:1; Albrecht, 1984:5). Die rektor se rede vir haar afdanking, met steun van die SR, was “dat die universiteit nie langer die aanhoudende negatiewe en afbrekende kommentaar en beriggewing in *Die Matie* [kon] duld nie” (Albrecht; 1984:1; ‘Matie free press’, 1984:1; Albrecht, 1984:5). Oosthuizen is egter kort daarna weer deur die rektor in haar pos aangestel nadat haar afdanking hewige openbare kritiek ontlok het (‘Die Matie editor’, 1983:4; ‘Matie editor’, 1983:21).

Op Woensdag 13 Maart 1985 is weer 'n monstervergadering gehou om oor *Die Matie* se toekoms en voortbestaan te besin aangesien *Die Matie*, volgens die ondergetekendes van die mosie, “nie die beeld van die universiteit in sy beriggewing [ge]dien [het] nie” en omdat *Die Matie* “ten alle koste probeer [het] om die unieke karakter van ons koshuise en kampus af te breek” (*Die Matie* beveg, 1985:1). In verband hiermee het *Die Matie* as volg in 'n hoofartikel gereageer wat op die voorblad van daardie uitgawe geplaas was:

“Sou 'n mosie teen *Die Matie* aanvaar word, sou dit as 'n teken dat die Stellenbosse studente bang is vir 'n koerant wat dinge oopvlek, geïnterpreteer kon word. Dit sou lei tot verdere onnodige publisiteit. *Die Matie* is nie verhewe bo kritiek nie. Aangesien die koerant self krities is, verwelkom ons dit. Ons voel egter dat kritiek rasioneel bespreek moet word, en daartoe leen 'n emotiewe aangeleentheid soos 'n monstervergadering hom nie. In die hele termyn van die huidige redaksie tot dusver is net een klagte²¹ ontvang deur die Publikasiekomitee, aan wie klagtes oor *Die Matie* reglementêr gerig moet word” (Monster, 1985:1).

²¹ Die een klagte wat by die Publikasiekomitee aanhangig gemaak is, volgens die destydse SR-lid vir publikasies, was “na aanleiding van die min karnavalnuus in *Die Matie* van 28 Februarie” (Monster, 1985:9).

Elf oud-redakteurs van *Die Matie* het in reaksie hierop 'n persverklaring uitgereik²² waarin hulle gesê het “*Die Matie* het 'n lang en trotse tradisie van kritiese en onafhanklike beriggewing en kommentaar” en dat dit “hopelik nie deur 'n ondeurdagte, tydsgebonde besluit ongedaan gemaak sal word nie” (Oud-redakteurs, 1985:8).

Oud-redakteurs het in dieselfde uitgawe ook die volgende oor “*Die Matie* se rol op kampus” geskryf (Oud-redakteurs praat, 1985:9):

- **Ds. Jozua van der Lugt** (1953, 1956): Ek sien *Die Matie* as 'n volwaardige koerant wat 'n eie opinie moet hê, maar ook die studente-opinie moet uitdruk.
- **Etienne van Heerden** (1977): Aan die een kant moet *Die Matie* inligting weergee, maar aan die ander kant moet hy ook gesprek stimuleer en rondom kontroversiële aangeleenthede vrae stel.
- **Chris Heymans** (1978): *Die Matie* behoort sowel beriggewer as kommentator te wees. Albei die funksies moet *Die Matie* krities benader. *Die Matie* het vanaf die sestigerjare van lokaal-realisme wegbeweeg en in die laat-sewentigerjare vir hom 'n politieke funksie afgebaken.
- **Louis Heyneman** (1979): Die heel belangrikste is persvryheid. As die studenteunie die persvryheid van *Die Matie* inkort, sny hulle hul eie keel af. Die goue middeweg moet tussen sosiale nuus en kontroversiële aangeleenthede gevolg word en hierin moet die studente die *Matie*-redakteur vertrou.
- **Ian Theron** (1982): 'n Studentekoerant kan hom nie alleen bepaal by studentesake nie. *Die Matie* moet 'n goed ingeligte student die wêreld instuur deur nie alleen studente-aktiwiteite te dek nie, maar ook ander aktuele sake wat die lesers in die breë verband raak.
- **Corinne Oosthuizen** (1983): *Die Matie* het 'n veelsydige funksie, en die koerant is in die unieke posisie dat dit die enigste onverbonde studentekoerant is. Daarom kan *Die Matie* meer as enige ander koerant berig gee oor alle kante van kontroversiële sake.

Op Vrydag 3 Maart 1989 is 'n hoofartikel in *Die Matie* gepubliseer met die titel “Die rol van *Die Matie*” (1989:12).

“Wat is die rol van *Die Matie*? Wat is die rol van enige koerant? Drie funksies word algemeen aangedui, naamlik om in te lig, te vermaak en op te voed. In die reglemente van die studenteraad staan dat *Die Matie* nuus en artikels moet publiseer oor sake 'wat vir sy

²² Naas *Die Matie* se eie beriggewing oor hierdie aangeleentheid, het daar ook berigte verskyn in *Die Burger* (“*Matie*-redakteurs spreek kommer uit”, 13 Maart 1985) en *The Argus* (“Ex-editors support *Die Matie*'s 'critical' role”, 13 Maart 1985).

lesers van belang is'. Die reglemente is ook van 'n redaksionele kode vir *Die Matie* voorsien. Dit sê onder meer *Die Matie* 'streef daarna om alle nuus ewewigtig, korrek en objektief weer te gee' en dat *Die Matie* 'indringende, ontledende artikels oor die breë landspolitiek steeds as deel van sy opdrag beskou'."

Tina du Toit, 'n rubriekskrywer en assistent-redakteur van *Die Matie*, is in 1990 ná 'n groot omstredenheid deur die SR afgedank omdat sy volgens die SR *Die Matie* "se redaksionele kode in haar satiriese rubriek [...] met haar skryfstyl, woordgebruik en neerhalende verwysings oortree het nadat sy herhaaldelik gewaarsku is" (Matie-rubriekskrywer, 1990:8). Die SR het 'n mosie teen haar ingedien omdat sy glo, volgens 'n berig in *Die Matie*, haar nie gesteur het aan "ernstige vermanings van die mediakomitee" nie en omdat die "SR nie van haar styl gehou het nie" (Venter, 1990:2). Volgens berigte in die *Vrye Weekblad* en *Die Burger* het Du Toit ook glo "die 'Christelike karakter' van die US aangetas" (Joubert, 1990:6).

Nie net *Die Burger* nie, maar ook *Vrye Weekblad* het oor dié aangeleentheid berig en sterk sentimente vir én teen *Die Matie* het uit die beriggewing geblyk (Vonke spat, 1990:4; Joubert, 1990:6). Die opskrif van *Vrye Weekblad* se berig op 11 Mei 1990 was "Storm om Matie-afdanking woed voort". 'n SR-lid, Herman Burger, het glo gesê Du Toit "het die pad byster geraak en deur haar te tug, betoon [die SR] net die grootste naasteliefde aan haar" (Joubert, 1990:6).

Ook het die SR kort ná Du Toit se afdanking 'n "mosie aanvaar waarin hulle vryheid van spraak en van die pers ondersteun" (Venter, 1990:2)

Hierop het Du Toit as volg gereageer:

"Die SR tree op soos kinders van die P.W. Botha-era. Hulle is arrogant, dominerend en heeltemal onregverdig. Dit is totaal in teenstelling met wat in die res van die land aangaan. Deur 'n mosie ter ondersteuning van vryheid van spraak te aanvaar onmiddellik nadat ek afgedank is, wys dat die SR 'n klomp tweegatjakkalse is" (Joubert, 1990:6).

Met *Die Matie* se vyftigste bestaansjaar is in 'n hoofartikel geskryf "die koerant staan heeltemal onafhanklik van enige groepering by die universiteit, hetsy polities of amptelik [en] daarom stel die mashoof dit duidelik dat ons die mondstuk van die Stellenbosse student is" (Meer oor, 1991:6). In 'n voorbladberig op Donderdag 23 April 1992 waarin hulde gebring word aan die vyftigste termyn is geskryf "*Die Matie* het 'n unieke karakter behou, en is vandag een van die min werklike onafhanklike studentekoerante in Suid-Afrika" (Halfee, 1992:1).

Willem Kempen, redakteur in 1993/1994, het in sy oorsig oor *Die Matie* se eerste vyftig jaar geskryf “die politiek van *Die Matie* het telkens die politiek van wit Suid-Afrika geword” (1995:50).

“*Die Matie* het in die bykans 50 jaar sedert sy ontstaan die volle pad van wit Afrikaner-nasionalisme geloop; van die verkiesing van die NP in 1948, tot by F.W. de Klerk se toespraak in Februarie 1990. *Die Matie* [het] al in 1949 gewys op die gevare en kostes van apartheid, [...] in 1975 gewys op die gevare van konformistiese Afrikanerdenke en [...] in 1986 al gevra vir die ontbanning van die ANC” (1995:52).

Ook het *Die Matie* in 1966 vir die eerste keer oor vroueregte geskryf; in 1981 die volledige oopstelling van die US bepleit; van 1982 tot 1984 “Ruiterwag-betrokkenheid op Afrikaanse kampusse” ontbloot en name en foto’s van studenteleiers gepubliseer wat glo lede was van die Ruiterwag; in 1984 kritiek uitgespreek teen die politikus P.W. Botha wat as die US se kanselier aangewys is; in 1985 “nie die beeld van die universiteit gedien nie” deur “ontgroeningswanpraktike by die manskoshuis Wilgenhof”²³ aan die lig te bring en “groot prominensie [te] verleen” aan die United Democratic Front. Ook in 1985 was die redakteur van daardie jaar, Eric le Grange, een van die Matie-studente wat die ANC-jeugliga in Lusaka besoek het; op 15 Mei 1986 is die banieropskrif op die voorblad “Wettig die ANC”; en op 10 Mei 1990 is die hoofopskrif “ANC by Maties – Mbeki en Sachs vra vrede” saam met ’n “reuse-foto van Thabo Mbeki omring deur Matie-studenteleiers” (Kempen, 1995:51,52).

Ander belangrike gebeure in die geskiedenis van *Die Matie* wat in besonderhede in hoofstukke ses tot nege van hierdie studie bespreek word en nou net kortliks vermeld word, was die eerstejaarsuitgawe in 1994 waarin nie net ’n foto van naakte manstudente gepubliseer is nie, maar waarmee saam ook ’n gratis kondoom versprei is; ’n anonieme brief wat in 1995 gepubliseer is en wat, volgens hulle, op ’n neerhalende en beledigende manier verwys het na prof. Andreas van Wyk, toe rektor van die US, en prof. Christo Viljoen, toe vise-rektor; die totstandkoming van *Die Matie* se amptelike gedragskode in 1996 met die mediaraad as amptelike liggaam om klagtes te hanteer; die eerste (en tot op hede enigste) sitting van die mediaraad in 2001; en die totstandkoming van die Finansiële Oorsigkomitee in 2002.

²³ Op dieselfde voorblad van *Die Matie* op Donderdag 28 Februarie 1985 waarop foto’s verskyn het van SR-lede en prims wat lede is van die geheime organisasie Ruiterwag, het die hoofberig handel oor ’n verslaggewer van *Die Matie* wat “deur ’n groep gemaskerde manstudente van Wilgenhof ontvoer, aangerand, gevef en met stroop en vere besmeer” is. Die verslaggewer “was besig met ’n ondersoek na oriënteringspraktike op Stellenbosch” (Honey, 1985:1).

5.1. Sensuur op kampus

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat sedert *Die Matie* se ontstaan individue of groepe probeer het om óf aan *Die Matie* voor te skryf wat om te publiseer óf daar is probeer om *Die Matie* te verbied of stil te maak. *Die Matie* self het in verskeie hoofartikels oor verloop van jare die koerant se onafhanklikheid bevorder en aangedring op persvryheid en vryheid van spraak (Vrye pers noodsaaklik, 1989:10; Meer oor, 1991:6; *Die Matie* skryf steeds vry, 1990:8; US het vrye pers nodig, 1990:8).

Die Burger het op 14 Maart 1985 berig oor 'n mosie van wantroue wat teen *Die Matie* ingestel is omdat die koerant “te veel klem gelê [het] op omstrede politieke beriggewing, terwyl studentesake afgeskeep word”. Tielman Roos, wat die mosie voorgestel het en wou hê die redaksie moes bedank, het volgens *Die Burger* gesê “*Die Matie* dra nie die beeld van die Stellenbosse student korrek na buite nie” en “'n studentekoerant kan nie op persvryheid roem nie, aangesien hy 'n verantwoordelikheid het teenoor die studenteunie wat hom indirek finansier” (1985). Roos wou glo ook hê dat die SR “die redaksiesamestelling van *Die Matie* aanpas sodat elke koshuis ten minste een redaksielid, wat deur die HK aangestel word, het” (*Die Matie* beveg, 1985:1).

Op 13 Maart 1985 het elf oud-redakteurs in 'n persverklaring in *Die Matie* geskryf “*Die Matie* het 'n lang en trotse tradisie van kritiese en onafhanklike beriggewing en kommentaar”. Hulle het dit as volg gestel:

“*Die Matie* het 'n plig om oor sowel die goeie as die slegte, sowel dit waarop Stellenbosch trots is as dit waaroor self-ondersoek nodig is, te skryf. Om *Die Matie* daarin te probeer stuit is om persvryheid in te kort (1985:8)”.

Die studenteunie het die Roos-mosie verwerp met 666 stemme teenoor 399 (Mosie teen *Die Matie* verwerp, 1985:1; Maties verwerp, 1985:1).

Hieroor het *The Argus* as volg op 14 Maart 1985 in 'n hoofartikel, getiteld “Bravo, Maties”, geskryf:

“In spite of charged emotions over *Die Matie*'s disclosures on initiations, the students have endorsed the principles of a free, unfettered press and the need for open communication even in highly controversial matters. The temptation to close ranks and to retreat in such situations is powerful, but the students have shown admirable spirit in voting with their heads and not their hearts” (‘Bravo, Maties’, 1985:18).

Die Matie het die verwerping van die mosie as 'n oorwinning beskou en as "'n kompliment vir die studente van Stellenbosch". In die redaksionele kommentaar, getiteld "Monster-uitslag is oorwinning vir redelikheid", was *Die Matie* se reaksie as volg (1985:6):

"Die uitslag is 'n oorwinning vir redelikheid en ruim denke. Dit bewys dat Maties nog vir hulself 'n saak rasideel kan uitmaak, ten spyte van emosionele opsweping teen *Die Matie*. Soos dit aan 'n universiteit behoort, is mense nog bereid om pers- en akademiese vryheid, 'n kritiese gees en die oop gesprek te aanvaar. Hierdie volwasse benadering gee nuwe hoop vir die toekoms van die Universiteit van Stellenbosch as een van die mees invloedryke akademiese instellings in die land."

Op 2 Februarie 1987 het *The Citizen* berig *Die Matie* het die SR van sensuur beskuldig ("Matie paper hits at censorship", 1987:16). Volgens die berig het *Die Matie* streng opgetree volgens 'n etiese kode wat glo twee jaar vantevore in samewerking met akademici opgestel en deur die SR goedgekeur is (1987:16).

"The present SRC accepted the code in terms of which both sides had to be reflected in reports, which also had to be fair and balanced. "Censorship is not mentioned at all in the code," said *Die Matie*. Complaints about reports should be referred to the publication committee, a sub-committee of the SRC, and these would be investigated in depth" (1987:16).

Soos vroeër bespreek, het die SR in Mei 1990 'n "mosie aanvaar waarin hulle vryheid van spraak en van die pers ondersteun" (Venter, 1990:2). Dit het gevolg op die afdanking van Tina du Toit, assistent-redakteur en rubriekskrywer, omdat sy glo, volgens 'n berig in *Die Matie*, haar nie gesteur het aan "ernstige vermanings van die Mediakomitee" nie en omdat die "SR nie van haar styl gehou het nie" (Venter, 1990:2).

In Mei 1995, toe *Die Matie* gereeld oor die nuwe beplande gedragskode geskryf het, is die volgende stelling in 'n artikel in *Die Matie* gemaak en is die problematiese verhouding tussen persvryheid versus die beskerming van die US se beeld uitgewys:

"Met die drastiese vermindering van sensuur, wat die klimaat van demokratisering in Suid-Afrika kenmerk, ontstaan die vraag of persvryheid en vryheid van spraak nie so in gedrang kom wanneer dit in konflik is met die beeld van die Universiteit van Stellenbosch nie. In die

lig van bogenoemde is dit van uiterste belang dat hersiening van [Die Matie se] etiese kode geskied op die mees demokratiese wyse moontlik. Hierin is die rol van die SR as mobiliseerder belangrik om demokratisering van die media aan te moedig en te beskerm” (Ellis, 1995:12).

Indien 'n mens na die verskillende weergawes van reglemente en grondwette kyk, was *Die Matie* nooit aan sensuur onderwerp in die sin dat kopie voor publikasie eers goedgekeur moes word nie. *Die Matie* het nog nooit nodig gehad om toestemming te kry om 'n betrokke artikel te publiseer of om 'n uitgawe vooraf eers voor te lê nie of om aan die SR of US-owerhede bekend te maak wat op die nuuslys is en wat die redaksie vir 'n uitgawe beplan nie. In daardie opsig het *Die Matie* sekerlik persvryheid geniet.

Soos in hoofstuk een gesien is, en ook met bostaande voorbeelde, tree die probleem na vore nadat 'n berig of artikel gepubliseer is en klaers dan ná die tyd 'n vorm van vergelding soek of wil keer dat 'n soortgelyke berig of artikel gepubliseer word.

Naas die skriftelike klagtes, mosies, monstervergaderings, lesersbriewe en vergaderings, is daar egter ook voorbeelde waar studente as't ware die reg in eie hande geneem en probeer keer het dat 'n betrokke uitgawe verskyn of versprei word.

In 1993 is redaksielede met eiers bestook en eksemplare van *Die Matie* in die openbaar verbrand omdat studente gemeen het *Die Matie* is “godslasterlik”, “eensydig”, “negatief”, “nie meer die mondstuk van die studenteunie nie”, en dat berigte “op leuens gebaseer word” (Adema, 1993:2; Maties verbrand, 1993:2; Van Breda, 1992:3). Volgens Melissa Fourie, redakteur in 1993, het “Simonsberg, Wilgenhof en trawante na *Die Matie* se kantoor [gemarsjeer] en 'n groot hoop koerante in protes [aan die brand gestee] ten aanskoue van 'n paar fotografe van nasionale nuusblaaië” (Fourie, 2001:3). Die voorsitter van die SR in daardie jaar is aangehaal waar hy sou gesê het hy is “baie opgewonde omdat die studente standpunt ingeneem het” (Maties verbrand, 1993:2).

In Augustus 2001 is die volledige oplaag van die 2000/2001-termyn se laaste uitgawe gesteel kort nadat die koerant se verspreiding afgehandel was (*Die Matie* skoonveld, 2001:2). Hoewel 'n klag van diefstal by die polisie ingedien is, is die skuldiges nooit vasgetrek nie. Die navorser was redakteur van *Die Matie* ten tye van die diefstal en tot vandag is dit onduidelik waarom spesifiek daardie uitgawe se verskyning gekeer is omdat daar “geen opspraakwekkende stories in [was] wat enigiemand [sou wou] stil hou nie” (*Die Matie* skoonveld, 2001:2). Nie-amptelik het redaksielede met verloop van tyd verneem 'n sekere koshuis wou *Die Matie* “'n les leer en hulle wys [*Die Matie*] is nie so magtig soos hulle dink nie”. Die betrokke koshuis het glo ook 'n probleem gehad met onder meer *Die Matie* se anti-doop-standpunte. Aangesien daar egter geen amptelike of skriftelike bewyse bestaan nie, moet daar volstaan word met die feit dat 'n hele oplaag van *Die Matie* nie

verskyn het nie en dat die diewe as't ware sensuur toegepas het deur te keer dat 'n koerant vol inligting en menings nie sy lesers bereik nie.

5.2. Opsomming

Hierdie hoofstuk het 'n oorsig oor *Die Matie* se geskiedenis gebied waaruit die rol van die koerant, soos beskryf deur die redaksielede self, duidelik geblyk het. Voorbeelde is genoem van gevalle waar die koerant se voortbestaan in die verlede bedreig en redaksielede afgedank is as gevolg van konflik met SR-lede of US-owerhede. Sensuur op die Matie-kampus in die vorm van diefstal of koerante wat in die openbaar verbrand is, is ook bespreek. Hierdie gebeure vorm die agtergrond waarteen die ontstaan van *Die Matie* se amptelike gedragskode, soos bespreek word in die volgende hoofstuk, gelees moet word. Die implimentering van die gedragskode was 'n formele poging vanaf die universiteit om potensiële konflik tussen *Die Matie* en ander belangegroepe te bestuur en om die herhaling van onaangenaamhede van die verlede te vermy.

6. Ontstaan en toepassing van *Die Matie* se gedragskode

6.1 Inleiding

Die amptelike gedragskode van *Die Matie* wat einde 1995 deur die universiteitsraad aanvaar is, bly een van die koerant se belangrikste meganismes tot regulering en selfregulering en vir die redaksie is dit een van die kerndokumente wat die koerant se posisie bepaal en waaraan die koerant homself meet (Van Wyk, 1996:3; Verantwoordelikheid, 2000:6; Kloppers & Du Toit, 2001:1).

6.2 *Die Matie* se etiese kodes

'n Soektog deur die fisiese en elektroniese argiewe van *Die Matie* en die SR asook die US-argief, het slegs twee weergawes van 'n etiese/redaksionele kode vir *Die Matie* opgelewer, naamlik die kodes van 1981 en 1986. *Die Matie* het egter in onder meer die redaksionele kommentaar van 3 Maart 1989, 3 Mei 1991 en 24 Februarie 1994 en in 'n nuusberig op 4 Maart 1993 na 'n redaksionele kode verwys, asook die feit dat die koerant daaraan onderworpe was, en moes daar in ander jare ook 'n etiese kode bestaan het.

Die etiese kode van 1981 is vervat in 1981 se studenteunie-grondwet onder die artikel wat publikasies behandel (sien Addendum A).

Die bepaling oor hoe nuus in *Die Matie* hanteer moet word, lui as volg (Etiese kode, 1981:69):

“Dit is die prerogatief van die hoofredakteur om oor die nuuswaardigheid van gebeure te besluit, met dien verstande dat hy ingevolge die reglemente²⁴ verplig is om enige geskrewe stuk wat deur 'n SR-lid aan hom voorgelê is wat oor die aktiwiteite van die raad handel, te plaas.”

Oor die vryheid van die pers word gesê dit “is onafskeidbaar van en onderhewig aan dieselfde regs- en morele beperkings as dié van die individu en berus op die publiek se fundamentele reg om ingelig te word”.

Die etiese kode bepaal *Die Matie* moet “alle nuus getrou, korrek en, sover moontlik, objektief weergee” en “nuus moet in die juiste verband en gebalanseerd aangebied word en vry [wees] van verdraaiing, oordrywing, wanvoorstelling of wesentliche weglatings” (Etiese kode, 1981:69).

²⁴ Bepaling 2(d) van Artikel M (Publikasies) van die studenteunie-grondwet van 1981: “Verpligte nuusdekking: Die redakteur van *Die Matie* moet toesien dat alle SR-aktiwiteite voldoende nuusdekking kry.”

Die etiese kode bevat ook bepalings oor hoe opskrifte, foto-onderskrifte, kommentaar en lesersbriewe in *Die Matie* hanteer moet word, en dat berigte, “indien dit prakties moontlik is, [...] voor publikasie deeglik gekontroleer sal word, ten einde die juistheid daarvan te verseker” (Etiese kode, 1981:69,70).

Voorts bevat die etiese kode ’n bepaling oor “Die goeie sedes” wat lui dat “*Die Matie* [die] Christelike norme [aanvaar] soos afgelei van die Woord van God as sentrale maatstaf” (Etiese kode, 1981:70).

Die redaksionele kode vir 1986 (Addendum B) bevat ook die bepaling dat die “vryheid van die pers onafskeidbaar [is] van en onderhewig aan dieselfde regs- en morele beperkings as dié van die individu en berus op die publiek se fundamentele reg om ingelig te word” (Redaksionele kode, 1986:90).

Volgens dié kode moet nuus “ewewigtig, korrek en objektief” weergegee word, kommentaar “moet in die openbare belang en relevant wees”, en “sal hy indringende, ontledende artikels oor die breë landspolitiese steeds as deel van sy opdrag beskou”.

Geen melding word gemaak van die “Christelike norme” wat *Die Matie* as maatstaf moet gebruik nie.

6.3 Aanloop tot die skryf van die gedragskode

Prof. Andreas van Wyk, toe rektor van die US, het op 1 Maart 1994 (Butler-verslag, 1995) aan die sogenaamde Butler-komitee, onder leiding van prof. D.W. Butler van die Departement Handelsreg, opdrag gegee om die “etiese kode²⁵ van *Die Matie* en die afdwinging daarvan te ondersoek” (Ellis, 1995:12). Volgens Ellis was die middelpunt van studentemedia se probleme die kwessie rondom demokratisering.

“As ons praat van verteenwoordiging, impliseer dit ook dat daar sekere aanstellings- en afdankingsprosedures moet geld waardeur akkurate verteenwoordiging gefasiliteer kan word. Een van die doelstellings van die werkgroep onder leiding van prof. Butler is juis om sulke prosedures te ondersoek “ten einde dit oop, regverdig en demokraties te maak”. Met die drastiese vermindering van sensuur, wat die klimaat van demokratisering in Suid-Afrika

²⁵ ’n Soektog deur die fisiese en elektroniese argiewe van *Die Matie* en die SR asook in die US-argief, het slegs twee weergawes van ’n etiese/redaksionele kode vir *Die Matie* opgelewer, naamlik kodes van 1978 en 1981. *Die Matie* het egter in onder meer die redaksionele kommentaar van 3 Maart 1989, 3 Mei 1991 en 24 Februarie 1994 en in ’n nuusberig op 4 Maart 1993 na ’n redaksionele kode verwys asook dat die koerant daaraan onderworpe was.

kenmerk, ontstaan die vraag of persvryheid en vryheid van spraak nie so in gedrang kom wanneer dit in konflik is met die beeld van die US nie” (Ellis, 1995:12).

Dit was spesifiek die eerstejaarsuitgawe in Februarie 1994, waarin *Die Matie* ’n foto van kaal mansstudente gepubliseer het en gratis kondome saam met die koerant versprei het, wat volgens Wicus Pretorius, SR-lid vir media in 1994, die rektor genoop het om die Butler-komitee in die lewe te roep²⁶.

Die Matie is daarvan beskuldig dat hy “’n gekkeparadys van morele waardes op die kampus” gemaak het, ’n Christen-vereniging het gevra vir die afdanking van die redakteur, Willem Kempen, en sommige koshuise het hulle hele oplaag teruggestuur (Nel, 1994:1). Die rektor het aan *Die Burger* gesê die redaksie het “swak smaak en swak oordeel” geopenbaar en dat die saak opgevolg sou word (Nel, 1994:1). Sowel *The Cape Times* (‘Condoms’, 1994:3) as *The Citizen* (‘Full-frontal’, 1994:16) het berig oor studente se ontsteltenis oor die naakfoto’s en gratis kondome asook dat die universiteit ’n ondersoek na die voorval sou loods.

Die Burger het op 21 Februarie 1994 berig dat *Die Matie* ’n “opgeskorte vonnis” gekry het wat behels het dat die universiteit se subsidie aan *Die Matie*, voortgesette publikasie van *Die Matie* en die “verdere funksionering van *Die Matie* se redaksie” gestop is. Die vonnis is opgeskort op voorwaarde dat *Die Matie* ’n duidelike verskoning op sy voorblad publiseer wat *Die Matie* wel op 24 Februarie 1994 gedoen het.

“’n Ander voorwaarde vir die opskorting is dat *Die Matie* se redaksie hulle nie weer skuldig maak aan ’n oortreding van die bestaande redaksionele kode of aan optrede wat die universiteit se goeie naam in gedrang bring nie. ’n Komitee van kundiges en belanghebbendes sal onmiddellik aangestel word om die toekomstige rol, bedryf en finansiering van *Die Matie* en ’n nuwe gedragskode te ondersoek en aanbevelings te doen” (Naakfoto, 1994:2).

Die Butler-komitee het vir die eerste keer op 15 April 1994 vergader om ’n werkswyse te bepaal waarna die lede van ’n gekose werkgroep aan die volledige komitee terug sou rapporteer met voorstelle. Die komitee het bestaan uit proff. D.W. Butler, H.C. Viljoen, N.J. Botha, G.N. Claassen, P.R. de Wet asook die SR-voorsitter, die SR-lid vir media, die voorsitter van die studentehof, die voorsitter van die primkomitee en *Die Matie* se redakteur (Butler-verslag, 1995).

²⁶ “’n Komitee van kundiges en belanghebbendes sal onmiddellik aangestel word om die toekomstige rol, bedryf en finansiering van *Die Matie* en ’n nuwe gedragskode te ondersoek en aanbevelings te doen” (Naakfoto, 1994:2).

Die tweede vergadering, waarop die konsep van die volledige gedragskode oorweeg kon word, het op 20 November 1995 plaasgevind. Die tydsverloop tussen die eerste en tweede vergaderings was as gevolg van “die verwisseling van studenteverteenwoordiging [wat] beteken [het] dat die betrokke werksgroep lank geneem het om konsensus te bereik oor die instansie wat die gedragskode moes afdwing” (Butler-verslag, 1995).

Konsensus hiéror is eers op 10 Oktober 1995 bereik. Verdere vertraging is veroorsaak omdat “’n groep besorgde studente [daarop] aangedring het dat die studenteverteenwoordigers hulle van die komitee moes onttrek” (Butler-verslag, 1995). Volgens die verslag het die voorsitter en sommige van die studente op 26 en 31 Oktober 1995 vergaderings met studente gehou om hulle menings in te win “en om die verdere deelname van die studenteverteenwoordigers te verseker” (Butler-verslag, 1995).

In dieselfde tydperk wat die Butler-komitee reeds met hul werksaamhede besig was, het *Die Matie* ’n omstrede lesersbrief en rubriek gepubliseer wat die rektor genoop het om ’n komitee aan te wys wat hierdie spesifieke voorvalle moes ondersoek.

Op 14 September 1995 het ’n anonieme lesersbrief en ’n rubriek, *Perspektiewe en Dinge*, in *Die Matie* verskyn wat wye reperkussies vir die redaksie gehad het (Regstappe volg, 1995:9).

Die brief, onder die skuilnaam Blanc de Blanc, het “satiries” verwys na prof. Andreas van Wyk, rektor van die US, en prof. Christo Viljoen, vise-rektor. Die skrywer het onder meer beweer Van Wyk is “chronies afwesig” van kampus weens “stresverwante siektetjies of lang oorsese reise” (Blanc de Blanc, 1995:5). Oor Viljoen is geskryf hy is ’n “man vir wie enige selfrespekterende bruin student as Baas aanspreek” en hy is “’n man wat reeds bewys het hy sal eerder bedank as om onder ’n ousie te werk” (Blanc de Blanc, 1995:5).

Die rubriek het oor die studentekerk se sendingweek gehandel en onder meer die volgende uitlatings gemaak:

“Sendingweek is deel van die alewige gekarring om mense te reduceer tot eenvormigheid met die dominante groep se idees; dit is die dood van diversiteit. Max du Preez sê ‘Afrikaners’ moet ophou dink hulle is spesiaal of die norm. Dieselfde geld vir die studentekerk en sy sendelinge (en terloops ook vir ons geagte nuwe SR-lid wat voel die Afrikaner is steeds Baas op Stellenbosch...). [...] Die sendingweek op Stellenbosch behels veels te moeilike vrae, soos Sondag by die nagmaal toe Kallie my vra: ‘Waar het ons mekaar laas raakgedrink?’” (Malan & Mouton, 1995:6).

Die universiteitsraad het die betrokke brief en rubriek op hul vergadering van 18 September 1995 bespreek en gesê dit is geskryf “op ’n negatiewe wyse wat as neerhalend en lasterlik beskou kan

word” (Notule, 1995a). Die redakteur en skrywers het skriftelike verskonings aangebied, maar dit “was weens die voorwaardelike aard daarvan nie vir die rektor aanvaarbaar nie” (Notule, 1995a). Na ’n “deeglike bespreking” het die raad, ná hul “sterkste afkeer” uitgespreek is, ’n ad hoc-komitee²⁷ aangewys “om die aangeleentheid te hanteer, onder meer deur die oorweging van moontlike stappe ingevolge die studentereglement” (Notule, 1995a).

Die ad hoc-komitee is opdrag gegee “om die reeds aangestelde gesamentlike [Butler-]komitee van die universiteitsbestuur en die studenteraad te versoek om sy ondersoek so gou moontlik af te handel” (Notule, 1995a).

“Die doel van hierdie ondersoek is die opstel van ’n duidelike gedragskode vir *Die Matie* en die daarstel van geskikte meganismes vir die hantering van klagtes oor beweerde oortredings van so ’n gedragskode” (Notule, 1995a).

Die Burger het op 19 September 1995 berig “’n swaard van tug- en regstappe hang oor die kop van die redakteur van *Die Matie* asook oor twee rubriekskrywers” (Regstappe volg, 1995:9).

“Die rektor [het] glo geweier om ’n verskoning van die redaksie te aanvaar oor ’n brief en rubriek wat in die jongste uitgawe [14 September 1995] verskyn het. [...] Die apologie, wat skriftelik deur die skrywers en die redakteur aangeteken is, [was] nie vir die universiteitsbestuur aanvaarbaar nie. Geen ooreenkoms is ook op ’n noodvergadering tussen prof. Van Wyk en die redaksie bereik nie” (Regstappe volg, 1995:9).

Volgens die notule van die US-raadsvergadering wat op 20 November 1995 gehou is, het die raad “op 18 September 1995 kennis geneem van die brief wat in *Die Matie* van 14 September 1995 onder die skuilnaam Blanc de Blanc verskyn het en sy misnoeë daarvoor uitgespreek”. Die notule meld in ’n verklaring deur die voorsitter van die raad, dr. D.P. de Villiers, dat die raad ook “besluit [het] dat stappe gedoen sal word om onbehoorlike beriggewing in die universiteit se media en wat skadelik vir die universiteit, sy personeel en sy studente is, te vermy” (Notule, 1995b). Die notule het ook gemeld dat die laaste vergadering van die Butler-komitee gehou is, dat “gesprekke goed

²⁷ In dié afdeling word na twee komitees verwys wat inhoudelike sake rondom *Die Matie* bekyk het. Die eerste is die Butler-komitee wat sy bevoegdhede in Maart 1994 vanaf die rektor gekry het en uiteindelik aan die einde van 1995 verantwoordelik was vir die opstel van die amptelike gedragskode van *Die Matie*. Die tweede is ’n ad hoc-komitee wat op 18 September 1995 deur die US-raad aangewys is om ’n omstrede lesersbrief en rubriek te ondersoek waarna *Die Matie* verskonings op sy voorblad van 12 Oktober 1995 gepubliseer het.

verloop het” en dat “konsensus bereik is oor ’n gedragskode vir *Die Matie* en oor die instelling van ’n mediaraad” (Notule, 1995b).

Die ad hoc-komitee wat op 18 September 1995 aangewys is, bestaande uit die voorsitter en ondervoorsitter van die raad en die viserektor (akademie), het die situasie rondom die betrokke brief en rubriek ondersoek en daaroor aan die US-raad verslag gedoen (Notule, 1995b).

Die finale bevindings van die ad hoc-komitee, soos in die raadsnotule vervat, was as volg:

“Die rektor het, na raadpleging met die ad hoc-komitee tydens sy eerste vergadering, die reeds aangestelde gesamentlike komitee van die universiteitsbestuur en die studenteraad versoek om sy werk af te handel ten opsigte van die opstel van ’n gedragskode vir *Die Matie*, en die daarstelling van geskikte meganismes²⁸ vir die hantering van klagtes oor beweerde oortredings van so ’n gedragskode. [...] Die raad [het] die vertroude dat die instelling van die Butler-komitee se aanbevelings verantwoordelike joernalistiek op die kampus sal bevorder” (De Villiers, 1995).

Op 22 September 1995 het *Die Burger* berig die SR “hoop *Die Matie* kan soos alle onafhanklike koerante funksioneer, met die gepaardgaande verantwoordelikhede” (SR kap US, 1995:10). In dieselfde berig het “die redakteur en redaksie van *Die Matie* [in ’n verklaring] ernstige voorbehoude oor die rektor se beplande gedragskode vir media op die kampus uitgespreek”.

“Luidens die verklaring sal die redaksie hom nie deur die gedragskode laat bind nie, tensy die komitee verander word om studente en akademiese personeel in te sluit en al die studente, akademiese personeel en oud-studente die geleentheid gebied word om eers die inhoud te debatteer en algemene konsensus te bereik. ’n Universiteitswoordvoerder het gesê [...] ‘die opstel van ’n gedragskode is die afhandeling van ’n ondersoek wat byna twee jaar gelede begin is’ (SR kap US, 1995:10).

Die Matie het op sy voorblad van Donderdag 12 Oktober 1995 verskonings deur die skrywers van die betrokke brief en rubriek gepubliseer (Apologieë, 1995:1). Volgens die redaksionele kommentaar is die verskonings op die voorblad geplaas “op aandrang” van die rektor en vise-rektor. Luidens die kommentaar het die redaksie gemeen die koerant se reg op vryheid van spraak was net so groot soos die rektor en vise-rektor se reg op ’n verskoning. Die voorbladfoto het egter bestaan uit ’n tikmasjien waarin ’n vel papier was met die woord “gesensor” groot bo-oor getik.

²⁸ Die Mediaraad

Die redaksionele kommentaar van daardie uitgawe het gevra dat “besin” moet word oor die “voorgestelde gedragskode” aangesien die behoefte aan ’n “oop en kritiese gesprek [...] op kampus” duidelik geblyk het “uit die oorweldigende reaksie op *Die Matie* se ‘onderonsie’ met die rektorat” (Redaksioneel, 1995:7).

“Die vraag moet gevra word of die gedragskode geldigheid en legitimiteit kan hê en of dit gerugsteun word deur die demokratiese proses van deursigtigheid en die volle steun van die dosente- en studentegemeenskap geniet. ’n Gedragskode kan maklik as ’n vorm van sensuur ingespan word en het dus baie wye implikasies” (Redaksioneel, 1995:7).

In dieselfde uitgawe van 12 Oktober 1995 het *Die Matie* ’n artikel gepubliseer “Hoe vry behoort die pers te wees?”. Prof. George Claassen, tóé hoof van die Departement Joernalistiek, word daarin aangehaal dat hy sê *Die Matie* se gedragskode moet “verkieslik net soos in die mediawêreld daarbuite, deur die media se eie liggaam toegepas word” (Rawson, 1995:9).

Op 18 Oktober 1995 het Matie-studente op kampus betoog uit protes teen die manier waarop *Die Matie* deur universiteitsbestuur behandel is (Maties betoog, 1995:2). Die versoekskrif het aangedring op “verdraagsaamheid soos dit aan ’n universiteit verwag word” (Maties betoog, 1995:2). Na aanleiding van die bewering dat die rektor glo nie die saak met studente wou bespreek nie, het mnr. Douglas Davis, in dié stadium die US-woordvoerder, aan *Die Burger* gesê “aangesien die gesamentlike komitee²⁹ van die US se bestuur en die SR nog met hul ondersoek na regulering van kampusmedia besig is, is dit nie wenslik dat hy aan ’n debat hieroor deelneem en die bevindings vooruit loop nie” (Maties betoog, 1995:2).

Op 7 Desember 1995 het die US-raad tydens ’n vergadering van die uitvoerende komitee die verslag van die Butler-komitee aanvaar. Daarvolgens is ’n amptelike gedragskode vir *Die Matie* aanvaar en is die mediaraad ingestel wat die gedragskode sou afdwing en klagtes oor die koerant sou hanteer (*Rapport*, 1995). Die gedragskode is “onderhandel” aangesien die “belangrikheid van verteenwoordiging deur alle belangegroepe van die staanspoor af duidelik [was]” (Engela, 1996:7).

6.4 Inhoud van die gedragskode

Die Butler-komitee het gemeen die gedragskode (Addendum D) “kan alleen werk indien *Die Matie* se redaksieledede die inhoud van paragraaf 1 van die gedragskode ken en verstaan” (Butler-verslag, 1995). Aangesien die redaksieledede nie noodwendig joernalistiekstudente is nie, het die komitee aanbeveel dat redaksieledede jaarliks ’n opleidingseminaar bywoon en dat die seminaar “spesifiek

²⁹ Die Butler-komitee

die onderskeid tussen persvryheid en redaksionele onafhanklikheid behandel” (Butler-verslag, 1995).

Die Matie se gedragskode is gebaseer op die gedragskodes van die PCSA (Press Council of South Africa) en SAUJ (South African union of journalists), die Verenigde Koninkryk se gedragskode vir studentepublikasies en die Grondwet van Suid-Afrika (Butler-verslag, 1995).

Die gedragskode³⁰ bestaan uit ses afdelings, naamlik Inhoud, Mediaraad, Klagteprosedure, Die Verhoor, Sanksies, Appèl en Hersiening.

Afdeling 1 van die gedragskode, wat handel oor die inhoud van *Die Matie*, beklemtoon *Die Matie* se persvryheid (Die volledige gedragskode, 1995):

“Onderworpe aan hierdie paragraaf van die Gedragskode, geniet *Die Matie* dieselfde persvryheid as die pers in die algemeen. Die persvryheid van *Die Matie* is onafskeidbaar van en onderhewig aan dieselfde geregtelike en morele beperkinge as die reg van die individu op vryheid van uitdrukking en berus op die publiek se fundamentele reg om ingelig te word en om menings vrylik te ontvang en te wissel.”

Afdeling 1 beklemtoon ook, onder drie verskillende sub-opskrifte, drie joernalistieke beginsels, naamlik akkuraatheid, verantwoordelikheid en eerlikheid (Die volledige gedragskode, 1995). Die volledige bepalinge kan in Addendum A bestudeer word, maar kortliks behels dit die volgende:

- Nuus moet eerlik, akkuraat, objektief en ewewigtig berig word.
- *Die Matie* moet probeer om albei kante van 'n saak te rapporteer op 'n onbevooroordeelde en gebalanseerde manier.
- Beskikbare feite mag nie verdraai word deur opsetlike weglating of beklemtoning nie.
- Indien albei kante van 'n saak nie in een uitgawe gestel kan word nie, moet dit in latere uitgawes reggestel word.
- Die openbare belang van die Stellenbosse studentegemeenskap moet gedien word.
- 'n Omvattende verskeidenheid van menings moet gepubliseer word, ook op die briewe- en meningsblaaie.
- “*Die Matie* moet behoorlike omsigtigheid toepas ten opsigte van onderwerpe in verband met godsdienstige of kulturele sake wat vyandigheid kan veroorsaak of aanstoot gee” (Die volledige gedragskode, 1995).
- “Alhoewel *Die Matie* die reg om onafhanklike en regmatige kritiek te publiseer, kan uitoefen, moet *Die Matie* die goeie naam van die Universiteit behoorlik in ag neem en, in

³⁰ Sien Addendum C wat die volledige gedragskode insluit.

die besonder, nie opsetlik en kwaadwillig poog om die goeie naam van die Universiteit te beskadig nie” (Die volledige gedragskode, 1995).

- Nuusbronne moet bekend gemaak word indien moontlik en feite moet gekontroleer word.
- Botsende belange moet sover moontlik vermy word, en indien nodig, moet dit verklaar word.
- “Hoewel *Die Matie* steeds los staan van enige bepaalde politieke groepe, verhoed dit die redaksie nie om indringende, ontledende artikels oor die breë lands- en streekspolitiek te plaas nie” (Die volledige gedragskode, 1995).

6.5 Persvryheid volgens die Butler-verslag

Die Butler-komitee het in hulle verslag aandag gegee aan, soos die verslag dit stel, die verskil tussen “vryheid van die pers (as deel van vryheid van uitdrukking)” versus “redaksionele onafhanklikheid teenoor die eienaars van ’n bepaalde koerant” (1995:48).

Die onderskeid, volgens die verslag, is as volg (1995:48):

“Die reg op vryheid van die pers behoort regtens aan die eienaar van die betrokke publikasie. Uit ’n regsoogpunt is die universiteit die eienaar van *Die Matie*. Die universiteit ondersteun vryheid van die pers en erken ook ’n groot mate van redaksionele vryheid vir die redaksie van *Die Matie*. Die uiteindelijke verantwoordelikheid vir oorskrydings van die perke op persvryheid en die reg in die algemeen deur *Die Matie* se redaksie berus egter by die universiteit en sy bestuur.”

Die verslag stel dit dat *Die Matie* die reg het om besluite of beleid van die universiteitsbestuur te kritiseer, maar dat dit “billik” en “regmatig” moet gebeur. Indien kritiek gelewer word of met die bestuur verskil word, moet dit gebalanseerd gedoen word en nie “onnodig sensasiewekkend” of “eensydig” wees nie. “Dit is veral waar die berig kwaadwilliglik geplaas word juis om die goeie naam van die universiteit te beskadig, dat optrede teen *Die Matie* verwag kan word” (1995:48).

Die Matie moet dus kan bewys dat “redelike stappe geneem is” om bewerings en feite te toets (1995:49).

6.6 Opsomming

In hierdie hoofstuk is die agtergrond bespreek waarteen die US-raad besluit het om 'n gedragskode vir *Die Matie* in plek te stel. Die geskiedenis is gerekonstrueer deur 'n verskeidenheid bronne chronologies te rangskik om aan te toon hoe verskillende opeenvolgende gebeure aanleiding gegee het tot die ontstaan en ontwikkeling van die gedragskode. Daarnaas is ook die inhoud van die gedragskode, dus die bepalings waarvolgens *Die Matie* selfregulering toepas, bespreek. In die volgende hoofstuk word die Mediaraad bespreek. Sou *Die Matie* na die mening van 'n leser die gedragskode oortree het, kan 'n klag by die Mediaraad ingedien word.

7. Die werking van die mediaraad

Die Gedragskode van *Die Matie*, soos in hoofstuk 6 beskryf, word deur die mediaraad afgedwing soos volledig beskryf in artikel 2 van die gedragskode (Die volledige gedragskode, 1995). Vyf van die ses artikels in die gedragskode het betrekking op die Mediaraad en aksies wat kan voortspruit uit 'n moontlike sitting deur die mediaraad, naamlik die klagteprosedure, die verhoor, sanksies, appèl en hersiening.

7.1 Samestelling van die mediaraad

Volgens die Butler-verslag (1995:45) sal die “aanvaarbaarheid” van die Mediaraad as die “instansie om die grondwet af te dwing [...] afhang van die samestelling daarvan”.

Dit word as volg gestel:

“Daar moet kundiges onder sy lede wees en die aanwesigheid van kundiges sal ook 'n mate van kontinuïteit verseker. Die samestelling moet ook sodanig wees dat dit nie die persepsie by studente laat ontstaan dat die Mediaraad deur die universiteitsbestuur oorheers word nie. Bo die Mediaraad sal daar ook 'n appèlkomitee moet wees en die samestelling van hierdie appèlkomitee sal ook vir die verskeie belangegroepes aanvaarbaar moet wees” (Butler-verslag, 1995:45,46).

Om die vrees dat die universiteitsbestuur die Mediaraad gaan oorheers, die hoof te bied, is daar besluit dat die studenteverteenwoordigers op die Mediaraad in die meerderheid sal wees en ook dat hulle studente op die gebied van joernalistiek of die regte moet wees (Butler-verslag, 1995:49).

Die Butler-verslag het dit duidelik gestel dat kundigheid 'n voorvereiste is om op die Mediaraad te kan dien:

“Dit is belangrik dat die meerderheid van die Mediaraad uit kundiges in die mediawese bestaan. Hierdie kundiges kan by die aanhoor van klagtes hulle eie gespesialiseerde kennis en ondervinding benut by die beoordeling van feite en die uitleg van die gedragskode. Daar word ook beklemtoon dat lede van die Mediaraad onafhanklik en onpartydig moet optree, ongeag die instansie wat die lid aangewys het” (Butler-verslag, 1995:49).

Vervolgens die vyf lede waaruit die Mediaraad bestaan soos beskryf in artikel 2 van die gedragskode:

- Die voorsitter van die Departement Joernalisiek (*ex officio*)
- Die voorsitter van die studentehof (*ex officio*)
- 'n Professor van die Fakulteit Regsgeleerdheid, aangewys deur die dekaan, vir 'n termyn van drie jaar.
- 'n Senior student in joernalistiek wat jaarliks deur die SR, in oorleg met die voorsitter van Departement Joernalistiek, aangewys word. Sodanige student mag nie 'n lid wees van die SR of die redaksie van *Die Matie* nie.
- 'n Studentevertegenwoordiger, met kundigheid oor die mediawese, wat jaarliks deur die SR aangewys word. Die persoon hoef nie noodwendig 'n student te wees nie, maar indien wel, mag die persoon nie 'n lid wees van die SR of die redaksie van *Die Matie* nie.

7.2 Klagteprosedure, verhoor en sanksies

Skriftelike klagtes met “volledige besonderhede” teen *Die Matie* moet by die SR-lid vir media ingedien word “wat die klag voorlopig ondersoek in oorleg met die ondersoekbeampte” (Die volledige gedragskode, 1995). Die ondersoekbeampte kan of 'n regsdosent wees wat deur die dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid aangewys word, of dit kan 'n regstudent wees sou daar besluit word dat die klag “van 'n minder ernstige aard is [en] net studentebelange betrek” (Die volledige gedragskode, 1995).

Klagtes word nie direk na die Mediaraad verwys nie, maar “albei kante van die saak” word eers verlopig deur die SR-lid vir media ondersoek. Sou dit dan blyk dat die klagte wel na die Mediaraad verwys moet word,

“word 'n skriftelike kennisgewing opgestel wat die volgende inligting moet bevat: die volledige aanklag; die plek en tyd van verhoor; die aangeklaagde(s) se reg op bystand ingevolge par. 4.2; en die bevoegdheid van die Mediaraad ingevolge par. 4.1 om die verhoor in die aangeklaagde se afwesigheid voort te sit” (Die volledige gedragskode, 1995).

Die aangeklaagde(s) is tydens die verhoor “geregtig op bystand of verteenwoordiging deur 'n senior regsstudent of regsdosent” en die “ondersoekbeampte [sal] as *pro forma* aanklaer optree” (Die volledige gedragskode, 1995).

Oor die verhoor geld die volgende:

“Tensy die Mediaraad in die lig van besondere omstandighede besluit dat die verrigtinge of ’n gedeelte daarvan *in camera* moet plaasvind, is die verhoor oop vir die publiek en moet die Mediaraad kennis gee van die saak en die verhoordatum deur een kennisgewing in die Ou Hoofgebou en een by die Studenteraadskantoor aan te bring” (Die volledige gedragskode, 1995).

Sou die Mediaraad bevind ’n klag was “regverdig”, en “na oorweging van betoë van die *pro forma* aanklaer en die aangeklaagde(s)”, kan die volgende sanksies deur die Mediaraad teen *Die Matie* toegepas word (Die volledige gedragskode, 1995):

- die publikasie van ’n gepaste verskoning;
- ’n verbod op verdere publikasie vir hoogstens drie uitgawes;
- die afdanking van die aangeklaagde uit die redaksionele pos of skorsing vir ’n bepaalde tydperk;
- ’n geldboete van hoogstens R1 000 welke bedrag aan Gemeenskapsdiens oorbetaal sal word;
- die verbeuring van enige honorarium of ’n gedeelte daarvan wat aan lede van die redaksie betaal word.

Die Matie kan dus nie net summier toegemaak of verbied word nie, en dus word *Die Matie* deur middel van die Mediaraad in ’n beperkte mate gereguleer deurdat die koerant van sy voortbestaan verseker is in soverre dit klagtes oor redaksionele inhoud aangaan.

7.3 Eerste sitting; wysiging van prosedure

Die eerste en tot dusver enigste sitting van die Mediaraad het in Augustus 2000 plaasgevind nadat die manskoshuis Huis Marais ’n klagte teen *Die Matie* ingedien het oor ’n voorbladberig waarin “aantygings van dooppraktyke teen seniors by Huis Marais gemaak is” (Mediaraad sit gou, 2000:4). Die berig met “skokkende aantygings” deur anonieme bronne het op 1 Maart 2000 verskyn met die opskrif “Doopskandaal in Huis Marais” (2000:1).

Huis Marais het die bewerings ten sterkste ontken en het die legitimiteit van *Die Matie* se bronne bevraagteken. Die destydse direkteur van studentesake, prof. P.G. du Plessis, het gesê “*Die Matie* het ’n plig om die name bekend te maak”, maar die redakteur, Waldimar Pelsler, het geweier en gesê dit is “oneties” en sal “geheel en al indruis teen joernalistieke beginsels” (Janse van Vuuren, 2000:3).

Huis Marais het aangevoer *Die Matie* het deur “ongegronde en kwaadwillige beriggewing die koshuis en universiteit onregverdiglik in ’n swak lig gestel” met die “mildelike gebruik” van “sensasielbelaaide woorde” (Huis Marais, 2000:1). Die klagte is egter eers ’n maand nadat dit

gepubliseer was ingedien en boonop moes die klag twee keer herskryf word (*Die Matie* gedragskode, 2001:3). Die sitting het dus eers in Augustus plaasgevind, ongeveer “drie weke voordat die nuwe redaksie moes oorneem” (*Die Matie* gedragskode, 2001:3).

“In ’n historiese eerste uitspraak” het die Mediaraad bevind *Die Matie* het “voldoende grond gehad om die berig op 1 Maart te publiseer” en dat *Die Matie* nie die US se “goeie naam” geskend het of “kwaadwillig of opsetlik” opgetree het nie (Raad beslis, 2000:2). Hoewel waardering uitgespreek is vir *Die Matie* se gebruik van die tweebronreël om inligting te verifieer, het die Mediaraad bevind die gebruik van die woord “doopskandaal” is misleidend.

Na afloop van die eerste sitting van die Mediaraad is gevoel die proses was te uitgereken en het plaasgevind te lank nadat die berig oorspronklik gepubliseer was. Om verdere vertraging te voorkom, het Martina Smit, SR-lid vir media in 2000/2001 ’n dokument opgestel met voorstelle oor hoe om die proses te stroomlyn nadat sy met al die betrokke partye in gesprek getree het. Die dokument is slegs gedateer as Mosie 1/2001 en die wysigings soos daarin voorgestel is “namens die raad met ingang 1 Mei [2001] bekragtig” deur die rektor, prof. Andreas van Wyk (*Die Matie* gedragskode, 2001:3). Die SR het die wysiging van *Die Matie* se gedragskode eenparig ingestem en *Die Matie* se redaksie het die veranderinge ondersteun (*Die Matie* gedragskode, 2001:3).

Die betrokke persone wat oor die moontlike wysigings geraadpleeg is, was dr. Johan Retief van die Departement Joernalistiek, Louise Swiegers (SR-lid vir media 1999/2000), Waldimar Pelser (redakteur 1999/2000), Jacolette Kloppers (redakteur 2000/2001), prof. Jacques du Plessis van die Fakulteit Regsgeleerdheid en voorsitter van die eerste Mediaraad, en Derek Kahts, primarius van Huis Marais in 1999/2000, en die klaer (Smit, Mosie 1/2001).

Die volgende riglyne in terme van die klagteprosedure en die sittings van die Mediaraad is soos volg voorgestel (Smit, Mosie 1/2001):

- ’n Basiese struktuur van ’n klagte moet saam met *Die Matie* se gedragskode en die klagteprosedure aan die voornemende klaer gegee word.
- Die SR-lid vir media moet die klaer aanraai om die klagte in konsultasie met regshulp te skryf.
- *Die Matie* se gedragskode moet gewysig word om vaste tydperke van twee weke elk te koppel aan die periodes waarin ’n klagte gelê kan word; vir die ondersoek daarvan; moontlike skikking en bepaling van ’n datum vir die Mediaraad se sitting.
- Die verrigtinge moet vroeg reeds begin en moet in een sitting afgehandel word. In die geval van die eerste sitting het die verhoor eers om 20:00 begin wat daartoe gelei het dat dit eers na middernag afgesluit is.
- Die Mediaraad is nie ’n hof nie, en moet ook nie as een bedryf word nie. Die voorsitter van die Mediaraad moet dit baie duidelik stel aan al die regsvertegenwoordigers. Tydens die eerste sitting is byvoorbeeld gevra dat die partye ingesweer word. Vyf van die geraadpleegdes was sterk hierteen gekant en het gesê so iets behoort nie eens ter sprake te kom nie.

- Die volgende prosedure is vir die sittings voorgestel: Die klaer stel sy/haar saak; die verdediger stel sy/haar saak; die Mediaraad kry geleentheid om soveel vrae as wat hy wil aan die klaer en die verdediger te stel; die regsverteenwoordiger van die klaer kry beperkte tyd vir vrae en/of stellings; die regsverteenwoordiger van die verdediger kry beperkte tyd vir vrae en/of stellings.

Hoewel bogenoemde wysigings aanvaar en goedgekeur is, kon geen bewyse gevind word dat hierdie wysigings in enige reglemente, grondwette of selfs *Die Matie* se gedragskode aangebring en/of verander is nie.

In die finale hoofstuk, waarin tot sekere gevolgtrekkings gekom word en sekere aanbevelings gemaak word, sal aanbeveel word dat dit van kritiese belang is dat hierdie beleidsdokumente met mekaar belynd word sodat alle opvolgende *Matie*-redaksies asook klaers weet wat hul regte is.

7.4. Opsomming

Soos in hoofstuk 5 bespreek is, kon SR-lede of US-owerhede in die verlede redaksielede skors of afdank na goeddunke. Sedert die Mediaraad, soos in hierdie hoofstuk bespreek is, in die lewe geroep is, kan 'n formele, objektiewe proses gevolg word wanneer lesers klagtes teen *Die Matie* wil indien. Aangesien verskillende belangegroepes op die Mediaraad verteenwoordig word, en ook omdat sowel *Die Matie* as die klaer gelyke spreekbeurte ontvang, dra die Mediaraad alle partye se belange op die hart en bied dit 'n regverdige platform waarop daar probeer kan word om konflik tussen *Die Matie* en 'n ander party op te los sonder die moontlikheid dat *Die Matie* toegemaak kan word.

8. Ontwikkelinge en verwickelinge sedert 2001

8.1. Nuwe bepalings in die studenteunie-grondwet

Die studenteunie-grondwet het in 2001 ingrypend verander wat betref die artikel waarin *Die Matie* beskryf word, aangesien die “onafhanklikheid van kampusmedia soos *Die Matie* gewaarborg [word]”, *Die Matie* se subsidie “gereël” word en die koerant “aan sy gedragskode onderhewig gestel word” (Smit, 2001:7; Motivering:5). ’n Nuwe studenteunie-grondwet is geskryf en aanvaar “omdat die oue in baie opsigte verouderd, onvolledig en gebruikersonvriendelik was” (Smit, 2001:7; Motivering:1). ’n “[G]root aantal voorleggings is oorweeg” en die primkomitee, verenigings, SR, en Akademiese Belangeraad was onder meer betrokke om ’n “omvattende nuwe dokument daar te stel” (Smit, 2001:7; Motivering:1).

’n Volledige vergelyking (hoewel hierdie navorsing nie ten doel het om ’n vergelykende studie te wees nie) tussen die verskillende weergawes van die studenteunie-grondwet sedert 1995, die jaar waarin die studie oor *Die Matie* begin het, is problematies aangesien kopieë van elke jaar se grondwet nie opgespoor kon word nie. Kopieë kon wel gevind word van die grondwette van 30 Augustus 1995, 26 Augustus 1997, Mei 2001, 1 September 2002, 16 Mei 2005 en 26 Junie 2006.

Die belangrikste verandering wat in die nuwe grondwet van 2001 aangebring is in die artikel wat oor *Die Matie* handel, is die bepaling oor die subsidiëring van *Die Matie*. Dié spesifieke bepaling kom nie voor in die grondwette van 1995, 1997 of Mei 2001 nie. In die grondwet van Augustus 1997 is daar geen verwysing na *Die Matie* se subsidiëring of finansiering nie. In die grondwet van Mei 2001 is die enigste verwysing na *Die Matie* se finansiering die feit dat elke lid van die studenteunie daarop geregtig is om *Die Matie* (naas die *Stellenbosse Student* en die *Matiedagboek*) “gratis te ontvang in soverre dit moontlik en prakties uitvoerbaar is, maar die universiteitsadministrasie mag ’n redelike bedrag op lede se studenterekeninge hef om dié publikasies te finansier” (Grondwet, 2001:12).

Die nuwe bepaling oor die “subsidiëring van *Die Matie*” wat op 1 September 2001 in werking getree het, lui as volg (Grondwet, 2002:6):

Die studenteraad staan jaarliks ’n subsidie toe aan *Die Matie* uit die fondse wat deur die universiteitsadministrasie aan die studenteraad toegeken word. Die studenteraad bepaal die omvang van die jaarlikse subsidie aan *Die Matie*, maar die bedrag van die subsidie is in die finale diskresie van die Finansiële Oorsigkomitee [sien hoofstuk 9]³¹, soos

³¹ Die Grondwet van die Studenteunie wat op 1 September 2002 in werking getree het, het vir die eerste keer ’n nuwe afdeling bevat onder artikel 13: studentemedia, naamlik artikel 13.12 wat spesifiek oor die Finansiële Oorsigkomitee van *Die Matie* handel (Grondwet, 2002:6).

gekonstitueer in subartikel 12 van hierdie artikel. Die bedrag mag nie minder wees as wat die subsidie in die vorige studenteraadstermyn beloop het nie, tensy –

- a) die hoofredakteur van *Die Matie* skriftelik daartoe instem, of
- b) die fondse wat deur die universiteitsadministrasie aan die studenteraad toegeken is in die onderhawige studenteraadstermyn, minder is as in die vorige studenteraadstermyn, in welke geval die subsidie aan *Die Matie* slegs verminder mag word met dieselfde persentasie as wat fondse wat in die onderhawige studenteraadstermyn aan die studenteraad toegeken is, minder is as in die vorige studenteraadstermyn, of
- c) die Finansiële Oorsigkomitee redelike gronde het om te glo dat die subsidie wat in die vorige studenteraadstermyn toegeken is, wesenlik wanbestee is.

Die belang van bogenoemde artikel in die studenteunie-grondwet is dat, eerstens, dit amptelik gedokumenteer is dat 'n subsidie aan *Die Matie* toegeken word, en tweedens, dat die subsidie nie net lukraak verminder of selfs weggeneem kan word nie. Dit is dus nie nou meer vir SR-lede en universiteitsowerhede moontlik om *Die Matie* met sy subsidie te dreig in gevalle waar hulle dit sou kon gebruik as 'n manier om *Die Matie* te straf nie. Dié subartikel reël *Die Matie* se subsidie ook in verhouding tot die SR se begroting en dat die SR nie in gevalle waar hul eie begroting gesny word, nie kan besluit om te bespaar deur nie aan *Die Matie* sy regmatige subsidie toe te staan nie.

Nog 'n verskil tussen die verskillende weergawes van die grondwet is die subartikel wat gaan oor die wyse waarop aansoek gedoen word vir die pos van hoofredakteur. Volgens die 1997-grondwet moet “[a]ansoeke vir die pos van hoofredakteur van *Die Matie* aan die SR-lid vir media gestuur word en moet [dit] 'n ondervindingslys en beleidsverklaring bevat” (Grondwet, 1997:7). Nadat redaksielede tydens die verkiesing gestem het, word die “verkose kandidaat voorgehou aan die studenteraad wat dan of die aanstelling bekragtig of terugverwys na *Die Matie* redaksie met redes vir hul weiering” (Grondwet, 1997:7). In 'n geval waar die studenteraad sou “weier om die aanstelling te bekragtig, het *Die Matie* redaksie die reg om na die studentehof te appèlleer” (Grondwet, 1997:7).

Die artikels oor die aanstel van die hoofredakteur verskil van bogenoemde in die grondwet van Mei 2001. Eerstens word die redaksionele onafhanklikheid ondubbelsinnig in dié grondwet erken (Grondwet, 2001:11). Tweedens hoef kandidate nie meer 'n “ondervindingslys en beleidsverklaring” by die SR in te dien nie, maar word die redakteur slegs deur die SR “aangestel nadat die posisie geadverteer is” (Grondwet, 2001:12).

Die subartikel oor die bekragtiging deur die SR is dieselfde, behalwe dat daar nou spesifiek bepaal word dat die SR binne twintig dae ná die verkiesing van die hoofredakteur die aanstelling moet bekragtig (Grondwet, 2001:12). Ook word daar in dié grondwet twee redes vermeld waarvolgens die SR sou kon besluit om nie die aanstelling goed te keur nie, naamlik “as daar rede is om te glo

dat a) die verkose hoofredakteur onbevoeg is om die pos te vul, of b) daar 'n wesenlike onreëlmatigheid met sy of haar verkiesing was" (Grondwet, 2001:12). In 'n geval waar die SR die aanstelling sou weier, het *Die Matie* steeds die reg om na die studentehof te appelleer (Grondwet, 2001:12).

Die artikels oor *Die Matie* se redaksionele onafhanklikheid, die aanstelling van die hoofredakteur en die bekragtiging deur die SR in die grondwette van September 2002, Mei 2005 en Junie 2006 is presies dieselfde as in die grondwet van Mei 2001, met die uitsondering dat, volgens daardie drie grondwette, nominasies vir die poste van hoofredakteur en hoofredaksieledere nou "by die huidige hoofredakteur ingedien word" (Grondwet, 2002:5) en nie meer by die SR nie.

Die Matie het dus sedert 1995, soos wat die studenteunie-grondwet uitgebrei en aangepas is, meer onafhanklikheid verkry in die sin dat die koerant eerstens verseker is van 'n jaarlikse subsidie en ook van 'n gereëelde proses sou daar 'n dispuut oor die bedrag ontstaan, en tweedens is die SR se betrokkenheid by die verkiesing van *Die Matie* se hoofredaksie afgeskaal tot slegs die bekragtiging van die hoofredakteur volgens spesifieke vereistes.

8.2. Die ontstaan en werking van die Finansiële Oorsigkomitee

8.2.1 Inleiding

In hierdie afdeling word die ontstaan en die werking van *Die Matie* se Finansiële Oorsigkomitee bespreek, asook sake wat te make het met die toekenning van die jaarlikse subsidie. Finansiële probleme wat *Die Matie* in sekere termyne ondervind het, het die ontstaan van 'n komitee genoodsaak wat deurlopende bestuur en kontinuïteit kon verseker en *Die Matie* kon help om deurlopend gesonde finansiële bestuur toe te pas (Basson, 2002a; Algemene inligtingstuk, 2003).

8.2.2 Finansiële probleme en onafhanklikheid

Die Matie het in die verlede talle pogings aangewend om finansiële onafhanklikheid te verkry (Pienaar & Burger, 1996:12). Die idee was om die SR se magte oor *Die Matie* te beperk en *Die Matie* meer seggenskap oor sy eie bestuur te gee (Pienaar & Burger, 1996:12).

Die Matie het soos volg hieroor berig (Pienaar & Burger, 1996:12):

"*Die Matie*-redakteur, Willem Kempen [1993/1994], het glo in 1994 met universiteitsbestuur ooreengekom dat *Die Matie* se subsidie op die vlak van R50 000 gehou sal word. Hierdie versoek was deel van 'n strewe na groter finansiële onafhanklikheid wat die redaksie in daardie tyd geopenbaar het. Verder sê prof. Viljoen [prof. Christo Viljoen, vise-rector

(bedryf)] die universiteit is verbind tot gedentraliseerde besluitneming en bestuur en in die geval van *Die Matie* beteken dit dat die besluitnemingsmag oor hul finansies in die hande van die SR as demokraties verkose verteenwoordigers berus. 'Dit is die SR se taak om die prioriteite van aktiwiteite wat hulle op kampus wil finansier te bepaal. Die universiteit onderhandel jaarliks met die SR oor 'n globale begroting en kom daarvoor met hulle ooreen. Geen aktiwiteit op grondvlak word direk uit die sentrale begroting gefinansier nie. Ook nie *Die Matie* nie.'"

Die opvatting het al in die verlede bestaan dat "*Die Matie* onder die beskerming van die SR uitgegee word en dat 'die SR as sodanig die eienaar van *Die Matie* is'" (SR ontvrede, 1990:2).

Johannes Grobbelaar, SR-lid vir media in 1989, het die standpunt van die mediakomitee in daardie jaar as volg verwoord in 'n verslag waarin probleme met *Die Matie* bespreek is:

"Die administrasie van die universiteit kan dit [nie] bekostig dat sy amptenare en besluite deur 'n koerant wat hy finansier, afgekraak en in die verleentheid gestel word nie. Soos *Die Matie* nou daarna uitsien, is dit geen advertensie vir die universiteit en sy mense nie. Indien *Die Matie* hierdie status ["as mondstuk van die Stellenbosse student"] van hom wil verander, sal hy heeltemal outonoom moet funksioneer en kan die koerant geen finansiële ondersteuning van die universiteit verwag nie" (Grobbelaar, 1989:3).

Só 'n opvatting, soos 'n SR-lid hierbo te kenne gegee het, kon die gevoel versterk het dat indien die subsidie via die SR uitbetaal word, die SR steeds kon meen dit is die SR se geld en dat hulle dus aan *Die Matie* kon voorskryf (SR en *Die Matie*, 2001:5).

'n Assistent-redakteur van *Die Matie*, Carina du Toit, het die situasie onder meer as volg beskryf:

"Die SR-boontjieteller se idee is dat die SR in die nuwe grondwet van die studenteunie die mag kry om te beheer hoe groot die subsidie aan *Die Matie* moet wees en óf ons enigsins 'n subsidie moet ontvang. Geld is darem mos maar die mees effektiewe manier om enige persoon te manipuleer tot jy kry wat jy wil hê" (SR en *Die Matie*, 2001:5).

Die SR is egter slegs 'n kanaal waardeur die subsidie aan *Die Matie* oorbetaal word. Die subsidie is afkomstig uit studentegelde wat die studenteunie aan administrasie betaal en die bedrag word bepaal na aanleiding van 'n begroting soos deur die redaksie voorgelê (Swiegers, 2001:9).

Louise Swiegers, SR-lid vir media in 2000, het in 'n lesersbrief aan *Die Matie* geskryf “die SR [is] bloot 'n kontrolepunt wat die geld aanvra” en dat dit “nie geld [is] wat die SR vanuit hul eie fondse bewillig omdat hulle goedhartig is nie” (Swiegers, 2001:9).

Sy skryf as volg:

“Dit is herhaaldelik gestel dat die SR meer kontrole oor *Die Matie* moet hê. Die SR kan baie beter doen deur die uitdaging te aanvaar om 'n positiewe verhouding met *Die Matie* te bewerkstellig. Studente moet tog ingelig word oor belangrike kwessies rakende die SR en *Die Matie* is een van die belangrikste mediums om dit te bereik” (Swiegers, 2001:9).

Die Matie het in die verlede finansiële probleme ondervind (voorbeelde in 1996 en 2000 volg) en aangesien dit op swak interne bestuur vanaf die redaksie se kant kon dui, het dit die SR en universiteitsbestuur as't ware 'n houvas op *Die Matie* gegee soos hierna beskryf. Finansiële probleme sou daarop kon dui dat *Die Matie* homself nie na behore kan bestuur nie en dat ingryping deur die SR of universiteitsbestuur nodig was, soos hierna blyk uit koerantberigte.

In 1996 het die US-bestuur die druk van 'n uitgawe van *Die Matie* gestop nadat daar nie meer genoeg geld in die koerant se rekening was om drukkostes te dek nie (US stuit *Die Matie*, 1996:1). Die redakteur, Liza Albrecht, het in *Die Burger* (US stuit *Die Matie*, 1996:1) gesê “die optrede kom nadat *Die Matie* die afgelope twee maande nie kon verskyn nie omdat die universiteit voortdurend beweer het dat daar nie genoeg geld in hul rekening is nie”.

Sy het voorts in *Die Burger* gesê:

“Daar word al meer vrae gevra oor die ware motief vir die optrede. Was ons koerant tot dusver te krities? Dien dit as waarskuwing vir toekomstige redaksies om in hul spore te trap of is dit 'n straf vir ons ingesteldheid?” (US stuit *Die Matie*, 1996:1).

In antwoord hierop het Douglas Davis, toe woordvoerder van die US, gesê die US is

“inteendeel baie bekommerd daaroor dat *Die Matie* nie verskyn nie, maar [hulle] kan nie toelaat dat dit verskyn as daar nie geld in die rekening is nie. *Die Matie* het aan die begin van die jaar R50 000 van die SR ontvang en die redakteur is gevra om 'n kontantvloeibegroting aan ons te voorsien. Dit is nou, na sewe maande, nog nie ontvang nie” (US stuit *Die Matie*, 1996:1).

In 'n opvolgberig in *Die Burger* (Thiel, 1996b:3) het “die universiteit die redaksie van *Die Matie* van ‘onbevredigende finansiële beplanning en dissipline’ beskuldig en gesê dit het daartoe gelei dat dié studentekoerant die afgelope sewe maande net vyf keer verskyn het”.

“Luidens 'n verklaring deur die universiteit se mediawoordvoerder, mnr. Douglas Davis, ‘word geen vendetta teen die koerant deur die universiteitsowerhede gevoer nie’. Me. Albrecht het gesê [*Die Matie*] ‘het 'n reuse-skuldelaas van die vorige redaksie geërf’. ‘Ons is nooit gevra om 'n kontantvloeiëbegroting voor te lê nie en word ook met minder gesubsidieer as ander universiteitskoerante’” (Thiel, 1996b:3).

Die Matie het ook in 2000 finansiële probleme ondervind wat onder meer veroorsaak het dat een van die beplande uitgawes nie kon verskyn nie (Basson, 2000:3). “Skuld uit vorige jare”, “leemtes in die bestuur van studenteliggames se finansies”, “ernstige strukturele leemtes”, 'n “gebrek aan kontinuïteit” en “oningeligtheid” is as redes vir die finansiële probleme genoem (Basson, 2000:3).

In 'n verslag aan Louise Swiegers, SR-lid vir media, het Roy Havemann, *Die Matie* se finansiële bestuurder in 2000, gesê aangesien die subsidie van die SR “ongeveer 'n derde van alle kostes dek” en “die res deur advertensies gegeneer word”, is dit “belangrik dat die manier waarop advertensies gewerf, gefaktureer en ingevorder word, vlot verloop” (Havemann, 2000:2).

Havemann het strukturele- en kommunikasieprobleme met die universiteit se afdelings debiteure, krediteure en begrotingsbeheer voorgehou as redes vir *Die Matie* se kontantvloeiëprobleme. Voorts was daar skuld en uitstaande fakture wat van die vorige redaksie geërf is, dubbelbetalings aan krediteure, belasting wat nie teruggeëis is nie, swak finansiële bestuur vanaf die redaksie om kantoor- en telefoonuitgawes tot die minimum te beperk, “'n noodsaaklike” rekenaar wat aangekoop is sonder behoorlike vooraf begroting en uitstaande bedrae wat die SR en *Stellenbosse Student* aan *Die Matie* geskuld het (Havemann, 2000:1).

In 'n algemene inligtingstuk wat tydens die eerste vergadering van die Finansiële Oorsigkomitee in 2003 versprei is, is *Die Matie* se finansiële probleme in 2000 “toegeskrif aan swak finansiële bestuur gedurende die voorafgaande paar jaar”. Ook het “advertensie-inkomste glad nie drukkoste gedek nie en daar is ook nie voldoende voorsiening gemaak vir die vervanging van kapitale bates nie” (Algemene inligtingstuk, 2003).

In 2001 is 'n “konsolidasie-benadering gevolg” en in 2002 “kan verbetering toegeskryf word aan die instelling van interne beheermaatreëls, verbeterde kliëntediens en 'n beter bemerkbare produk” (Algemene inligtingstuk, 2003).

'n Komitee soos die Finansiële Oorsigkomitee wat in 2002 gestig is, sou bogenoemde probleme betyds kon identifiseer en 'n ondersteuningstelsel daar stel om soortgelyke probleme te help voorkom.

8.2.3 Moontlike herposisionering van *Die Matie*

MFM 92.6, Stellenbosch se gemeenskapsradiostasie en 'n afdeling³² van die US (MFM-grondwet, artikel 3 en 4, 2005), het in 2001 'n ondersoek aangevra om te bepaal of die stasie onder 'n ander afdeling as die afdeling studentesake sou kon funksioneer (Notule, MFM-dagbestuursvergadering, 2 Mei 2001). Dr. Johan Retief, toe die Departement Joernalistiek se verteenwoordiger op MFM se beheerraad (notule, MFM-beheerraadsvergadering, 7 Junie 2001), het die ondersoek gedoen en na afloop daarvan 'n verslag ingedien met die titel "Herposisionering van MFM, *Die Matie*" (Retief, 2001).

Die rede wat vir 'n moontlike herposisionering "aangevoer is, is [dat] MFM geleidelik van 'n kampus- na 'n gemeenskapsradiostasie ontwikkel [en] MFM moes 'n gemeenskapsdiens lewer om 'n kans te hê om te kwalifiseer vir 'n uitsaailisensie" (Herposisionering, Retief, 2001:2).

Volgens Retief se verslag was die vrae wat na aanleiding van die moontlike skuif ontstaan het, as volg:

- Is dit die taak van administrasie om 'n gemeenskapsdiens te bedryf?
- Het 'n administratiewe liggaam die kundigheid om bogenoemde te doen?
- Kan 'n suiwer administratiewe liggaam verantwoordelikheid vir só 'n gemeenskapsdiens aanvaar?

Die verslag het die Departement Joernalistiek as 'n moontlike afdeling gevind waaronder MFM kan funksioneer.

Prof. P.G. du Plessis, toe hoofdirekteur: studentesake, het volgens Retief op 4 Mei 2001 versoek dat die "moontlike hersposisionering" van *Die Matie* saam met dié van MFM ondersoek word (Retief, 2001:1). Die verslag maak bevindings oor 'n "moontlike koppeling tussen die Departement Joernalistiek en *Die Matie*" (Retief, 2001:9).

³² MFM is aan sy beheerraad verantwoordelik. "Die beheerraad is vir alle beleidsaspekte verantwoordelik asook die beheer van MFM volgens die riglyne van die MFM-grondwet" (MFM-grondwet, artikel 5.7, 2005). Alhoewel MFM onder die afdeling studentesake funksioneer (volgens die webblad van die afdeling studentesake) is die stasie in die laaste instansie aan die beheerraad verantwoordelik, ook wat betref finansiële bestuur. "Die uitvoerende bestuur is verantwoordelik vir finansiële bestuur binne die riglyne soos neergelê deur die US se hoofdirekteur: finansies. Die uitvoerende bestuur lewer verslag aan die beheerraad" (MFM-grondwet, artikel 6.5 en 6.6, 2005).

Die verslag (Retief, 2001:9) het bevind dat nie die SR of *Die Matie* dit nodig geag het dat *Die Matie* onder die Departement Joernalistiek ressorteer nie. Die redakteur het egter genoem “dit kan tot die koerant se voordeel wees om ’n ‘joernalistieke oor’ te hê wanneer probleme ondervind word”.

Die Departement Joernalistiek het as volg in die verslag (Retief, 2001:9,10) gereageer oor ’n moontlike verbintenis met *Die Matie*:

- Duidelikheid moet verkry word oor wat met die “ressorteer” bedoel word. Indien enige vorm van monitering of beheer oor redaksionele inhoud daarmee geïmpliseer word, geld dieselfde besware as wat in die geval van MFM geopper is. Die Departement Joernalistiek sal onder geen omstandighede meedoen aan ’n proses wat die redaksionele onafhanklikheid van *Die Matie* ondermyn nie.
- Die departement kan of wil geen verantwoordelikheid neem wat betref die redaksionele inhoud en beleid van *Die Matie* nie, en die departement wil daarom ook nie verkwalik word wanneer klagtes teen *Die Matie* ingebring word nie.
- Die indruk mag nooit geskep word dat *Die Matie* die produk van die Departement Joernalistiek is nie. Enige sodanige koppeling bedreig nie net *Die Matie* se redaksionele onafhanklikheid nie, maar hou ook gevaar vir die naam van die departement in.

[’n Moontlike skuif] sou onder meer die volgende praktiese implikasies inhou (Retief, 2001:10):

- Pleks dat [die afdeling] studentesake *Die Matie* se subsidie aan die SR gee (wat dit op sy beurt aan die koerant oorhandig), word die geld nou via die Departement Joernalistiek aan *Die Matie* oorbetaal.
- Die departement aanvaar finale verantwoordelikheid vir die geldelike sy van *Die Matie*.
- Die huidige klagteprosedure moet bly soos dit tans is. Die Departement Joernalistiek kan nie in enige voorstadium by ’n klagte teen *Die Matie* betrek word nie, omdat dit hom sal prejudiseer wanneer die Mediaraad vergader (waarvan die departement ’n lid is).

Die volgende vrae is na aanleiding van bogenoemde gevra (Retief, 2001:10):

- Verteenwoordig dit regtig ’n verbetering om *Die Matie* onder die Departement Joernalistiek te laat ressorteer?
- Is die gevare verbonde aan ’n alte noue koppeling nie te groot nie? (Dit kan eersgenoemde se onafhanklikheid bedreig en ’n gevaar vir laasgenoemde se naam en beeld inhou.)
- Is die voordeel van ’n “joernalistieke oor” vir *Die Matie* genoeg rede om ’n skuif te regverdig?

Die gevolg van Retief se verslag was dat die “status quo vir die huidige gehandhaaf word”.

8.2.4 Stigting van die Finansiële Oorsigkomitee

Op 7 Augustus 2002 het Adriaan Basson (redakteur 2002) die volgende in 'n persoonlike e-pos aan Jacolette Kloppers (redakteur 2001) geskryf:

“Op die oomblik oorweeg ek om, soos by MFM, 'n liggaam saam te stel wat ons beskerm en finansiëel verantwoordbaar hou. Maar dit sal 'n baie gebalanseerde liggaam moet wees (met bv. die hoof van die joernalistiekdepartement en 'n media-kenner van buite) en dan ook die gewone mense (studentedekaan, voorsitter van SR, ens). Sal bietjie met MdA [Martin de Abreu, MFM-stasiebestuurder] praat oor hulle proses, maar dit moet vinnig gebeur voor die SR dalk Dinsdagaand 'n absoluut *disasterous* besluit neem” (Basson, 2002a).

Ook op 7 Augustus 2002 het *Die Matie* 'n voorstel in verband met die finansies en beskerming van *Die Matie*, aan Anton van Zyl, toe SR-voorsitter, gerig (“Voorstel i.v.m. *Die Matie* se finansies en beskerming, Basson, 2002b). Die konsep wat voorgestel is, was die “stigting van 'n oorsigkomitee, geskoei op die model van MFM se ‘beheerliggaam’, wat voortaan *Die Matie* se begroting sal goedkeur, die subsidie deur die universiteitsadministrasie aan *Die Matie* toegeken sal uitbetaal en *Die Matie* verantwoordbaar sal hou vir sy finansiële bestuur” (Basson, 2002b). *Die Matie* se gedragskode sou egter in sy “huidige formaat behou [word] en *Die Matie* moet getrou daaraan voldoen” (Basson, 2002b).

Die voorlopige lede van die voorgestelde oorsigkomitee (Basson, 2002) was:

- *Die Matie* hoofredakteur
- *Die Matie* se redakteur: bedryf (in sommige termynne mag hierdie persoon ook die hoofredakteur wees, waar die hoofredakteur 'n tweede verteenwoordiger van *Die Matie* kan aanwys as lid van die komitee)
- SR-lid vir media
- SR-tesourier
- Hoof: Bemaking en Kommunikasie, US
- Hoof: Departement Joernalistiek, US
- Finansiële bestuurder (of sy/haar verteenwoordiger), US

Pieter Rademeyer, SR-lid vir media (2001/2002), het die bogenoemde voorstel in sy jaarverslag vermeld onder die opskrif “Die posisie van *Die Matie*” (Rademeyer, 2002).

Hy het dit as volg gestel:

“Samesprekings is gevoer tussen die SR en *Die Matie* ten opsigte van die posisie van *Die Matie* en onder watter liggaam binne die universiteit hulle voortaan sal val. Die persepsie word geskep dat *Die Matie* iets aan die SR verskuldig is bloot omdat hulle ’n subsidie van ons ontvang. *Die Matie* het ’n voorstel ingedien dat hulle ook soos MFM ’n beheerraad [wil] stig aan wie hulle direk verantwoordelik sal wees. Hulle meen verder dat hulle subsidie direk van dié raad kan kom en nie (soos MFM) via die SR deur die beheerraad nie” (Rademeyer, 2002).

Op 13 Augustus 2002 het Adriaan Basson die volgende in ’n e-pos aan mnr. H.A.J. Lombard van die US se finansiële afdeling geskryf met betrekking tot die oorsigkomitee:

“*Die Matie* het tot dusver ’n subsidie van die universiteit ontvang wat deel uitgemaak het van die SR se jaarlikse subsidie. Met die ontbondeling van die afdeling studentesake moes elke vereniging en organisasie wat onder hierdie afdeling geressorteer het – soos *Die Matie* – herbesin oor hul posisie. Na verskeie gesprekke met onder andere die studentedekaan, die rektor en die SR-voorsitter het ons besluit om ’n voorstel te formuleer vir die stigting van ’n Finansiële Oorsigkomitee vir *Die Matie*. Sodoende sal *Die Matie* nie meer onder een persoon of afdeling ressorteer nie, maar finansiël verantwoordbaar wees teenoor hierdie komitee. Aangeheg is ons voorstel van die gewysigde artikel 12 van die Grondwet van die Studenteunie wat omskryf hoe die komitee sal werk en wie daarop kan dien” (Basson, 2002c).

Lombard het in reaksie hierop geantwoord hy “stem saam met die voorstelle in par. 12 oor die samestelling van die oorsigkomitee, maar par. 11 sal nog gewysig moet word” (Lombard, 2002). Johan van Tiddens, toe redakteur: bedryf by *Die Matie*, se kommentaar was dat “die probleem met subartikel 11 [is dat die] Finansiële Oorsigkomitee nie tans die bevoegheid sal hê om die subsidiebedrag te bepaal of te magtig nie alvorens die finansiële komitee van die universiteit nie die bedrag bewillig het nie” (Van Tiddens, 2002).

Die Grondwet van die Studenteunie wat op 1 September 2002 in werking getree het, het vir die eerste keer ’n nuwe afdeling bevat onder artikel 13: studentedia. Artikel 13.12 handel spesifiek oor die Finansiële Oorsigkomitee van *Die Matie* (Grondwet, September 2002).

Die bepaling omskryf die komitee as volg:

“’n Finansiële Oorsigkomitee van *Die Matie* sal ingevolge en onderhewig aan hierdie grondwet funksioneer met die uitsluitlike doel om die funksies wat aan dié liggaam in hierdie artikel toegeken word, te verrig.

(a) Die Finansiële Oorsigkomitee van *Die Matie* bestaan uit nege lede, te wete:

1. Die tesourier of voorsitter van die SR;
2. Die SR-lid wat vir media verantwoordelik is;
3. Die voorsitter van die Departement Joernalistiek, of ’n persoon wat deur hom of haar aangewys is;
4. ’n Dosent van die Departement Handelsreg wat deur die dekaan van die Regsfakulteit aangewys is;
5. Die huidige hoofredakteur van *Die Matie* of ’n persoon wat deur hom of haar aangewys is;
6. Die huidige redakteur: bedryf van *Die Matie* (indien dié persoon ook die hoofredakteur is, mag hy/sy ’n tweede verteenwoordiger van *Die Matie* aanwys);
7. Die universiteit se hoof: bemarking en kommunikasie;
8. Die universiteit se direkteur: finansies of ’n verteenwoordiger van hom/haar;
9. Die universiteit se studentedekaan.

(b) Die Finansiële Oorsigkomitee van *Die Matie* sal drie keer per SR-termyn vergader om die finansiële bestuur van *Die Matie* te bespreek. Die eerste sodanige vergadering per termyn, waarop besluit word oor die toekenning van ’n subsidie, sal plaasvind binne twintig dae nadat die hoofredakteur deur die SR bekragtig is” (Grondwet, September 2002).

Die eerste vergadering van die oorsigkomitee het op 6 Maart 2003 plaasgevind (Agenda, eerste vergadering, 2003). In die algemene inligtingstuk wat op die eerste vergadering aan die komiteelede versprei is, word gesê die “doel van die komitee is om te verseker dat *Die Matie* finansiële verantwoordbaar bly vir die fondse wat van die universiteit ontvang word” (Algemene inligtingstuk, 2003). Dit stipuleer ook dat “die komitee sy bevoegdhede [verkry] kragtens artikel 13(12) van die Grondwet van die Studenteunie” (Algemene inligtingstuk, 2003).

Die komitee is ’n “onafhanklike liggaam waarteenoor *Die Matie* finansiële verantwoordbaar moet bly” (Notule, eerste vergadering, 6 Maart 2003). Voorts “bepaal die SR jaarliks *Die Matie* se subsidie nadat ’n begroting deur *Die Matie* ingedien is, maar hierdie bedrag is onderworpe aan die finale diskresie van die oorsigkomitee”.

Sake wat die Finansiële Oorsigkomitee intussen volgens die notules van die komitee se vergaderings bespreek het en waarvoor oplossings probeer vind is, is die grootte van die subsidie, drukkostes, advertensielading, advertensietariewe, hoë telefoonuitgawes, tussentydse en finale

finansiële state, kontantbegrotings, die toestand van rekenaartoerusting en maniere om ekstra inkomste vir die koerant te genereer (Notule 16 Maart 2004, Notule 6 Maart 2003, Notule 18 September 2003).

8.3. Nuwe verwikkeling – skuif van die subsidie

Die jaarlikse subsidie van *Die Matie* word vanaf Augustus 2007 nie meer via die SR uitbetaal nie, maar wel deur die Afdeling Studentesake (Notule, 23 Oktober 2006). Prakties beteken dit dat *Die Matie* se kostepunt vanaf die SR se begroting na dié van die Afdeling Studentesake toe geskuif het.

Kobus Ehlers, SR-ondervoorsitter in 2005/2006 en SR-voorsitter in 2006/2007, het die proses in 'n persoonlike onderhoud³³ (5 Oktober 2007) aan die navorser verduidelik aangesien die skuif van die kostepunt sy idee was. Volgens Ehlers het gesprekke rondom dié skuif meestal mondelings plaasgevind en bestaan stawende dokumente of skriftelike bewyse feitlik glad nie.

Ehlers het gesê hy het tydens sy termyn as SR-ondervoorsitter (en as voorsitter van die SR se beleidskomitee) 'n ondersoek geloods na die SR se portefeuljes en begroting en of dit doeltreffend genoeg bestuur word. Hy het tot die slotsom gekom dat die SR se uitbetalings aan MFM en *Die Matie* problematies is. So onafhanklik as wat *Die Matie* behoort te wees, behoort die SR ook onafhanklik te wees, het Ehlers gemeen, en dus kan *Die Matie* nie 'n waghond wees oor die organisasie wat hom finansier nie. Ehlers het gesê hoewel die SR, *Die Matie* en die Afdeling Studentesake in 2007, toe die besluit geneem is, gesonde betrekkinge gehandhaaf het, kon daar in die toekoms dalk weer 'n konfliktsituasie ontstaan. Daarom wou hy graag oor die strukture herbesin voor daar moontlik weer in die toekoms wrywing tussen die onderskeie partye ontstaan.

Ehlers het gemeen daar is twee oplossings. Óf 'n voorafbepaalde bedrag moet op elke studenterekening gehef word, óf die universiteitsraad moet 'n "blokbedrag" aan *Die Matie* uitbetaal. Eersgenoemde roete is nie gevolg nie aangesien dit nuwe, ekstra administratiewe prosesse tot gevolg sou hê. Die US-raad kan ook nie direk aan *Die Matie* 'n uitbetaling maak nie, want anders as die SR, is *Die Matie* nie een van die US se statutêre liggame nie.

Ehlers het, in samewerking met Robert Kotzé, waarnemende studentedekaan in 2007, besluit dit is die beste om slegs *Die Matie* se kostepunt te skuif. Ehlers het gesê dit is 'n stap wat positief ontvang is. Volgens hom is *Die Matie* daardeur gewaarborg van 'n minimum jaarlikse subsidie van R80 000 en, sou die redaksie dit wou verhoog, kan hulle direk met die Afdeling Studentesake onderhandel sonder enige inmenging van die kant van die SR.

³³ Robert Kotzé, die US se waarnemende studentedekaan in 2007, het Ehlers se inligting bevestig en ook gesê die besluite is mondelings geneem en dat stawende dokumente dus nie bestaan nie (Kotzé, 2007).

Dié skuif het ook meegebring dat die tradisionele rol van die SR-lid vir media hersien moes word. Waar die SR-lid vir media voorheen 'n "oorsigrol" vertolk het, volgens Ehlers, kan dié SR-lid met die nuwe reëling slegs 'n informele skakel tussen die SR en *Die Matie* wees. Voordat die Finansiële Oorsigkomitee in die lewe geroep is, was die SR-lid vir media verantwoordelik vir *Die Matie* se finansies deurdat 'n begroting aan die begin en einde van elke termyn by die SR-lid vir media ingehandig moes word (Mediareglement 2002 en die navorser se institusionele geheue).

Dié rol het egter begin vervaag nadat die Finansiële Oorsigkomitee met sy werksaamhede begin het (sien afdeling 8.2.4). Aangesien *Die Matie* se subsidie ná die skuif van die subsidie nie meer aan die SR gekoppel kan word nie, kan die SR-lid vir media nie meer enige verantwoordelikhede hê in terme van *Die Matie* se geldsake nie en word die SR-lid vir media nou, volgens Ehlers, eerder gesien as iemand wat kampusmedia ontwikkel in plaas van reguleer.

Tydens die afhandeling van dié studie was die skuif van *Die Matie* se kostepunt asook die aangepaste rol van die SR-lid vir media nog nie in die studenteunie-grondwet of in enige ander reglemente gedokumenteer nie.

Ehlers het ook gemeen die SR-lid vir media behoort nie betrokke te wees in die amptelike klagteprosedure of in die gepaardgaande sitting van die mediaraad nie. Volgens hom behoort die SR-lid vir media uit die reglemente geskryf te word as bemiddelaar, aangesien die SR-lid vir media tegnies ook klagtes teenoor *Die Matie* kan lê en nie noodwendig onpartydig kan staan sou ander SR-lede klagtes teen *Die Matie* indien nie. Op amptelike vlak is dié aangeleentheid egter nog nie by die afhandeling van hierdie studie ondersoek nie.

8.4. Opsomming

Die verwikkeling wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is een van die meganismes wat, naas die gedragskode, die meeste vryheid aan *Die Matie* bied. 'n Deurlopende tema deur hierdie studie is die twis tussen SR-lede en redaksielede oor finansiële aangeleenthede en dat die SR by meer as een geleentheid die subsidie as 'n metode wou gebruik om die vryheid van *Die Matie* in te perk. Noudat *Die Matie* nie meer teenoor die SR verleë is wat die subsidie betref nie, en noudat die SR nie meer 'n magsvertoon deur middel van die subsidie kan afdwing nie, kan daar dalk vir die eerste keer 'n gesonde verhouding, met albei partye op gelyke voet, tussen *Die Matie* en die SR bestaan. Aangesien die SR nie nou meer 'n houvas oor *Die Matie* het nie, bied dit aan *Die Matie* meer geleentheid om 'n waghondfunksie teenoor die SR in te neem soos wat daar van 'n koerant teenoor 'n owerheid verwag word.

9. Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

Daar word gehoop dat die studie oor die regulering en selfregulering van *Die Matie* 'n leemte in terme van die Suid-Afrikaanse mediageskiedenis vul, asook in die optekening van die US se geskiedenis, aangesien geen onlangse navorsing of geskiedskrywing in terme van *Die Matie* óf ander Suid-Afrikaanse studentekoerante gedoen is nie.

In hierdie studie oor hoe *Die Matie* se regulering en selfregulering ontwikkel het, is dit duidelik die Butler-komitee het baanbrekerswerk gedoen. Daarmee het die US-owerhede eintlik vir die eerste keer op 'n hoë vlak die belangrikheid van *Die Matie* erken, en ook dat hulle besef het dat in plaas daarvan om die koerant te verbied of te sensureer, *Die Matie* professioneel bestuur behoort te word.

Die onafhanklikheid wat *Die Matie* deur middel van sy gedragskode verwerf het, in die lig van algemene persvryheid in Suid-Afrika ná 1994, het die weg gebaan vir nóg meer vryheid omdat

- (1) die SR-lid vir media feitlik geen meer magte in terme van *Die Matie* het nie,
- (2) *Die Matie* se subsidie direk via die Afdeling Studentesake uitbetaal word, en
- (3) die bedrag van die subsidie nie meer lukraak verminder of weerhou kan word nie.

9.1 Uitkomst van navorsingsvrae

Die navorsingsvrae was:

- 1) Hoe pas *Die Matie* studentekoerant selfregulering toe deur middel van sy gedragskode, die Mediaraad en die Finansiële Oorsigkomitee en hoe het dit ontwikkel sedert die demokratisering van Suid-Afrika?
- 2) Hoe word *Die Matie* deur universiteitsowerhede gereguleer? (Die volgende subvrae het gegeld: Geniet *Die Matie* volgens die beleid van die Universiteit van Stellenbosch persvryheid? Word die onafhanklikheid van *Die Matie* in die beleidsdokumente van die SR of die universiteit erken? Kan die universiteitsowerhede of die SR redaksielede afdank of skors indien hulle nie tevrede is met *Die Matie* se beleid of inhoud nie? Kan die universiteitsowerhede of die SR die koerant se jaarlikse subsidie om een of ander rede verminder of weier? Kan die SR of die universiteitsowerhede *Die Matie* se voortbestaan bedreig indien hulle ontevrede is met die inhoud?)

Hierdie studie het duidelik aangetoon dat *Die Matie* selfregulering toepas deur middel van die gedragskode, die Mediaraad en die Finansiële Oorsigkomitee in die sin dat dit vir die koerant 'n raamwerk en riglyne bied waarbinne gewerk en standpunt ingeneem kan word sonder dat 'n eksterne party, byvoorbeeld die SR of US-raad, alleen daarvoor beheer het. Die redaksie het dus

die vryheid om as 't ware te publiseer wat hulle nodig ag en om so krities en omstrede te wees as wat hulle nodig ag, solank as wat hulle hou by die riglyne wat deur die gedragskode neergelê is. Sou enigiemand daarmee 'n probleem hê, is daar goed gereelde prosedures in plek vir die indien van klagtes, en kan die geskil op 'n geordende manier besleg word.

Hoewel *Die Matie* steeds aan die finansiële komitee verslag moet doen oor sy finansies, kan dit gebeur sonder die vrese dat die subsidie weerhou of verminder gaan word. Aangesien die situasie rondom die subsidie al 'n groot strydpunt in die verlede was, het die nuwe bepalings rondom die subsidie *Die Matie* se onafhanklikheid bevestig omdat die koerant nie nou meer aan die SR uitgelewer is nie.

Soos blyk uit die besprekings oor die gedragskode, die Mediaraad, die Finansiële Oorsigkomitee, die reëlings rondom die subsidie en die beskrywing van *Die Matie* in die studenteunie-grondwet, is *Die Matie* se posisie tans beskerm en kan die universiteitsowerhede en die SR nie lukrake besluite neem oor die voortbestaan van die koerant nie. Verdere beskerming blyk uit die volgende:

- Die onafhanklikheid van *Die Matie* word wel in die beleidsdokumente van die SR en die universiteit erken;
- die universiteitsowerhede en die SR kan nie redaksieledede afdank of skors indien hulle nie tevrede is met *Die Matie* se beleid of inhoud nie;
- die jaarlikse subsidie mag nie verminder word na goeddunke van die SR nie; en
- die SR of die universiteitsowerhede kan nie *Die Matie* se voortbestaan bedreig indien hulle ontevrede is met die inhoud nie.

9.2 Gevolgtrekkings

'n Universiteit wat homself sien as 'n instelling wat demokrasie, deursigtigheid en gelykheid bevorder, behoort 'n studentekoerant te hê wat op dieselfde beginsels gegrond is. Die mate waartoe die studentekoerant onafhanklik is en die hoeveelheid persvryheid op kampus, is 'n teken van hoe demokraties die betrokke universiteit is en dat hulle besef hoe belangrik 'n gesaghebbende waghond is.

“[Die studentekoerant] mag nooit 'n spreekbuis of werktuig van die owerheid word nie. Net so min as wat die koerant 'n spreekbuis of werktuig van die owerheid mag wees, mag hy dit van die studenteraad wees. Al word die redakteur deur die studenteraad aangewys, staan hy nie in diens van die raad nie, maar van die hele studentegemeenskap” (De Beer, 1982:180-181).

In die lig van bogenoemde dien *Die Matie* as voorbeeld in Suid-Afrika dat studentekoerante dieselfde behandeling en regte/voorregte as professionele koerante kan geniet. Hierdie navorser wil die wens uitspreek dat ander Suid-Afrikaanse studentekoerante besef hulle kan baie meer onafhanklik wees van hul universiteitsowerhede as wat tans dalk die geval is, en dat daar wel maniere is om losser te staan van die SR en universiteitsbestuur.

Die Matie se situasie bewys dat studentekoerante wel onafhanklik kan funksioneer binne die universiteitskonteks en dat daar wel 'n gesonde verhouding tussen die studentekoerant en bestuur kan bestaan. Hierdie navorser hoop die SR en owerhede van die US besef watter baanbrekerswerk in terme van *Die Matie* en sy onafhanklikheid gedoen is. 'n Mens kan op grond van dié feit die gevolgtrekking maak dat dit 'n teken is dat die US, minstens in die geval van die studentekoerant, in voeling bly met politieke en kulturele veranderinge.

Wat egter wel duidelik uit die studie geblyk het, is die baie swak kontinuïteit in terme van die argivering en bewaring van dokumente van studenteorganisasies (insluitend *Die Matie* en die SR) aan die US. Geskiedkundige dokumente, waarvan in sommige gevalle net een kopie beskikbaar is, raak só verlore. Dit dra daartoe by dat 'n institusionele geheue verdwyn. Dié studie was juis daarom besonder moeilik om te voltooi, aangesien soveel noodsaaklike bronne, in terme van amptelike universiteitsdokumente, nie opgespoor kon word nie.

Die navorser het eerstens gevind die SR se argief is in 'n chaotiese toestand. Elke jaar se aangepaste weergawes van die studenteunie-grondwette word byvoorbeeld nie chronologies op een plek bewaar nie. Dit het geblyk dat indien elke SR-lid nie persoonlik sy portefeulje se dokumentasie behoorlik argiveer nie, dit later, wanneer die termyn verstryk het, nie meer beskikbaar is nie. Daar is dus geen kontinuïteit nie. Ehlers het dit in 'n onderhoud met die navorser bevestig. In sommige gevalle moes hierdie navorser SR-jaarverslae tussen 'n hoop lêers op die grond uitsoek.

Al die dokumente word ook nie van datums, bladsynommers en outeurs voorsien nie, en later is dit onmoontlik om te weet wanneer dit 'n oorspronklike dokument is en wanneer dit een of ander gewysigde, gekopieerde weergawe is. Boonop is dit dan onseker wie die dokument gewysig het. Dit het ook geblyk dat daar nie een sentrale elektroniese bewaringsplek vir al die SR se dokumente is nie. Dit was ook skokkend dat 'n kopie van die jongste weergawe van die studenteunie-grondwet byvoorbeeld nie by die SR-kantoor beskikbaar was nie.

Die Matie se eie argief is ook totaal ongeordend. Indien dit nie was vir die navorser en ander redakteurs se persoonlike versamelings nie, sou dié studie nie gedoen kon word nie. 'n Doeltreffende liassingstelsel vir belangrike, veral geskiedkundige, dokumente bestaan nie. Dokumente en reglemente wat wel in die kantoor beskikbaar is, is nie volgens datum of onderwerp geliasseer op 'n manier waarop toekomstige redaksielede dit vinnig kan opspoor nie. Dit geld ook finansiële state, agendas en notules van vorige termyne. Hoewel die huidige redaksie se

administratiewe stelsels baie goed georganiseer is, is daar byvoorbeeld nie enige materiaal oor die Butler-komitee in *Die Matie* se kantoor beskikbaar nie.

Dit is ook onseker wat die rol van die US-argief in die bewaring van studenteorganisasies se materiaal is, aangesien ontbrekende dokumente ook nie noodwendig daar opgespoor kon word nie.

'n Volledige stel van al die uitgawes van *Die Matie* is egter wel in die J.S. Gericke-biblioteek beskikbaar, en dit is met 'n groot mate van verligting dat hierdie navorser kon vasstel dat al 67 jaar (tot op datum, naamlik 2008) se koerante daar veilig bewaar word. Die feit dat dit in bundels bewaar word, dra by tot die instandhouding van dié koerant as toekomstige artefakte vir mediahistoriografiese navorsing.

9.3 Aanbevelings

9.3.1. Dit is noodsaaklik dat *Die Matie* en die SR se beleidsdokumente met mekaar belynd word sodat verskillende grondwette, gedragskodes en reglemente mekaar nie weerspreek nie. Aangesien die huidige weergawe van die Grondwet van die Studenteunie nog bepaal dat *Die Matie* se subsidie via die SR uitbetaal word, maar dit in werklikheid nie meer so gebeur nie, is die nuwe reëling in terme van die subsidie inderwaarheid onreglementêr. In die lig van dié nuwe reëling is dit ook noodsaaklik om die nuwe rol van die SR-lid vir media en die SR-tesourier in terme van *Die Matie* deeglik op skrif te stel. Daar sou selfs gekyk kon word of genoemde twee SR-lede hoegenaamd nog sitting op die Finansiële Oorsigkomitee behoort te hê. *Die Matie* behoort ook seker maak dat die wysiging aan sy gedragskode in terme van die klagteprosedure wel by die gedragskode aangebring word, aangesien die vensterperiode van twee weke waarin 'n klag ingedien kan word, groter beskerming aan die koerant en redaksielede bied as 'n onbepaalde tydperk.

Alle belynde en aangepaste dokumente moet van datums voorsien word sodat daar maklik tred gehou kan word van wysigings en veranderings. Veranderinge aan grondwette en reglemente behoort aan alle SR-lede, studenteorganisasies asook die US-bestuur bekend gemaak te word, sodat alle belanghebbendes op hoogte kan wees van prosedures en bepalinge. Nuwe SR-lede behoort deeglik onderleg te word in wat hul rol is en hoe ver hul magte, indien enige, strek.

9.3.2: Daar word aanbeveel dat *Die Matie*, die SR en ander studenteorganisasies opleiding kry om kundig met dokument-argivering om te gaan, in sowel hardekopie-formaat as in e-weergawes. Die nut en waarde van die bewaring van dokumente en behoorlike argivering moet in die proses deeglik beklemtoon word. Argiefmateriaal moet, nadat termyne verstryk het, opgespoor kan word en toeganklik wees vir navorsers en ander belanghebbendes. Dit is byvoorbeeld belangrik dat alle dokumente van datums voorsien word sodat daar maklik rekord gehou kan word van veranderings

in dokumente en van verskillende weergawes van dokumente. Daar moet moeite gedoen word om dokumente so goed as moontlik op 'n sentrale plek te bewaar. Dieselfde geld e-dokumentasie.

9.3.3: Nuwe redaksieledede behoort jaarliks tussen die oorgang van die ou na die nuwe redaksie 'n oorsig oor die geskiedenis te kry sodat hulle kan verstaan waar *Die Matie* vandaan kom, wat *Die Matie* reeds bereik het en wat hulle (as redaksieledede) asook die koerant se regte en voorregte is. Hulle moet ook onderrig word in wat die rol van die media in 'n demokrasie is, sodat hulle kan verstaan watter belangrike rol hulle op kampus en in die studentegemeenskap speel. Pogings moet ook aangewend word om 'n institusionele geheue aan jong (nuwe) redaksieledede oor te dra asook 'n begrip vir *Die Matie* as instelling. Redaksieledede moet gehelp word om te verstaan dat lesse uit die geskiedenis in die toekoms tot voordeel kan wees. Tydens die navorsing het dit geblyk die redakteur van 2007/2008 het byvoorbeeld nie geweet van die vensterperiode van twee weke waarbinne 'n klag teen *Die Matie* ingedien moet word nadat die berig verskyn het nie, en dus nie besef het die ander party het nie meer 'n saak uit te maak nie.

9.3.3.1. Uitvloeisel van 9.3.3: Die navorser het reeds in Augustus 2007, nadat die nuwe redaksie vir 2007/2008 aangewys is, opleidingsessies vir ou en nuwe redaksieledede aangebied in haar hoedanigheid as Rykie van Reenen-genoot by die US se Departement Joernalistiek. *Die Matie* se onafhanklikheid is beklemtoon en tydens die opleidingsessies is dit duidelik gemaak die Departement Joernalistiek neem slegs 'n ondersteunende rol in en dat *Die Matie* nie voorgeskryf sal word oor hoe hulle hul sake moet bestuur nie.

Lesings en studiemateriaal wat gewoonlik vir die BPhil-joernalistiekstudente gebruik word, kon maklik aangepas en verander word vir die doeleindes van *Die Matie*, aangesien die navorser *Die Matie* se werkinge ken en verstaan. Johan van Tiddens, redakteur in 2002/2003, Nerisa Coetzee, bedryfsredakteur in 2003/2004, en André-Pierre du Plessis, redakteur in 2005/2006, was ook by die opleidingsessies betrokke sodat nuwe redaksieledede uit soveel as moontlik kennis en ervaring kon put.

Onderwerpe wat bespreek is, het ingesluit:

- Bladuitleg (prakties en teorie),
- koerantproduksie,
- taalversorging,
- die skryf van opskrifte en inleidings,
- die doel van 'n studentekoerant,
- nuuswaardes,
- hoe om 'n berig te skryf,
- waar om inligting te kry,
- finansiële bestuur en die rol van die Finansiële Oorsigkomitee,
- bylaes en spesiale projekte,

- bemarking en advertensies, en
- kliëntediens.

Die navorser is ook genooi om in Augustus 2007 'n vergadering van die nuwe redaksie vir 2007/2008 by te woon waarin sy 'n oorsig oor *Die Matie* se geskiedenis gegee het, die gedragskode verduidelik het asook bepalings in terme van die subsidie.

Soortgelyke opleidingsessies met verskillende groepe nuwe redaksielede is in Februarie 2008 en Augustus 2008 deur die navorser herhaal. Pieter-Francois Theron, redakteur in 2007/2008, en Du Plessis was onder meer ook betrokke. Kopieë van onder meer die gedragskode is ook aan redaksielede uitgedeel.

Inligtingsessies soos hierbo vermeld, in samewerking met joernaliste uit die praktyk, behoort 'n standaardreëling te wees ten einde seker te maak elke nuwe redaksielid is so goed moontlik toegerus vir hul nuwe termyn.

9.3.4.: Redaksielede, SR-lede, lede van ander studenteorganisasies en selfs US-bestuurslede behoort mediavorligting te ontvang sodat hulle kan probeer verstaan wat die rol van die media is, maar ook hoe kampusmedia (veral *Die Matie*) aangewend kan word in doeltreffende kommunikasie op kampus. Ander onderwerpe wat hierby aansluit, is 'n bespreking van persvryheid, wat onafhanklike media beteken en wat die redakteur se verantwoordelikheid is. 'n Organisasie soos Genderlinks kan ook moontlik kursusse in mediageletterdheid op Stellenbosch aanbied waarin verskillende belangegroepe kan leer hoe om met die media om te gaan.

9.4 Slot-opmerkings

Ten spyte van regverdige aspekte van kritiek, is dit duidelik dat *Die Matie* goed ontwikkelde, demokratiese, deursigtige stelsels (soos die gedragskode en die Finansiële Oorsigkomitee) in plek het wat die koerant se onafhanklikheid waarborg. Dit skep 'n ruimte waarin *Die Matie* onverskrokke kan voortgaan om studente krities en ingelig te hou sonder die vrees dat subsidies weggeneem of verminder gaan word of dat redakteurs net summier afgedank gaan word.

In 1995, nog voordat die werksaamhede van die Butler-komitee afgehandel was, het vier dosente wat destyds aan die US se Departement Politieke Wetenskap verbonde was, 'n brief aan *Die Matie* geskryf waarin daar bepleit is dat *Die Matie* die ruimte gegun word om sy werk te doen (Pienaar, 1995:3). In die brief het hulle gesê dosente kla gedurig "dat daar nie 'n kritiese ingesteldheid by studente sigbaar is nie" (Pienaar, 1995:3).

Vervolgens het hulle geskryf:

“Wanneer ’n kritiese ingesteldheid onder studente onmiddellik deur ’n negatiewe reaksie en moontlike sensuur gevolg word, is hierdie kritiek egter verstaanbaar. ‘Kritiek, veral kritiek teen gesags-instellings en -figure soos die rektorat, dosente en die kerk, moet nie net moontlik wees nie, maar selfs aangemoedig word,’ lui die brief. ‘Openbare figure (ook rektore van universiteite) funksioneer beter as hulle verplig word om hul doen en late aan openbare kritiek te onderwerp. Die verwagting van ’n moontlike kritiese ontvangs van jou dade is vir ons almal ’n teenmiddel vir eensydige optrede. Om ’n kritiese ontvangs by voorbaat te wil smoor, is om dié belangrike bron van inligting uit die gemeenskap wat jy moet dien, af te sluit,’ luidens die brief” (Pienaar, 1995:3).

Met hierdie brief, en met die redes wat aangevoer word oor hoekom *Die Matie* nie gesnoer moet word nie, sluit dié betrokke dosente aan by Oettinger wat gesê het studente leer in vakrigtings soos politieke wetenskap van vryheid van spraak en demokrasie, maar dat hulle dit nie in hul werk by studentekoerante toegepas kry nie (1995:3).

Net meer as tien jaar later het *Die Matie* se situasie egter sodanig verander dat die koerant haas nie meer tot stilte gedwing kan word wanneer “gesags-instellings en -figure soos die rektorat, dosente en die kerk” gekritiseer word nie. *Die Matie* kan dus nou sonder voorbehoud ’n rol in die Suid-Afrikaanse demokrasie speel deur ’n platform te wees vir die volle spektrum van idees binne die US-gemeenskap. Dit kan *Die Matie* doen omdat die koerant eerstens onafhanklik is en tweedens sowel regte as verantwoordelikhede het (Barratt, 2008b:152).

Barratt vra egter die vraag of demokrasie ooit ver genoeg ontwikkel kan wees en of demokrasie ooit só gevestig kan wees dat dit nie weer tot niet kan gaan nie (2008b:152). En, vra Barratt, is ’n grondwet genoeg van ’n waarborg dat ’n koerant vry en regverdig funksioneer? Net omdat *Die Matie*, soos die Suid-Afrikaanse media in die algemeen, ’n gevestigde gedragskode in plek het en daarmee saam vryheid van die pers geniet, sê dit nie *Die Matie* se stryd is klaar gestry nie. Indien *Die Matie* egter voortgaan om binne die US-gemeenskap die funksies te vervul van waghond, gidshond, boodskapper, opvoeder, neutrale reflekteerder van die samelewing, aktiewe bevorderaar van demokratiese deelname, en ’n agent vir die verbetering en transformering van die joernalistiek (Barratt, 2008b:152), het die stryd van die verlede die weg gebaan vir *Die Matie* om ook in die toekoms ’n sinvolle en produktiewe bydrae te lewer.

10. Verwysings

- Adema, S. (1993). *Die Matie* verbrand. (1993, 4 Maart). *Die Matie*: 2.
- Aikôna, sê oud-redakteurs. (1983, 21 Maart). *Die Vaderland*: 3.
- Albrecht, S. (1983). Matie haar pos kwyt oor kritiek teen P.W. (1983, 12 Maart). *Die Vaderland*: 1.
- Albrecht, S. (1983). Matie-beeld in gedrang. (1983, 21 Maart). *Die Vaderland*: 5.
- Albrecht, S. (1983). Maties se koerant blý 'leef'. (1983, 22 Maart). *Die Vaderland*: 1.
- Albrecht, S. (1984). Redaktrise se skorsing deur Maties betreur. (1984, 20 Maart). *Die Vaderland*: 5.
- Algemene inligtingstuk by die agenda van die eerste vergadering van die Finansiële Oorsigkomitee van *Die Matie* studentekoerant. (2003). *Die Matie*-dokument, Universiteit van Stellenbosch, 6 Maart 2003.
- Apologieë. (1995, 12 Oktober). *Die Matie*: 1.
- Babbie, E. (2002). *The basics of social research*. Verenigde State van Amerika: Wadsworth/Thomson Learning.
- Barratt, E. (2006). *Part of the story – 10 years of the South African National Editors' Forum*. Johannesburg: Sanef.
- Barratt, E. (2008a). Self-regulation of the media. They are keeping us angels. In Berger, G. & Barratt, E., *The extraordinary editor* (pp. 136–137). Johannesburg: Sanef.
- Barratt, E. (2008b). Media in democracy. Five overlapping roles to play. In Berger, G. & Barratt, E., *The extraordinary editor* (pp. 152–153). Johannesburg: Sanef.
- Basson, A. (2000). Geldprobleme vir SR, kampusmedia. (2000, 17 Mei). *Die Matie*: 3.
- Basson, A. (2002). Voorstel i.v.m. *Die Matie* se finansies en beskerming. *Die Matie*-dokument, gerig aan die SR-voorsitter, Universiteit van Stellenbosch, 7 Augustus 2002.
- Basson, A. & Van Tiddens, J. (2001). Motivering: Subsidie – *Die Matie* studentekoerant. *Die Matie*-dokument, gerig aan die SR-lid vir media, Universiteit van Stellenbosch, 24 September 2001.
- Berger, A.A. (1998). *Media research techniques*. (2nd ed.). Kalifornië: Sage Publications.
- Bingham, A. (2007). 'Drinking in the last chance saloon'. The British press and the crisis of self-regulation. In *Media History Vol. 13* (pp. 79–92). Verenigde Koninkryk: Routledge.
- Blanc de Blanc. (1995). Red dié wit ou! (1995, 14 September). *Die Matie*: 5.
- Booyens, B. (1966). Studentelewe – die jongste tydperk. In H.B. Thom (red.), *Stellenbosch 1866 – 1966: Honderd jaar hoër onderwys* (pp.377–380). Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Bouwer, A. (2004). Freedom of the student press in South Africa. *Ecquid Novi*, 25(1): pp. 25–42.
- Bradley, D. (1965). *The newspaper – Its place in democracy*. New York: Van Nostrand Reinhold Company.
- Bravo Maties. (1985, 14 Maart). Redaksionele kommentaar. *The Argus*: 18.
- Breytenbach, W. (1995). 'Matie' gaan rektor verskoning vra oor aantygings in satiriese brief. (1995, 18 September). *Die Burger*: 9.
- Bruwer, N. (1996). ½ Eeu + ½ Dekade = *Die Matie*. (1996, 5 September). *Die Matie*: 7.
- Butler-verslag. (1995). In *Rapport van die uitvoerende komitee van die raad: nr. 8/95*. Raadsdokument, Universiteit van Stellenbosch, 7 Desember 1995.
- Christians, C. (1989). Self-regulation: A critical role for codes of ethics. In E.E. Dennis (red.), *Media freedom and accountability* (pp. 35–53). Connecticut: Greenwood Press.

- Claassen, G. (2000). Breaking the mold of political subservience. *Vrye Weekblad* and the Afrikaans alternative press. In Switzer, L. & Adhikari, M. (red.), *South Africa's Resistance Press* (pp. 404–448). Verenigde State van Amerika: Sentrum vir Internasionale Studies, Ohio Universiteit.
- Claassen, G. (2007). Wie waak as wagter oor die perswag hond? Rubriek (2007, 15 Junie). *Die Burger*: 23.
- Claassen, G. (2007). SA Persraad bring nuwe bedeling vir drukmedia. Rubriek (2007, 10 Augustus). *Die Burger*: 17.
- Condoms, full-frontal photo outrages Maties. (1994, 14 Februarie). *The Cape Times*: 3.
- Dardenne, R. (1996). *A free and responsible student press*. Florida: Poynter Instituut.
- Diederichs, P. & De Beer, A. S. (1998). Newspapers. The Fourth Estate: A cornerstone of democracy. In A.S. De Beer (red.), *Mass media towards the millennium. The South African handbook of mass communication* (pp. 85–116). Pretoria: J. L. van Schaik.
- De Beer, A.S. (1982). Die joernalistiek – 'n topberoep. In De Beer, A. S., (red.), *Joernalistiek vandag* (pp. 1–11). Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- De Beer, A.S. (2005). *An introduction to qualitative research methodes for journalism. Short course study guide*. Department of Journalism, Stellenbosch University: Unpublished manuscript.
- De Jager, E. (2004). Media en Bemarking – Jaarverslag 2003/2004. SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch.
- De Villiers, D.P. (1995). Berigte in *Die Matie* 14 September 1995. Verslag in raadsnotule, Universiteit van Stellenbosch, 16 November 1995.
- Die einde... (1971). Redaksionele kommentaar. (1971, 1 September). *Die Matie*: 6.
- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
- Die Matie* beveg nog 'n monster. (1985, 13 Maart). *Die Matie*: 1.
- Die Matie* editor back after P.W. row. (1984, 20 Maart). *Rand Daily Mail*: 4.
- Die Matie* gedragskode gewysig. (2001, 25 April). *Die Matie*: 2.
- Die Matie* Inligtingstuk. *Die Matie*-dokument, Universiteit van Stellenbosch, 2007.
- Die Matie* skoonveld minute ná verskyning. (2001, 23 Augustus). *Die Burger*: 2.
- Die Matie* skryf steeds vry. (1990). Redaksionele kommentaar. (1990, 19 September). *Die Matie*: 8.
- Die Persraad. (1993). Redaksionele kommentaar. (1993, 9 Maart). *Die Burger*: 10.
- Die rol van *Die Matie*. (1989). Redaksionele kommentaar. (1989, 3 Maart). *Die Matie*: 12.
- Die standpunt van die jeug. (1942). Redaksionele kommentaar. (1942, 31 Julie). *Die Matie*: 2.
- Die volledige gedragskode vir *Die Matie*, Universiteit van Stellenbosch. (1995). Bylae A, Rapport van die Uitvoerende Komitee van die Raad: Nr. 8/95, Universiteit van Stellenbosch.
- Doopskandaal in Huis Marais. (2000, 1 Maart). *Die Matie*: 1.
- Du Preez, M. (2003). *Pale Native – Memories of a renegade reporter*. Kaapstad: Zebra Press.
- Du Preez, M. (2005). *Oranje Blanje Blues. 'n Nostalgieuse trip*. *Vrye Weekblad* 88–94. Kaapstad: Zebra Press.
- Du Toit, C. (2001). SR en *Die Matie*: Die definitive liefde-haat verhouding. Rubriek. (2001, 23 Mei). *Die Matie*: 5.
- Du Toit, C. (2001). *Die Matie*: Sixty years of stirring campus shit. Rubriek. (2001, 1 Augustus). *Die Matie*: 8.
- Einde van Persraad is “vars begin”. (1996, 26 November). *Die Burger*: 2.

- Eksteen, L.C. (1997). *Pharos Groot Woordboek*. (14^{de} uitgawe). Kaapstad: Pharos Woordboeke.
- Ellis, R. (1995). Mediasirkus: Wie luister? Wie lees? Wie gee om? (1995, 25 Mei). *Die Matie*: 12
- Engela, R. (1996). Gedragskode vir *Die Matie*. (1996, 7 Maart). *Die Matie*: 7.
- Etiese kode vir *Die Matie*. (1981). Artikel V, Afdeling M, Publikasies, Grondwet van die Studenteunie, pp. 56–70. SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch.
- Fourie, M. (2001). *Die Matie* word verbrand. (2001, 1 Augustus). *Die Matie Feesuitgawe*: 3.
- Fourie, P.J. (red). (2007). *Media studies. Media history, media and society*. Volume 1. Kaapstad: Juta & Co.
- Franklin, B., Hamer, M., Hanna, M., Kinsey, M. & Richardson, J.E. (2005). *Key concepts in journalism studies*. Londen: Sage Publications.
- Froneman, J.D. (1995). *Die kommunikasie van Afrikanernasionalisme deur Stellenbosse studente, 1902-1948*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit.
- Full-frontal photo of 3 plus condom... too much. (1994, 15 Februarie). *The Citizen*: 16.
- Gerber, A., De Wet, R. & Coetzee, M. (1982). Skool- en studentekoerante. In De Beer, A. S., (red), *Joernalistiek vandag* (pp. 176–186). Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Gerber, D. (1990). Redakteurs met ontslag gedreig. (1990, 12 April). *Die Matie*: 2.
- Giffard, C.A. & Hachten, W.A. (1984). *Total onslaught – The South African Press under attack*. Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika.
- Gregory, B.S. (1999). Is small beautiful? Microhistory and the history of everyday life. In *History and Theory* Vol. 38 (pp. 100–110). Wesleyan Universiteit.
- Grobbelaar, J. (1989). 'n Verslag oor die optrede van die mediakomitee t.o.v. probleme aangaande *Die Matie*. SR-dokument, mediakomitee 1989/1990, Universiteit van Stellenbosch.
- Grondwet, prosedurereëls en gedragskode van die Suid-Afrikaanse mediaraad, 1983.
- Grondwet van die Studenteunie van die Universiteit van Stellenbosch. (1995). SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch, 30 Augustus 1995.
- Grondwet van die Studenteunie van die Universiteit van Stellenbosch. (1997). SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch, 26 Augustus 1997.
- Grondwet van die Studenteunie van die Universiteit van Stellenbosch. (2001). SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch, Mei 2001.
- Grondwet van die Studenteunie van die Universiteit van Stellenbosch. (2002). SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch, 1 September 2002.
- Grondwet van die Studenteunie van die Universiteit van Stellenbosch. (2005). SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch, 16 Mei 2005.
- Grondwet van die Studenteunie van die Universiteit van Stellenbosch. (2006). SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch, 26 Junie 2006.
- Halfeeu vir *Die Matie*. (1992, 23 April). *Die Matie*: 1.
- Havemann, R. (2000). Verslag rakende die finansiële probleme ondervind deur *Die Matie*. *Die Matie*-dokument, gerig aan die SR-lid vir media, Universiteit van Stellenbosch, 31 Maart 2000.
- Healy, P. (2007). Stop the student press: Editorial cartooning on college campuses. In *Political Science & Politics* Vol. 40 (pp. 267–270). Cambridge University Press.
- Huis Marais lê klag teen *Die Matie* ná 'doopskandaal'. (2000, 17 Mei). *Die Matie*: 2.
- Huis Marais se klag dalk gou na Mediaraad. (2000, 1 Maart). *Die Matie*: 1.
- Honey, M. (1985). Verslaggewer aangerand. (1985, 28 Februarie). *Die Matie*: 1.

- In die toekoms. (1961). Redaksionele kommentaar. (1961, 25 Mei). *Die Matie*: 3.
- Jackson, G. S. (1993). *Breaking story – The South African Press*. Colorado: Westview Press.
- Jansen van Vuuren, M. (2000). Stof het nog nie gaan lê om Huis Marais. (2000, 15 Maart). *Die Matie*: 3.
- Joubert, P. (1990). Storm om Matie-afdanking woed voort. (1990, 11 Mei). *Vrye Weekblad*: 6.
- Kempfen, W. (1995). *Die Matie*: “Dink Rewolusioner – leef gevaarlik!”. In *Stellenbosch Joernalistieke Insig 1995* (pp. 50–52). Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch, Departement Joernalistiek.
- Kenny, S. & Meiring, J. (1992). Broeder Andreas pla. Dosente versoek rektor om bond te verlaat. (1992, 6 Augustus). *Die Matie*: 4.
- Kirtley, J. (2005). Paying the Piper. In *American Journalism Review*, August/September 2005. (Elektronies onttrek op 11 Oktober 2007 vanaf http://www.ajr.org/article_printable.asp?id=3930.)
- Klimaat vir persvryheid in Suid-Afrika is nou baie beter. (1993, 30 Maart). *Die Burger*: 2.
- Klopper, H.B. (1987). *Mediareg – Vierde uitgawe*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Kloppers, J. & Du Toit, C. (2001). Insake: Die SR se verhouding met *Die Matie*. *Die Matie*-dokument, brief aan die SR-lid vir media, Universiteit van Stellenbosch, 6 April 2001.
- Kloppers, J. (2001). Die fakkels brand steeds. (2001, 1 Augustus). *Die Matie*: 1.
- Koerant het reg om te skryf. (1991). Redaksionele kommentaar. (1991, 3 Mei). *Die Matie*: 12.
- Kriel, C. (1990). Briesie van verandering. (1990, 19 September). *Die Matie*: 8.
- Lake, A. (1983). Ontevredenheid oor verhoor vir *Die Matie*. (1983, 22 Maart). *Die Vaderland*: 9.
- Lauren, O. (1995). *Censorship and the student press*. Paper presented at the annual meeting of the Speech Communication Association, November 1995, San Antonio, Verenigde State van Amerika.
- Linnington, E. (1993). SA Persraad kan klagtes nou makliker hanteer. Lesersbrief. (1993, 5 Oktober). *Die Burger*: 10.
- Linnington, E. (1994). Persraad moedig nakoming van gedragskode aan. Lesersbrief. (1994, 11 Julie). *Die Burger*: 8.
- Linnington, E. (2007). Press Ombudsman’s report for the period 1 January 2006 to 31 July 2007. (Elektronies onttrek op 16 November 2007 vanaf <http://www.ombudsman.org.za>.)
- Los diskriminasie, vra Matie-SR. (1987, 19 Februarie). *Die Burger*: 3.
- Louw, P.E. (1993). *South African Media Policy. Debates of the 1990’s*. The Natal Witness printing and publishing company: Pietermaritzburg.
- Maak seker die SR bly getrou. (1991). Redaksionele kommentaar. (1991, 5 September). *Die Matie*: 8.
- Magnusson, S. (2006). What is microhistory? (Elektronies onttrek vanaf <http://hnn.us/articles/23720.html>.)
- Malan, Y., Mouton, N. & De Kock, S. (1995). Perspektiewe en dinge. Rubriek. (1995, 14 September). *Die Matie*: 6.
- Matie-beeld in gedrang. (1983, 21 Maart). *Die Vaderland*: 5.
- ‘Matie’ editor reinstated. SRC demand apologies. (1984, 20 Maart). *The Citizen*: 21.
- Matie ‘free press row’. Editor sacked for criticising P.W.’s appointment as Chancellor. (1984, 17 Maart). *Weekend Argus*: 1.
- Matie-joernalis se appèl misluk. (1990, 28 Julie). *Die Burger*: 8.

Matie paper hits at SRC censorship. (1987, 25 Februarie). *The Citizen*: 16.

Matie-rubriekskrywer moet uit, besluit SR. (1990, 9 Mei). *Die Burger*: 8.

Matie-SR is ten gunste van oop gebiede. (1990, 22 Februarie). *Die Burger*: 3.

Matie-SR ontken rassisme-gerugte. (1993, 3 September). *Die Burger*: 7.

Maties betoog op kampus oor optrede teen koerant. (1995, 18 Oktober). *Die Burger*: 2.

Maties bots oor afdanking. (1990, 18 Mei). *Die Burger*: 13.

Maties verbrand koerant ná berig dat doop voortgaan. (1993, 20 Februarie). *Die Matie*: 2.

Maties verdeel oor hul koerant. (1983, 12 Maart). *Die Vaderland*: 3.

Maties verwerp monster-mosie. (1985, 21 Maart). *Die Matie*: 1.

McQuail, D. (2000). *McQuail's Mass Communication Theory*. Londen: Sage Publications.

McQuail, D. (2005). *McQuail's Mass Communication Theory*. Londen: Sage Publications.

Mediaraad dáárom 'n oorwinning. (2000). Redaksionele kommentaar. (2000, 23 Augustus). *Die Matie*: 6.

Mediaraad sit gou oor Marais-klag. (2000, 2 Augustus). *Die Matie*: 4.

Mediareglement. (2002). SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch.

Meer oor hierdie koerant. (1991). Redaksionele kommentaar. (1991, 6 Februarie). *Die Matie*: 6.

MFM 92.6 grondwet. (2005). MFM-dokument, Universiteit van Stellenbosch, 5 April 2005.

Monster nie nou die regte optrede. (1985). Redaksionele kommentaar. (1985, 13 Maart). *Die Matie*: 1.

Monster-uitslag is oorwinning vir redelikheid. (1985). Redaksionele kommentaar. (1985, 21 Maart). *Die Matie*: 6.

Mosie teen *Die Matie* verwerp. (1985, 14 Maart). *Die Burger*: 1.

Mosie van SR tugtig skrywer. (1993, 4 Maart). *Die Matie*: 2.

Motivering vir wysigings aan die studenteunie-grondwet. Ongedateerde SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch.³⁴

Mouton, J. (2001). *How to succeed in your Master's & Doctoral Studies*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Naakfoto in Matie: redaksie kry 'opgeskorte vonnis'. (1994, 21 Februarie). *Die Burger*: 2.

Naudé, D. (1990). Uitgesproke Tina moet waai... maar die SR steun vryheid van spraak. (1990, 13 Mei). *Rapport*: 7.

Nel, T. (1994). Stellenbosch se kaalnaelers het Maties op hol. (1994, 12 Februarie). *Die Burger*: 1.

Notule van die vergadering van die universiteitsraad gehou in die raadskamer op 20 November 1995 om 14:00. (1995). Raadsdokument, Universiteit van Stellenbosch.

Notule van die MFM-dagbestuursvergadering soos gehou op Woensdag 2 Mei 2001 om 14:00 in die kantoor van die hoofdirekteur: studentesake. (2001). MFM-dokument, Universiteit van Stellenbosch.

Notule van die MFM 92.6 stereo beheerraadsvergadering soos gehou op 7 Junie 2001 om 14:00 in die SR-raadsaal. (2001). MFM-dokument, Universiteit van Stellenbosch.

³⁴ Dié ongedateerde dokument is in die SR-kantoor gevind, maar aangesien die nuwe studenteunie-grondwet in 2001 in werking getree het, en 'n berig op 1 Augustus 2001 in *Die Matie* verskyn het wat min of meer dié dokument opsom, sou hierdie dokument in 2001 geskryf gewees het. Die skrywer is waarskynlik Danie Smit wat ook die betrokke berig in *Die Matie* geskryf het en die voorsitter was van die Grondwetlike Hersieningskomitee.

Notule van die eerste Finansiële Oorsigkomitee-vergadering van *Die Matie* studentekoerant gehou op 6 Maart 2003 om 15:00 in die SR-raadsaal. (2003). *Die Matie*-dokument, Universiteit van Stellenbosch.

Notule van die tweede Finansiële Oorsigkomitee-vergadering van *Die Matie* studentekoerant gehou op 29 April 2003 om 09:00 in die SR-raadsaal. (2003). *Die Matie*-dokument, Universiteit van Stellenbosch.

Notule van die derde Finansiële Oorsigkomitee-vergadering van *Die Matie* studentekoerant gehou op 18 September 2003 om 09:00 in die SR-raadsaal. (2003). *Die Matie*-dokument, Universiteit van Stellenbosch.

Notule van die vierde Finansiële Oorsigkomitee-vergadering van *Die Matie* studentekoerant gehou op 16 Maart 2004 om 09:00 in die SR-raadsaal. (2004). *Die Matie*-dokument, Universiteit van Stellenbosch.

Notule van die tiende Finansiële Oorsigkomitee-vergadering van *Die Matie* studentekoerant gehou op 23 Oktober 2006 om 11:00 in die SR-raadsaal. (2006). *Die Matie*-dokument, Universiteit van Stellenbosch.

Nuwe medialiggaam vir SA gestig. (1996, 21 Oktober). *Die Burger*: 2.

Ochs, M. (1986). *The African Press*. Egipte: The American University in Cairo Press.

Oettinger, L. (1995). *Censorship and the student press*. Paper presented at the annual meeting of the Speech Communication Association, 21 November 1995, San Antonio.

Ons poging. (1941). Redaksionele kommentaar. (1941, 1 Augustus). *Die Matie*: 2.

Oosthuizen, A. (1981). Krisis dreig in leierskap. (1981, 6 Augustus). *Die Matie*: 10.

Oud-redakteurs maak verklaring oor *Die Matie*. Persverklaring deur oud-redakteurs van *Die Matie* [op] 12 Maart 1985. (1985, 13 Maart). *Die Matie*: 8.

Oud-redakteurs praat oor *Matie* se rol op kampus. (1985, 13 Maart). *Die Matie*: 9.

Perswette onder loep geneem. (1994, 10 Junie). *Die Burger*: 6.

Picard, R. & Brody, J. (1997). *The Newspaper Publishing Industry*. Boston: Allyn and Bacon.

Pienaar, D. & Burger, R. (1996). *Die Matie* in die weegskaal: Waarheen nou? (1996, 2 Mei). *Die Matie*: 12.

Pienaar, J. (1995). US-dosente kap rektor oor *Matie*. (1995, 13 Oktober). *Die Burger*: 3.

Pienaar, J. (1998). Vroue neem oor in Stellenbosch se studenteraad. (1998, 3 September). *Die Burger*: 9.

Publiek kan nou kla by media-ombudsman. (1997, 28 Junie). *Die Burger*: 7.

Raad beslis oor Huis Marais, *Die Matie*. (2000, 23 Augustus). *Die Matie*: 1.

Rabbets, S. (1983). Vrou aan roer by *Die Matie*. (1983, 15 September). *Die Burger*: 15.

Rapport van die uitvoerende komitee van die raad: nr. 8/95. (1995). Raadsdokument, Universiteit van Stellenbosch, 7 Desember 1995.

Rademeyer, P. (2002). Media en Bemaking – Jaarverslag 2001/2002. SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch.

Rawson, T., Pienaar, D. & Burger, R. (1995). Hoe vry behoort die pers te wees? (1995, 12 Oktober). *Die Matie*: 9.

Redaksioneel. (1995). Redaksionele kommentaar. (1995, 12 Oktober). *Die Matie*: 7.

Redaksionele kode vir *Die Matie*. (1986). In *Reglemente van die studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch* (pp. 90–91), SR-dokument, 1986.

Regte stappe nie gevolg. (1994). Redaksionele kommentaar. (1994, 24 Februarie). *Die Matie*: 6.

- Regstappe volg dalk teen Matie se lede. (1995, 19 September). *Die Burger*: 9.
- Republiekfees in stadsaal. (1961, 25 Mei). *Die Matie*: 1.
- Retief, J. (2001). Herposisionering van MFM, *Die Matie*. Verslag aan MFM-beheerraad, Universiteit van Stellenbosch, 1 Junie 2001.
- Retief, J. (2002). *Media ethics. An introduction to responsible journalism*. Kaapstad: Oxford University Press.
- Ries, A. & Dommissie, E. (1990). *Leierstryd. Die dramas rondom die uittrede van pres. P.W. Botha*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Severin, W.K. & Tankard, J.W. (1992). *Communication Theories: Origins, methodes, and uses in the mass media*. New York: Longman.
- Smit, D. (2001). Nuwe grondwet vir studente voorgestel. (2001, 7 – 13 Augustus). *Die Matie* verkiesingsuitgawe: 7.
- Smit, R. (1989). Matie julle een voor. Lesersbrief. (1989, 27 Januarie). *Vrye Weekblad*: 12.
- Sole, S. (1990). The Matie rebel with a cause. (1990, 13 Mei). *The Sunday Star*: 3.
- SR dank Tina du Toit af. (1990, 10 Mei). *Die Matie*: 2.
- SR kap US se 'magsmisbruik' teen *Die Matie*. (1995, 22 September). *Die Burger*: 10.
- SR ontevrede oor koerant. (1990, 26 April). *Die Matie*: 2.
- Steenveld, L. (2004). Transforming the media: A cultural approach. In *Critical Arts Vol. 18* (pp. 92–115). Unisa Press.
- Stellenbosch moet bou aan visie vir toekoms. (1985, 5 September). *Die Matie*: 10.
- Studentekoerant word verwelkom. (1941, 1 Augustus). *Die Matie*: 1.
- Swiegers, L. (2001). SR-lede se houding kniehalter samewerking. Lesersbrief. (2001, 9 Mei). *Die Matie*: 9.
- Szjártó István. (2002). Four arguments for microhistory. In *Rethinking History* (pp. 209–215).
- 'n Terugblik. (1945). Redaksionele kommentaar. (1945, 3 Augustus). *Die Matie*: 2.
- The challenges facing student media – and their advisors. (2004, 15 September). In *National On-Campus Report Volume 32, Number 18* (pp. 1–3).
- The Media. In Burger, D. (red.), *South Africa Yearbook 2007/2008* (pp. 119–133). (15^{de} uitgawe). Pretoria: GCIS.
- Thiel, G. (1996a). Ernstige geldtekort bedreig *Die Matie* se voortbestaan. (1996, 6 April). *Die Burger*: 4.
- Thiel, G. (1996b). US, redaksie van Matie gooi verwyte oor skuldlas. (1996, 4 Mei). *Die Burger*: 3.
- Thom, H.B. (1966). Toekomsblik. In H.B. Thom (red.), *Stellenbosch 1866 – 1966: Honderd jaar hoër onderwys* (pp.553–563). Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.
- Toespraak deur adjunkpres. F.W. de Klerk, openbare vergadering, Universiteit van Stellenbosch, 31 Julie 1995. (Elektronies onttrek op 21 September 2007 vanaf <http://www.info.gov.za/speeches/1995/190995000.htm>.)
- Toespraak deur pres. Nelson Mandela by die geleentheid ter ontvangs van 'n ere-graad van die Universiteit van Stellenbosch, 25 Oktober 1996. (Elektronies onttrek op 21 September 2007 vanaf <http://www.anc.org.za/ancdocs/history/mandela/1996/sp1025.html>.)
- Tyson, H. (1993). *Editors under fire*. Sandton: Random House.
- US het vrye pers nodig. (1990). Redaksionele kommentaar. (1990, 26 April). *Die Matie*: 8.
- US stuit *Die Matie* 'weens geldtekort'. (1996, 2 Mei). *Die Burger*: 1.

- Van Breda, Y. (1993). Maties hurl eggs, set fire to paper. *The Cape Times*: 3.
- Van Rooyen, J.C.W. (1987). *Censorship in South Africa*. Kaapstad: Juta & Co.
- Van Wyk, A. (1996). Tannie Heks jaag bloeddruk op. (1996, 6 Augustus). *Die Matie*: 3.
- Venter, E. (1990). SR dank Tina du Toit af. (1990, 10 Mei). *Die Matie*: 2.
- Verantwoordelikheid van die waghond. (2000). Redaksionele kommentaar. (2000, 17 Mei). *Die Matie*: 6.
- Verslag van die ad hoc-komitee [Butler-komitee] insake *Die Matie*. (1995). Raadsdokument, Universiteit van Stellenbosch, 5 Desember 1995.
- Vonke spat oor *Die Matie* se afgedankte Tina. (1990, 16 Mei). *Die Burger*: 4.
- Vosloo, T. (1982). Die redakteur – kaptein van die skip. In De Beer, A. S., (red), *Joernalistiek vandag* (pp. 12–24). Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Vrou voer eerste keer Matie-SR aan. (1991, 30 Augustus). *Die Burger*: 9.
- Vrye pers noodsaaklik. (1989). Redaksionele kommentaar. (1989, 10 Augustus). *Die Matie*: 10.
- Wasserman, H. & De Beer, A. (2005). Which public? Whose interest? The South African media and its role during the first ten years of democracy. In *Critical Arts Vol. 19* (pp. 36–51). Unisa Press.
- Watson, J. & Hill, A. (2003). *Dictionary of media and communication studies*. Londen: Arnold Publishers.
- Wet op Elektroniese Kommunikasie van 2005. *Staatskoerant*, 18 April 2006.
- Wiggett, D. (1998). SR keur mediareglement oplaas goed. (1998, 5 Augustus). *Die Matie*: 3.
- Wiggett, D. (1999). 'Begin van era' vir US. (1999, 13 Oktober). *Die Matie*: 2.
- Wilson, J. (1996). *Understanding journalism – a guide to issues*. Londen: Routledge.
- Wimmer, R.D. & Dominick, J.S. (1997). *Mass media research. An introduction*. (5th ed.). Kalifornië: Wadsworth Publishing.
- Woonplek en dans krap aan Maties. (1979, 20 Mei). *Rapport*: 1.

Persoonlike kommunikasie aan outeur/Onderhoude

- Basson, A. (2002). Redakteur 2001/2002. Persoonlike e-pos op 7 Augustus 2002.
- Ehlers, K. (2007). SR-voorsitter 2006/2007. Persoonlike e-pos op 21 September 2007.
- Ehlers, K. (2007). SR-voorsitter 2006/2007. Persoonlike onderhoud op 5 Oktober 2007.
- Kotzé, R. (2007). Waarnemende studentedekaan. Persoonlike onderhoud op 10 Oktober 2007.
- Pretorius, W. (2005). SR-lid vir media 1993/1994. Persoonlike e-pos op 12 Mei 2005.
- Van Tiddens, J. (2002). Redakteur 2002/2003. Persoonlike e-pos op 9 Augustus 2002.

Elektroniese koerantargiewe

- Die Burger*: <http://www.koerantargiewe.media24.com/cgi-bin/dieburger.cgi>
- Die Matie*: <http://www0.sun.ac.za/diematie/archive.php>

Addendum A

Etiese kode vir *Die Matie* – 1981

Die vryheid van die pers is onafskeidbaar van en onderhewig aan dieselfde regs- en morele beperkings as dié van die individu en berus op die publiek se fundamentele reg om ingelig te word. In die lig hiervan behoort *Die Matie* alle nuus getrou, korrek en, sover moontlik, objektief weer te gee oor sake op die kampus, in die inter-universitêre toneel en ander nuuswaardighede. Verder impliseer dit dat kommentaar of kritiek billik en eerlik behoort te wees.

Nuus

- (a) Dit is die prerogatief van die hoofredakteur om oor die nuuswaardigheid van gebeure te besluit, met dien verstande dat hy ingevolge die reglement verplig is om enige geskrewe stuk wat deur 'n SR-lid aan hom voorgelê is wat oor aktiwiteite van die Raad handel, te plaas.
- (b) Nuus moet in die juiste verband en gebalanseerd aangebied word en vry van verdraaiing, oordrywing, wanvoorstelling of wesenlike weglatings wees.
- (c) Daar word van alle partye verwag om in gedagte te hou dat bostaande reël ruimte laat vir 'n wye interpretasie.
- (d) Indien dit prakties moontlik is, word verwag dat berigte voor publikasie deeglik gekontroleer sal word, ten einde die juistheid daarvan te verseker.
- (e) Waar dit agterna sou blyk dat onjuiste feite weergegee is, moet dit in 'n uitgawe sonder versuim en prominent reggestel word.

Kommentaar

- (a) Kommentaar moet eerlik en billik wees en berus op die evaluasie van 'n betrokke situasie deur die hoofredakteur.
- (b) Dit is die voorreg van die hoofredakteur om sy standpunte bekend te stel, maar daar moet voldoende ruimte gelaat word (verkieslik in meer as die briewekolomme) om verskillende standpunte gestel te laat word.
- (c) *Die Matie* mag dus nie misbruik word nie, alhoewel dit net logies is dat sekere groepe of individue op die kampus soms te na gekom sal voel, maar ondervinding het geleer dat dit dikwels die geval is wanneer sodanige groepe of individue tereggewys is, en dat hulle in hulle reaksie nie die eerlikheid en billikheid van kritiek raaksien nie. Besondere diskresie word dus verwag wanneer *Die Matie* se optrede in dié verband beoordeel word.
- (d) Wanneer kommentaar gelewer word, moet dit só aangedui word en, met die uitsondering van die hoofartikel, word verwag dat die skrywer se naam by 'n subjektiewe berig geplaas word.

- (e) Enige kommentaar wat gelewer word, moet aangebied word met deeglike inagnome van alle relevante feite en waarna redelik verwys word.
- (f) Die “waghond-funksie” van *Die Matie* ten opsigte van die SR en die studenteunie, moet gerespekteer word.

Opskrifte

Opskrifte en foto-byskrifte moet 'n redelike aanduiding van die inhoud van die betrokke berig of foto gee.

Die goeie sedes

- (a) *Die Matie* aanvaar die Christelike norme soos afgelei van die Woord van God as sentrale maatstaf.
- (b) Die publikasie van onwelvoeglike en wellustige stof, met inbegrip van foto's, moet vermy word.

Politiek

- (a) *Die Matie* moet los staan van party-politiek. Dit beteken nie dat geen berigte daarvoor mag verskyn nie.
- (b) Politieke artikels moet aansluiting vind by die mosie op die monstervergadering van 1 Mei 1978 oor die SR se politieke rol. Met ander woorde indringende, kritiese artikels oor die landspolitiek word as deel van *Die Matie* se werksveld beskou.
- (c) Die veiligheid van die Staat moet nie bedreig word nie, maar onderskeid tussen staatsveiligheid en die politieke veiligheid van 'n regerende party, moet in berekening gebring word.
- (d) Groot verantwoordelikheid word van die redakteur vereis in sake artikels of berigte wat die etniese-, godsdienstige- of kulturele- veranderinge op Stellenbosch en in Suid-Afrika kan beïnvloed.

Klagtes

Die prosedure vir die lê van klagtes teen *Die Matie* word in die reglement uiteengesit.

Bron: Etiese kode vir *Die Matie*. (1981). Artikel V, Afdeling M, Publikasies, Grondwet van die Studenteunie, pp. 56–70. SR-dokument, Universiteit van Stellenbosch.

Addendum B

Redaksionele kode vir *Die Matie* – 1986

2. *Die Matie*

2.1 Naam en omskrywing

2.1.1 Die naam van hierdie blad is *Die Matie*.

2.1.2 Dit is 'n tweeweeklikse studentekoerant, uitgegee onder beskerming van die Studenteraad.

2.2 Doelstelling

Die blad is die mondstuk van die studenteparlement, die Studenteraad en die Studenteunie en publiseer nuus en artikels oor sake wat vir sy lesers van belang is.

[...]

2.4 Verpligte nuusdekking

Alle SR-bedrywighede moet billike nuusdekking in *Die Matie* kry. *Die Matie* moet by elke vergadering van die SR teenwoordig wees, indien enigsins moontlik deur die Aktuele Redakteur.

[...]

2.15 Redaksionele kode van *Die Matie*

2.15.1 Die vryheid van die pers is onafskeidbaar van en onderhewig aan dieselfde geregtelike en morele beperkinge as die van die individu en berus op die publiek se fundamentele reg om ingelig te word.

2.15.2 In die lig hiervan, streef *Die Matie* daarna om alle nuus ewewigtig, korrek en objektief weer te gee,

2.15.3 en in sy kommentaar, al is dit ook sterk krities, steeds billik te bly en kennis te neem van die volle standpunte van diegene met wie hy verskil,

2.15.4 en kommentaar moet in die openbare belang en relevant wees en gebaseer op gekontroleerde feite.

2.15.5 *Die Matie* wil die ope gesprek onder sy lesers stimuleer en sal dus redelike ruimte afstaan aan botsende beskouings oor wesenlike sake.

- 2.15.6 Dit beteken egter nie dat *Die Matie* stof sal plaas wat na die redaksie se mening die goeie sedes van die gemeenskap ondermyn of aanstootlik is of mense op grond van hul geloof of ras aanstoot gee nie.
- 2.15.7 *Die Matie* sal hom nie laat misbruik om net die belange van sekere groepe in sy gemeenskap te dien nie,
- 2.15.8 en hoewel hy steeds los sal staan van 'n politieke groep, sal hy indringende, ontledende artikels oor die breë landspoliteiek steeds as deel van sy opdrag beskou.
- 2.15.9 *Die Matie* sal, waar dit prakties moontlik is, steeds die akkuraatheid van die feite in sy berigte kontroleer,
- 2.15.10 en as agterna sou blyk dit skadelik onjuisthede tog ingesluit het, sal dit sonder versuim en met billike prominensie reggestel word.
- 2.15.11 In die plasing van briewe en ander stof waarin menings uitgespreek word, sal *Die Matie* daarna streef om 'n omvattende verskeidenheid van menings te akkommodeer.
- 2.15.12 *Die Matie* aanvaar dat dit soms onrealisties sou wees om by sulke stukke die werklike naam van die skrywer te plaas.
- 2.15.13 In stukke wat onder 'n skuilnaam geplaas word, sal ekstra sorg gedra word dat dit om beginsels en standpunte gaan en nie kwetsende aanmerkings teen individue bevat nie.

Bron: Redaksionele kode vir *Die Matie*. (1986). In *Reglemente van die studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch* (pp. 90–91), SR-dokument, 1986.

Addendum C

Die volledige gedragskode vir *Die Matie*

Hierdie gedragskode gee uitvoering aan die volle ondersteuning van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch en die Studenteraad vir die beginsel van persvryheid ten opsigte van amptelike studentepublikasies en die wisseling van menings deur middel van sodanige publikasies op 'n wyse kenmerkend van 'n universiteitsgemeenskap en die tradisies van die Universiteit van Stellenbosch. Hierdie gedragskode erken egter dat die Universiteit uiteindelik regtens en finansiëel verantwoordelik is vir wat in Die Matie verskyn en alhoewel die Raad so min moontlik inbreuk wil maak op redaksionele onafhanklikheid, is die Raad regtens verplig om die finansiële belange en die goeie naam van die Universiteit van Stellenbosch te beskerm.

1. Inhoud

Verantwoordelikheid

- 1.1 Onderworpe aan hierdie paragraaf van die Gedragskode, geniet *Die Matie* dieselfde persvryheid as die pers in die algemeen.
- 1.1.2 Die persvryheid van *Die Matie* is onafskeidbaar van en onderhewig aan dieselfde geregtelike en morele beperkinge as die reg van die individu op vryheid van uitdrukking en berus op die publiek se fundamentele reg om ingelig te word en om menings vrylik te ontvang en te wissel.
- 1.1.3 Die bepalinge van paragraaf 1 van hierdie gedragskode, ten opsigte van *Die Matie*, geld *mutatis mutandis* vir alle redaksielede.
- 1.2 Ten uitvoering van paragraaf 1.1, streef *Die Matie* daarna om nuus op 'n ewewigtige, akkurate, eerlike en objektiewe wyse te rapporteer.
- 1.3 *Die Matie* moet, in soverre as wat dit moontlik is, alle kante van 'n saak rapporteer
 - (d) met gebalanseerde aanbieding
 - (e) sonder bevooroordeeldheid
 - (f) sonder verdraaiing van die beskikbare feite deur opsetlike beklemtoning of weglating.
- 1.3.2 In die hantering van omstrede onderwerpe sal *Die Matie* elke moontlike poging aanwend om alle kante van die saak te stel, indien nie gelyktydig nie, dan tog in latere uitgawes.
- 1.4 *Die Matie* moet in alle kommentaar die openbare belang van Stellenbosch studentegemeenskap dien, met volle inagneming van die standpunte van diegene met wie daar verskil word. Hierdie kommentaar moet relevant en op gekontroleerde feite gebaseer wees.
- 1.5 *Die Matie* wil ope gesprek onder die lesers stimuleer en sal dus redelike ruimtes afstaan aan botsende beskouings oor wesenlike sake. In hierdie opsig sal *Die Matie* 'n duidelike forum van die Stellenbosch Studentegemeenskap en breë Matiepubliek vir die uitruiling van idees en kommentaar wees, insluitende kommentaar wat met *Die Matie* se eie menings bots.
- 1.6 *Die Matie* het 'n verantwoordelikheid om rassesamewerking aan te moedig en 'n gebalanseerde redaksionele beleid wat tot voordeel van alle bevolkingsgroepe is, te handhaaf. *Die Matie* en die redaksie sal hulle dus nie laat misbruik om net die belange van sekere groepe in die gemeenskap te dien nie.
- 1.6.2 *Die Matie* moet behoorlike omsigtigheid toepas ten opsigte van onderwerpe in verband met godsdienstige of kulturele sake wat vyandigheid kan veroorsaak of aanstoot gee.

- 1.6.3 Die identiteit van die slagoffers van verkragting en ander gevalle van seksuele geweld sal nie sonder die toestemming van die slagoffer gepubliseer mag word nie.
- 1.6.4 Berigte, foto's of sketse, wat sake met betrekking tot onweloweglikheid of obseniteit raak, moet met behoorlike gevoeligheid hanteer word.
- 1.7 Hoewel *Die Matie* steeds los staan van enige bepaalde politieke groepe, verhoed dit die redaksie nie om indringende, ontledende artikels oor die breë lands- en streekspolitek te plaas nie.
- 1.8 Alhoewel *Die Matie* die reg om onafhanklike en regmatige kritiek te publiseer, kan uitoefen, moet *Die Matie* die goeie naam van die Universiteit behoorlik in ag neem en, in die besonder, nie opsetlik en kwaadwillig poog om die goeie naam van die Universiteit te beskadig nie.
- 1.9 In die plasing van briewe en ander meningskolomme, sal *Die Matie* daarna streef om 'n omvattende verskeidenheid van menings te akkommodeer. *Die Matie* aanvaar dat dit soms onrealisties sou wees om by sulke stukke die werklike naam van die skrywer te plaas. In stukke wat onder 'n skuilnaam gepubliseer word, sal ekstra sorg gedra word dat dit om beginsels en standpunte gaan en nie om kwetsende aanmerkings teen individue bevat nie. Die naam of die identiteit van die skrywer van 'n stuk, wat onder 'n skuilnaam geplaas word, moet aan die redaksie bekend wees.
- 1.10 Kommentaar moet duidelik deur middel van tipografiese ordening of aanduiding onderskei word van nuus.

Akkuraatheid

- 1.11 *Die Matie* moet, waar dit prakties moontlik is,
- Nuusbronne bekend maak, behalwe as daar 'n duidelike rede is om dit nie te doen nie;
 - Feite behoorlik kontroleer;
 - Sonder versuim skadelike onjuisthede met billike prominensie erken en regstel.
- 1.11.2 *Die Matie* pleeg nie plagiaat nie en behoorlike erkenning moet dus waar toepaslik aan die betrokke bron verleen word.
- 1.11.3 Berigte van 'n tegniese of vakwetenskaplike aard moet, indien moontlik, ook wat taalkorrektheid betref, altyd gekontroleer word.

Eerlikheid

- 1.12.1 *Die Matie* en die redaksie moet vry wees van verpligtinge (hetsy finansieel of andersins) teenoor
- nuusbronne; en
 - spesiale belange- en/of drukgroepe.
- 1.12.2 Selfs die blote skyn van 'n verpligtig of botsende belange moet vermy word.
- 1.13.1 *Die Matie* of die redaksielede mag nie enige geskenk of diens van waarde in stryd met par. 1.12.1 ontvang nie.
- 1.13.2 Enige ongevraagde geskenk moet aan die skenker terugbesorg word. Hierdie reël kan aan die skenker meegedeel word om enige suggestie van onbehoorlikheid te vermy.
- 1.13.3 Alle redaksielede moet spesiale gunste en behandeling van die hand wys wat gesien sou kon word as 'n verpligting teenoor die nuusbron of bedoel kan wees om hul hantering van nuus te beïnvloed.
- 1.14.1 Waar botsende belange, of die moontlikheid daarvan ter sprake is, moet redaksielede van *Die Matie* hulle weerhou van betrokkenheid by die hantering van nuus.
- 1.14.2 Enige finansiële, sosiale, politieke of ander persoonlike belang of aktiwiteit van redaksielede wat kan dui op botsende belange, moet op skrif aan die Redakteur van *Die Matie* verklaar word.

- 1.15 Redaksielede mag nie inligting wat in die loop van hulle pligte bekom word vir eie gewin gebruik voordat die inligting aan die publiek bekend word nie.

2. Mediaraad

- 2.1 Hierdie gedragskode word deur 'n Mediaraad afgedwing.
- 2.2 Die Mediaraad bestaan uit vyf lede:
- (a) die voorsitter van die Departement Joernalistiek (*ex officio*);
 - (b) die voorsitter van die Studentehof (*ex officio*);
 - (c) 'n professor van die Fakulteit Regsgeleerdheid, aangewys deur die dekaan van daardie fakulteit, vir 'n termyn van drie jaar;
 - (d) 'n senior student in joernalistiek wat jaarliks deur die Studenteraad, in oorleg met die voorsitter van Departement Joernalistiek, aangewys word, met dien verstande dat sodanige student nie 'n lid van die Studenteraad of 'n dienende lid van *Die Matie* se redaksie mag wees nie;
 - (e) 'n studentevertegenwoordiger, met kundigheid oor die mediawese, wat jaarliks deur die Studenteraad aangewys word, met dien verstande dat sodanige persoon nie 'n student hoef te wees nie, en nie 'n lid van die Studenteraad of 'n dienende lid van *Die Matie* se redaksie mag wees nie.
- 2.3 Die voorsitter word deur die mediaraad aangewys, met dien verstande dat die voorsitter een van die lede na wie in par. 2.2(a) verwys word, of die sekondus van sodanige lid, moet wees.
- 2.4 'n Kworum by 'n vergadering van die Mediaraad bestaan uit vyf lede, met dien verstande dat indien slegs een lid of sy sekondus sonder geldige verskoning nie binne 15 minute na die aanvangstyd van 'n vergadering, waarvan kennis behoorlik aan die lede gegee is, aanwesig is nie, die aanwesige lede 'n kworum sal vorm.
- 2.4.1 'n Sekondus moet ook aangewys word by die aanwys van 'n lid na wie in par. 2.2 (c), (d) of (e) verwys word,.
- 2.4.2 In die afwesigheid van die lid na wie in par. 2.2 (a) verwys word, sal die persoon wat tydelik aangewys is om sodanige lid se doseerpligte te behartig, in die lid se plek optree.
- 2.4.3 In die afwesigheid van die lid na wie in par. 2.2 (b) verwys word, sal nog 'n lid van die Studentehof aangewys deur die Dekaan van die fakulteit Regsgeleerdheid, in sodanige lid se plek optree.
- 2.5 By die uitvoering van alle pligte as lid van die Mediaraad moet elke lid altyd onafhanklik en onpartydig optree.

3. Klagteprosedure

- 3.1 'n Persoon wat 'n klag teen 'n studentepublikasie het, moet sodanige klag skriftelik by die SR-lid vir Media indien, wat die klag voorlopig ondersoek in oorleg met die ondersoekbeampte, aangewys ingevolge par. 3.2.
- 3.2 Die ondersoekbeampte is 'n regsdosent aangewys deur die Dekaan van die fakulteit Regsgeleerdheid, met dien verstande dat indien sodanige dosent van oordeel is dat die klag net studentebelange betrek en van 'n minder ernstige aard is, die dosent die ondersoek kan delegeer aan 'n regsstudent uit 'n paneel van drie wat jaarliks deur die Dekaan van die Fakulteit regsgeleerdheid aangewys word. Sodanige student word daarna vir doeleindes van hierdie reglement geag om die ondersoekbeampte te wees. Die Student op die paneel mag nie lede van die Studentehof, die Studenteraad of *Die Matie* se radaksie wees nie.
- 3.3 Die skriftelike klag moet volledige besonderhede bevat en vermeld of die redakteur van die publikasie gevra is om verskoning aan te teken en, indien wel, hoe die redakteur op die versoek gereageer het.

- 3.4 Tydens die voorlopige ondersoek moet albei kante van die saak ondersoek word en vir hierdie doel kan die SR-lid vir Media en die ondersoekbeampte met enige iemand oorleg pleeg of inligting van enige iemand inwin, met inbegrip van enige verslaggewer of redaksielid teen wie 'n klag ondersoek word.
- 3.5 Indien dit vir die SR-lid vir Media, in oorleg met die ondersoekbeampte, na afloop van die voorlopige ondersoek voorkom asof die aangeleentheid na die Mediaraad verwys moet word, word 'n skriftelike kennisgewing opgestel wat die volgende inligting moet bevat: die volledige aanklag; die plek en tyd van verhoor ; die aangeklaagde(s) se reg op die bystand ingevolge par. 4.2; en die bevoegdheid van die Mediaraad ingevolge par. 4.1 om die verhoor in die aangeklaagde se afwesigheid voort te sit.
- 3.6 Die skriftelike kennisgewing moet minstens vier dae voor die verhoor aan die aangeklaagde persoonlik gelewer word of per geregistreerde pos gestuur word na die aangeklaagde se adres wat op die studenteregistrasievorm verskyn. In laasgenoede geval word die kennisgewing geag afgelewer te word op die derde dag nadat dit gepos is.

4. Die verhoor

- 4.1 Indien 'n aangeklaagde, nadat 'n kennisgewing ingevolge par. 3.5 afgelewer is, versuim om die verhoor by te woon sonder dat vooraf aan die voorsitter van die Mediaraad 'n gegronde en genoegsame rede vir daardie versuim aangevoer is, kan die verhoor in die aangeklaagde se afwesigheid voortgaan.
- 4.2 Tydens die verhoor asook by enige appèl ingevolge par. 6, is 'n aangeklaagde geregtig op bystand of verteenwoordiging deur 'n senior regsstudent of regsdosent.
- 4.3 Tydens die verhoor of enige appèl ingevolge par. 6 sal die ondersoekbeampte as *pro forma* aanklaer optree.
- 4.4 Tensy die Mediaraad in die lig van besondere omstandighede besluit dat die verrigtinge of 'n gedeelte daarvan *in camera* moet plaasvind, is die verhoor oop vir die publiek en moet die Mediaraad kennis gee van die saak en die verhoordatum deur een kennisgewing in die Ou Hoofgebou en een by die Studenteraadskantoor aan te bring.
- 4.5 Behoudens die bepalings van hierdie reglement en die beginsels van die natuurlike geregtigheid, word die prosedure wat voor en tydens 'n bepaalde verhoor gevolg word deur die Mediaraad gereël op 'n wyse wat hy dienstig ag.
- 4.6 Beslissings word deur die Mediaraad met 'n meerderheidstem geneem, met dien verstande dat indien 'n meerderheid oor 'n prosedurevraag nie verkry kan word nie, die beslissing van die voorsitter geld. Die uitspraak van die Mediaraad ten opsigte van 'n aanklag kan mondelings gelewer word, maar indien wel moet dit binne sewe dae na lewering skriftelik bevestig word. Die skriftelike uitspraak moet deur al die lede onderteken word, met dien verstande dat 'n lid wat weier om die meerderheidsuitspraak te onderteken 'n minderheidsuitspraak moet skryf en onderteken.

5. Sanksies

- 5.1 Indien die Mediaraad bevind dat 'n klag regverdig is, en na oorweging van betoë van die *pro forma* aanklaer en die aangeklaagde(s), kan die Mediaraad een of meer van die volgende sanksies toepas:
 - (a) die publikasie van 'n gepaste verskoning;
 - (b) 'n verbod op verdere publikasie vir hoogstens drie uitgawes;
 - (c) die afdanking van die aangeklaagde uit die redaksionele pos of skorsing vir 'n bepaalde tydperk;
 - (d) 'n geldboete van hoogstens R1 000 welke bedrag aan Gemeenskapsdiens oorbetaal sal word;

- (e) die verbeuring van enige honorarium of 'n gedeelte daarvan wat aan lede van die redaksie betaal word.
- 5.2 Die toepassing van die sanksies in par. 5.1 (b), (c) en (d) genoem, kan op bepaalde voorwaardes opgeskort word.
- 5.3 Behalwe die bevoegdhede ingevolge par. 5.1 en 5.2, kan die Mediaraad die publikasie van 'n regstellende berig las.
- 5.4 Publikasie van die Mediaraad se beslissing oor 'n klag, en, waar toepaslik, die betrokke sanksie, sal geskied op 'n wyse wat die Mediaraad goedvind.

6. Appèl en hersiening

- 6.1 'n Aangeklaagde of die *pro forma* aanklaer (na oorleg met die klaer) kan teen 'n uitspraak van die Mediaraad ingevolge hierdie artikel, met inbegrip van die betrokke sanksie, appelleer deur binne veertien dae na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van appèl by die kantoor van die Dekaan van die fakulteit Regsgeleerdheid in te dien. Die kennisgewing moet die omvang en gronde van appèl volledig uiteensit.
- 6.2 Vir die doeleindes van par. 6.1 word die afskrif van die uitspraak geag om op die derde dag nadat dit gepos is, ontvang te word.
- 6.3 Die appèl word verhoor deur 'n Appèlkomitee wat uit drie lede bestaan. Die Appèl is 'n *ad hoc*-komitee wat aangewys word deur 'n keurkomitee bestaande uit die dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid (voorsitter), die voorsitter van die Universiteitsraad of die sekundus en die voorsitter van die Studenteraad of die sekundus. Die keurkomitee moet alle besluite oor die samestelling van die Appèlkomitee deur konsensus bereik, met dien verstande dat indien die onvermoë om konsensus te bereik, volgens die oordeel van die voorsitter van die keurkomitee, die aanwys van die Appèlkomitee onredelik vertraag, die voorsitter van die komitee die uitsluitlike bevoegdheid het om die Appèlkomitee aan te wys.
- 6.4 Behoudens die bepaling van hierdie Gedragskode en die beginsels van natuurlike geregtigheid, word die prosedure wat vir die afhandeling van 'n appèl gevolg moet word deur die betrokke appèlkomitee gereël op 'n wyse wat dienstig geag word. By die uitoefening van hierdie diskresie kan die appèlkomitee besluit om die appèl slegs op dokumente te beslis.
- 6.5 Die appèlkomitee kan, na oorweging van die Mediaraad se uitspraak en die klaer se kennisgewing van appèl, die Mediaraad vra om 'n aanvullende verslag te lewer. Indien wel, moet afskrifte van die verslag aan sowel die aangeklaagdes as die *pro forma* aanklaer voorsien word.
- 6.6 Die aangeklaagde en die *pro forma* aanklaer moet skriftelike kennisgewing van die prosedure wat vir die afhandeling van die appèl gebruik gaan word, ontvang. Indien 'n verhoor gaan plaasvind, moet genoemde partye veertien dae kennisgewing daarvan ontvang. Die bepalings van par. 3.6 is andersins *mutatis mutandis* van toepassing op sodanige kennisgewing.
- 6.7 Die appèlkomitee kan die uitspraak of straf van die Mediaraad in sy geheel of gedeeltelik aanvaar of verwerp of wysig en enige van die sanksies in par. 5.1 bevat, na goeddunke toepas.
- 6.8 Die bepalings van paragrawe 4.1, 4.4, 4.6, 5.3, en 5.4 van hierdie Gedragskode is *mutatis mutandis* van toepassing op die aanhoor van 'n appèl.

Bron: Die volledige gedragskode vir *Die Matie*, Universiteit van Stellenbosch. (1995). Bylae A, Rapport van die Uitvoerende Komitee van die Raad: Nr. 8/95, Universiteit van Stellenbosch.